UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ONDERSTEUNING VAN SENDELINGE DEUR DIE NG GEMEENTES IN DIE OOSTELIKE SINODE: 'N MISSIOLOGIESE BENADERING.

deur

FRANS VAN DEN BERG DU PLESSIS

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MTh (Teologie)

in die

Fakulteit Teologie

Departement Godsdiens- en sendingwetenskap

aan die

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. CJP. (Nelus) Niemandt

Pretoria

Maart 2015

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat die navorsingstudie

ONDERSTEUNING VAN SENDELINGE DEUR DIE NG GEMEENTES IN DIE OOSTELIKE SINODE: 'N MISSIOLOGIESE BENADERING.

my eie navorsing ten opsigte van bogenoemde tema verwoord en dat ek alle bronne wat ek gebruik het of aangehaal het, deur middel van volledige verwysing aangedui en erken het.

Geteken te Pretoria op 28 Februarie 2015.

_____

F.v.d.B. du Plessis

© University of Pretoria

OPDRAG

Hierdie navorsing word met baie liefde opgedra aan

almal wat my altyd ondersteun
en op wie ek kan reken
wat sonder voorbehoud
ook vir my in die hart dra.

Hulle is in besonder
my ouers
Lucas en Sandra du Plessis

my skoonouers
Theus en Elke Bracht
en

my geliefde
Antje Bracht

© University of Pretoria

VOORWOORD EN DANKBETUIGINGS

Die toegewyde ondankbare werk van sendelinge is iets wat my van ’n baie jong ouderdom af gefassineer het. Sendelinge is geroep vir ’n lewe van harde werk, geestelike en fisiese uitdagings en opofferings wat dikwels vir ons nie eers sin maak nie. Dat sendelinge lewe in totale afhanklikheid van God, laat my dikwels in verwondering staan oor die vertroue wat hulle in God plaas. Die lewenstyl het dadelik vrae by my laat opkom oor KONINKRYK VAN GOD en die ware LEWE IN OORVLOED (Joh 10:10). Wie is dié mense, hoekom roep God hulle en nie my en jou nie, wat maak hulle anders en wat is die rol wat ons as Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in hulle gesinne se lewens en werk kan speel? **Die doel van hierdie skripsie is om te kyk na die wisselwerking tussen gemeentes van die NG Kerk in die Oostelike Sinode en sendelinge. Dit is ook om wedersyds ’n beter begrip te kry van die doel en rol wat van beide kante (gemeente en sendeling) vervul kan word.** D. Bosch laat ons met die moeilike vraag:

How do we maintain the tension between being both missionary and dialogical? How do we combine faith in God as revealed uniquely in Jesus Christ with the confession that God has not left himself without a witness?

My dank aan my skripsieleier, Prof. Nelus Niemandt vir sy groot aandeel aan hierdie navorsing. Vir ure se leeswerk, kommentaar en nuwe insigte, vir geduld en ook leiding met my navorsingsontwerp.

Verdere dank aan;

- Prof. Piet Meiring wat my met die ondersoek vertrou het en my ook deurentyd gelei en ondersteun het daarmee.

- Al die gemeentes in die Oostelike Sinode wat vraelyste ingevul het en die taak vir my makliker gemaak het.

- Norman Johnson, dr Arno Meiring en Johan Swanepoel vir jul leiding en hulp in die studie.

- Tannie Lyzette Barwise wat my gehelp het met die taalversorging.

© University of Pretoria

- Oom Heinrich en tannie Elmarie Viljoen, Oom Andre de Villiers en Oom Schalk van Schalkwyk.

- My kollegas by die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke wat my uitkyk oor die lewe totaal verander het.

- My kollegas by die NG Familiekerk Kameeldrif en Kamcare waar ek daagliks opnuut ons roeping besef om ’n verskil te maak in ons plaaslike gemeenskap.

- Die Mouton gesin en Eduan Duvenhage wat die afgelope paar maande ’n groot rol in my denke en persoonlike lewe gespeel het.

- Al my vriende wat my deur die moeilike, maar ook goeie tye nog altyd bystaan en ondersteun.

- My pa en ma, broer en suster en hulle gesinne; wat my ondersteun het in die afgelope nege jaar van my teologiese opleiding en ook met hierdie proefskrif.

- Riaan Maritz, Francois de Vos en Albert van der Merwe wat in my vormingsjare ’n groot rol in my geloofslewe gespeel het. deur my keer op keer daaraan te herinner dat my geloof die belangrikste bate in my lewe is en vir die kinders van Christus wat julle vandag steeds nog is.

- Aan al die sendelinge wat van ’n jong ouderdom af ’n groot rol in my geestelike lewe gespeel het. Dankie vir julle onophoudelike aanmoediging, ondersteuning en gebede om ’n kind van God te wees.

- Antje Bracht, jou aanmoediging, jou onderskraging, liefde en sorg tydens die skryf van hierdie skripsie word waardeer. Vielen Dank!

“Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig,
(2 Kor 1:3-4a)

© University of Pretoria

OPSOMMING

ONDERSTEUNING VAN SENDELINGE DEUR DIE NG GEMEENTES IN DIE OOSTELIKE SINODE: 'N MISSIOLOGIESE BENADERING.

Die motivering van hierdie navorsing word gevind in die wete dat die wêreld vandag gebroke en stukkend is en dat mense die versugting het na: "*deel wees in en van God se plan*" om sodoende 'n verskil in die wêreld te kan maak. Ons kan beswaarlik sê dat God ons nie in die 21ste eeu uitdaag om nuut en kreatief te dink oor ons rol (as bruid van God) en deel wees van God se plan nie. Die vermoede van die navorser is dat die wisselwerking tussen sendelinge en gemeentes op 'n beter manier bestuur kan word. Die vermoede is ook dat daar deur beter kommunikasie en dialoog tussen sendelinge en gemeentes, beter maniere gevind kan word vir volhoubare ondersteuning deur gemeentes aan die sendelinge. Die vraag is nie net na beter finansiële ondersteuning nie, maar ook na emosionele verryking en menswaardigheid.

Die vraagstelling kan dus as volg verwoord word:

Hoe kan gemeentes in die Oostelike Sinode meer volhoubare ondersteuning vir sendelinge wat huidiglik deur hulle ondersteun word bied?

Die bogenoemde vraagstelling word bestudeer deur middel van 'n literatuurondersoek en twee empiriese navorsings. Die volgende aspekte is ondersoek deur die verloop van hierdie navorsing:

Kwantitatiewe Empiriese navorsing

- **Empiriese navorsingsdata (Vraelyste) analise-** In die hoofstuk word daar ondersoek ingestel om te kyk na die gemeentes van die Oostelike Sinode se betrokkenheid by sendelinge. Die navorser poog om die huidige situasie te skets van gemeentebetrokkenheid in die lewe van sendelinge. Daar word ook gekyk na die rol van sending en betrokkenheid van die Christelike "Ekklesia" gemeente in sendelinge se lewens, maar ook na die uitwerking van sending op die gemeente se belewenis van deelwees in God se handelinge. Die navorser kyk ook na die plaaslike gemeente se roeping as deel van God se *missio Dei*.

© University of Pretoria

Die gevolgtrekking van die navorsing vind dan neerslag in die volgende aanbevelings vir die impak wat die gemeentes van die Oostelike sinode op die wêreld kan hê:

Vir die Sendeling wat hom-/haarself in die sendingveld bevind:

- Kan lei tot beter sisteme wat in plek gesit word om sendeling meer vrymoedigheid te bied om te vra vir ondersteuning.
- Kan lei tot beter en meer produktiewe werksomstandighede vir die sendeling.
- Kan lei tot beter versorging.
- *Kan* lei tot ’n meer volhoubare lewenstyl en toekoms vir sendelinge.

Vir die NG gemeente van die Oostelike sinode:

- Deeglike uiteensetting van die huidige situasie kan bydra tot ’n beter verstaan van die gemeentes se invloed op die ondersteuning van sendelinge.
- Dit kan help dat die Kerk ’n groter impak in die wêreld kan maak.
- Dit sal vir gemeentes in die Oostelike Sinode ’n beter beeld gee oor die tekortkominge in terme van hulle huidige ondersteuning.
- Dit kan ook bydra tot meer volhoubare en effektiewe ondersteuning van sendelinge.
- Dit kan help tot ’n beter verstaan van die huidige rol teenoor die toekomstige rol wat die NG Kerk in die Oostelike Sinode speel.

Vir beide:

- Dit kan lei tot beter kommunikasie en verstaan tussen gemeentes en sendelinge.
- Dit kan help tot beter verhoudings tussen gemeentes en sendelinge.
- Kan lei tot meer volhoubare sisteme tot voordeel van die sendelinge en ondersteunende gemeentes.
- Kan lei tot beter vertrouensverhoudings tussen sendelinge en ondersteunende gemeentes.

Literatuurstudie

Die literatuurstudie word aangepak om plaaslike gemeentes te help om hulself in terme van hulle onmiddelike- en globale uitdagings te posisioneer. Aangesien elke gemeente se plaaslike uitdagings verskil beteken dit nie dat elke gemeente op haar eie insig van kerkwees moet staatmaak nie. Daar is talle plaaslike en globale dokumente wat gemeentes help om te onderskei oor hulle situasie en deelname in God se wêreld. Vir die

© University of Pretoria

literatuurstudie plaas die navorser twee van die dokumente *Together Towards Life* (CWME 2013) en die *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) in dialoog met mekaar en gebruik dit om gemeentes te help om hulle plaaslike en globale roeping om deel te neem aan God se doen en late in die wêreld te besef.

Die hooftitels van *Together towards life* word gebruik om die struktuur van die literatuurstudie te vorm. In elke afdeling word daar vanuit ’n ander perspektief gekyk na die plaaslike gemeente se deelname aan God se sending (*missio Dei)*. Aan die einde van elke afdeling evalueer die navorser die huidige situasie in die Oostelike Sinode (soos in hoofstuk 2 gevind) met nuwe insigte wat deur die spesifieke afdeling van die literatuurstudie bekend geword het. Hierdie nuwe perspektiewe sal gemeentes help deur selfontleding om haar huidige missionaliteit te bepaal.

Die hooftitels van die literatuurstudie soos in *Together towards life* (CWME 2013) *gevind*:

- **Gees van die sending: Asem van die lewe -** ’n Teologiese perspektief op die roeping vir die gemeentes van die Oostelike Sinode om deel te neem aan die *missio Dei*. Die navorser poog om aan die hand van die gevolgtrekkings in Hoofstuk 2 te kyk of daar ’n “Gees van sending” in die gemeentes van die Oostelike Sinode heers.
- **Gees van die gemeenskap: Kerk aan die beweeg -** Die navorser poog om ’n gevolgtrekking te maak oor die NG Gemeentes in die Oostelike SInode se beweegbaarheid. Gevolgtrekkings word gemaak aan die hand van die uitslae van Hoofstuk 2 en verskillende sienings oor die kerk se roeping om na buite te beweeg.
- **Gees van pinkster: Goeie nuus vir almal -** In die afdeling word die gesamentlike roeping van die gemeente en die sendeling/organisasie om te evangeliseer ondersoek. Die verskillende aspekte van evangelisasie sowel as die uitdagings word bestudeer.

Kwantitatiewe Empiriese navorsing

- **Empiriese navorsingsdata (Evaluasievorm) analise-** In die Hoofstuk bereik die navorser die klimaks van die studie deur ’n evaluasievorm uit die kennis wat tydens die totale studie opgedoen is te skep. Hierdie evaluasievorm sal dan deur drie gemeenteleiers van gemeentes in die Oostelike Sinode voltooi word. Die gevolgtrekkings van die evaluasievorm sal in die hoofstuk bespreek word en gemeentes

© University of Pretoria

help om hulle deelname aan God se sending op 'n eerlike en opregte wyse te ondersoek en te evalueer.

ABSTRACT

SUPPORT OF MISSIONARIES THROUGH THE DUTCH REFORMED CONGREGATIONS IN THE EASTERN SYNOD: A MISSIONAL APPROACH.

The motivation of this research is found in the knowledge that the world that we live in today is broken and that we are in search of our participation in and of God's plan. We have this search to know where we are suppose to make a difference in the world that we live in. This is not just about going out and making a difference, but to take part in *missio Dei* of God. We can hardly say in the 21st century that God is not challenging us to new and creative thinking about our role (as the bride of God) as a part of God's plan. The presumption of the researcher is that the interaction between missionaries and churches can be managed in a better way. The presumption is that if there is better communication and dialogue between churches and missionaries, more sustainable and more just ways can be found to support missionaries. The question is not just for better financial support, but also for emotional enrichment and dignity.

The question can be stated as follows:

How can a congregation in the Eastern Synod have a sustainable role in the support of missionaries who are currently supported by them?

The above question is researched by means of a literature study and two empirical studies. The following aspects were investigated during the course of this research:

Quantitative empirical research:

- **Empirical research data (Questionnaires) analysis-** In this chapter the researcher is investigating the churches of the Eastern Synod's involvement with missionaries. The researcher attempts to outline the current situation of church involvement in the lives of missionaries. The aim is also to look at the role and commitment of the Christian

© University of Pretoria

Ekklesia church in missionaries' lives. The researcher also looks at the local church's mission as part of God's *missio Dei.*

The conclusion of the research is reflected in the following recommendations for the impact that the *Koinonia* of Christ in the Eastern Synod could have on the world:

For the missionary who finds him-/herself in the mission field:

- They can put better systems in place to provide missionary boldness to ask for support.
- It can lead to better and more productive working conditions for the missionary.
- It can lead to better care for the missionaries.
- It can lead to more sustainable and a better future.

For the Dutch Reformed Church in the Eastern Synod:

- Thorough explanation of the current situation can contribute to a better understanding of the church's influence on the support of missionaries.
- The Church can make a bigger impact in the world.
- It will give a better mapping of the current support that is given by the Dutch Reformed Congregations in the Eastern Synod.
- It can also contribute to more sustainable and effective support of missionaries.
- This may help to a better understanding of the current role that the Dutch Reformed Church in the Eastern Synod plays compared to the future role.

For Both:

- It can lead to better communication and understanding between the congregation and the missionary.
- It can lead to better relationships between missionaries and congregations.
- It can lead to more sufficient systems that benefits both congregations and missionaries.
- It has the potential to help missionaries and congregations to have more trust in one another.

© University of Pretoria

Literature study:

The goal of the literature study is to help every local Dutch Reformed congregation in the Eastern Synod to position themselves within immediate and global challenges. Every congregation faces different challenges in their context, but it doesn't mean that the congregation should be limited to their own knowledge to deal with these challenges. Numbers of local and global documents are available to help local congregations to discern about their circumstances and visibility in God's world. Two documents *Together towards life* (CWME 2013) and the *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) are researched in dialogue to help congregations to find their local and global calling to take part in what God is busy doing in the world.

The main titles of *Together towards life* (CWME 2013) are used to shape the structure of the literature study. Every passage uses a different point of departure and thus gives various perspectives on the way the local congregation is taking part in God's mission (*missio Dei).* At the end of every passage the researcher compares the current situation in the Dutch Reformed congregations in the Eastern Synod (according to Chapter 2) with new perspectives that came to light in the passage. These new perspectives will help congregations to view their current missional standing.

The main titles for the literature study as found in *Together towards life* (CWME 2013):

- **Spirit of Mission: Breath of Life -** A theological perspective on the calling for congregations in the Eastern Synod to take part in God's *missio Dei.* The researcher attempts to determine whether there is a spirit of mission in the Dutch Reformed congregations when the perspectives in this passage are compared to the data in Chapter 2.

- **Spirit of Liberation: Mission from the Margins -** The researcher attempts to make a conclusion about the movability of the Dutch Reformed congregations in the Eastern Synod. Conclusions are drawn from the results in Chapter 2 and views about the churches calling to be focused to the outside.

© University of Pretoria

- **Spirit of Pentecost: Good News for All -** In this part the common calling of the congregation and missionary/Organisation to evangelise are researched. Different aspects and challenges of evangelisation are researched.

Quantitative empirical research:

- **Empirical research data (Evaluation form) analysis-** In this chapter the researcher reaches the climax of the study by giving feedback of a evaluation form that has been produced through the knowledge of the study. This evaluation form will be completed by three congregational leaders (Congregations in the Eastern Synod) and the results will be discussed by the researcher. This evaluation form will serve as a method to help congregations to honestly evaluate their current way of taking part in God's mission.

Sleutelterme

Kerk
Gemeentes
Plaaslike gemeentes
Oostelike Sinode
Missionaal
Missionêr
Sending
Sendelinge
Ondersteuning
Wese
Identiteit

© University of Pretoria

INHOUDSOPGAWE

Titelblad ……..…..1
Verklaring……..……2
Opdrag……..……3
Voorwoord en dankbetuigings……4
Opsomming……..……6
Abstract……..……9
Sleutelterme……..…9
Inhoudsopgawe……..…13

Hoofstuk 1
NAVORSINGSONTWERP

1.1. Inleiding ……..…18
1.2. Vraagstelling ……..…22
1.3. Hipotese ……..……23
1.4. Doelstelling……..……23
1.5. Belang van die navorsing ……..…24
1.6. Navorsingsmetodelogie……..…25
1.6.1. Kwantitatiewe Empiriese Navorsing……25
1.6.2. Literatuurstudie……..27
1.7. Afbakening van die Navorsingsterrein……28
1.8. Opsomming……28

© University of Pretoria

AFDELING A

EMPIRIESE NAVORSING

HOOFSTUK 2

Kwantitatiewe empiriese navorsing

EMPIRIESE NAVORSINGS DATA (VRAELYSTE) ANALISE

2.1. Navorsings data (Vraelyste analise)……30

2.1.1. Waar is julle gemeente oral betrokke?……31

2.1.1.1. Die verspreiding van ondersteuning in Afrika ……31

2.1.1.2. Die verspreiding van ondersteuning……32

2.1.2. Wie is die sendelinge?……33

2.1.2.1. Sendelinge en organisasies wat deur die NG Gemeentes ondersteun word……33

2.1.2.2. Top vier sendelinge en organisasies wat deur meer as een gemeente in die Oostelike Sinode ondersteun word……48

2.1.3. Met watter werk is hulle hoofsaaklik besig (Evangelisasie, onderwys, medies, ens.)? ……49

2.1.3.1. Al die tipes werk en dienste……49

2.1.4. Wat is die sendelinge se vernaamste behoeftes?……51

2.1.4.1. Al die behoeftes van sendelinge……51

2.1.5. Op watter maniere ondersteun julle die sendelinge se projekte?……52

2.1.5.1. Voorsiening aan die behoeftes van sendelinge……53

2.2. Gevolgtrekkings van die navorsings data (Vraelyste)……53

© University of Pretoria

Afdeling B

LITERATUURSTUDIE

HOOFSTUK 3

3.1. GEES VAN DIE SENDING: ASEM VAN LEWE…….59

3.1.1. Sending en die bloeiende skepping/wêreld……60

3.1.1.1. Refleksie oor: Sending en die bloeiende skepping/wêreld……68

3.1.2. Gawes van die Gees en onderskeidingsvermoë……..69

3.1.2.1. Refleksie oor: Gawes van die Gees en onderskeidingsvermoë……74

3.1.3. Transformerende spiritualiteit……75

3.1.3.1. Refleksie oor: Transformerende spiritualiteit……80

3.1.4. Gees van bevryding: Sending vir die onderdruktes……..…80

3.1.4.1. Refleksie oor: Gees van bevryding: Sending vir die onderdruktes……..83

3.1.4.1.2. Hoekom die onderdruktes en gemarginaliseerdes?…….……84

3.1.4.1.2.1. Refleksie oor: Hoekom die onderdruktes en gemarginaliseerdes?……..85

3.1.5. Sending as stryd en weerstand…….……86

3.1.5.1. Refleksie oor: Sending as stryd en weerstand……..…88

3.1.6. Sending opsoek na regverdigheid en inklusiwiteit……..…88

3.1.6.1. Refleksie oor: Sending opsoek na regverdigheid en inklusiwiteit……90

3.1.7. Sending as genesing en heelheid……90

3.1.7.1. Refleksie oor: Sending as genesing en heelheid……..…92

3.2. GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG……92

3.2.1. God se sending en die lewe van die Kerk……..92

3.2.1.1. Refleksie oor: God se sending en die lewe van die Kerk……95

3.2.2. God se sending en die Kerk se eenheid……..95

3.2.2.1. Refleksie oor: God se sending en die Kerk se eenheid ……..98

3.2.3. God bemagtig die Kerk in sending……98

3.2.3.1. Refleksie oor: God bemagtig die Kerk in sending……..…100

© University of Pretoria

3.2.4. Plaaslike Gemeentes: Nuwe inisiatiewe……100

3.2.4.1 Refleksie oor: Plaaslike Gemeentes: Nuwe inisiatiewe……..…102

3.3. GEES VAN PINKSTER: GOEIE NUUS VIR ALMAL……103

3.3.1. Die roeping om te evangeliseer……..103

3.3.1.1. Refleksie oor: Die roeping om te evangeliseer……105

3.3.2. Evangelisasie op Christus se manier……106

3.3.2.1. Refleksie oor: Evangelisasie op Christus se manier……..…108

3.3.3. Evangelisasie, intergeloof, dialoog en die Christelike teenwoordigheid…….109

3.3.3.1. Refleksie oor: Evangelisasie, intergeloof, dialoog en die Christelike teenwoordigheid……..…110

3.3.4. Evangelisasie en Kulture……..…110

3.3.4.1. Refleksie oor: Evangelisasie en Kulture……111

AFDELING C

EMPIRIESE NAVORSING

HOOFSTUK 4

Kwantitatiewe empiriese navorsing

EMPIRIESE NAVORSINGS DATA (VRAELYSTE) ANALISE

4.1. Terugvoer en opmerkings oor GEES VAN DIE SENDING: ASEM VAN LEWE

4.1.1. Terugvoer van NG Krugerwildtuin……..……118

4.1.2. Terugvoer van NG Witbank-Panorama……..……118

4.1.3. Terugvoer van NG Lux Mundi……..……118

4.1.4. Opmerkings van die navorser……..……118

4.2. Terugvoer en opmerkings oor GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG

4.2.1. Terugvoer van NG Krugerwildtuin……..…119

© University of Pretoria

4.2.2. Terugvoer van NG Witbank-Panorama……..119

4.2.3. Terugvoer van NG Lux Mundi……..119

4.2.4. Opmerkings van die navorser……..……120

4.3. Terugvoer en opmerkings oor GEES VAN PINKSTER: GOEIE NUUS VIR ALMAL

4.3.1. Terugvoer van NG Krugerwildtuin……..……120

4.3.2. Terugvoer van NG Witbank-Panorama……..……120

4.3.3. Terugvoer van NG Lux Mundi……..……121

4.3.4. Opmerkings van die navorser……..……121

4.4. Gevolgtrekking……121

HOOFSTUK 5

FEES VAN DIE LEWE: GEVOLGTREKKING

5.1. Inleiding……122

5.2. Bevinding……..125

5.3. Aanbevelings vir die Oostelike Sinode……127

5.4. Aanbevelings vir verdere navorsing……..128

5.5. Samevatting……..…128

ADDENDUM A……..…130

ADDENDUM B……..131

ADDENDUM C……..133

ADDENDUM D……..134

BIBLIOGRAFIE……135

© University of Pretoria

Hoofstuk 1

NAVORSINGSONTWERP

1.1. Inleiding

Sending is nie ’n luuksheid of ’n byvoeging tot die Christelike geloof of gemeente nie. Indien ons siening is dat elke persoon op aarde deel het aan die Koninkrykvisie wat ons bely, dan moet ons anders begin dink oor ander gelowe en ons verhouding en benadering teenoor hulle. Vanuit die sendinggeskiedenis in Suid-Afrika en Afrika besef ons dat sending vanuit ’n oorweldige-, meerderheid- of ’n magsposisie nie deel uitmaak van die hedendaagse Gereformeerde sendingverstaan nie (Saayman 2007:101). Die vraag is egter baie groter as slegs ’n eenvoudige daad of optrede wat op sending gefokus is, dit vra begrip van die kerk se totale wese en identiteit. Bosch beskryf dit as volg:

> *“This dimension of the Christian faith is not an optional extra: Christianity is missionary by its very nature, or it denies its very raison d’être*” (Bosch 1991:9).

Sending is so verweef en deel van die bestaan van die kerk dat dit skade aan die wese en die identiteit van die Gerformeerde tradisie aandoen indien ons sending daaruit probeer torring. Indien die kerk erken dat sending verweef in die kerk se identiteit is, is dit belangrik om die vraag rondom die definieerbarheid van dit wat ons as sending beskryf, te beantwoord. Die NG Kerk het ’n lang en ryk betrokkenheid aan sending in die geskiedenis van Suid-Afrika. Om die geskiedenis in vandag se konteks te verstaan moet ons bereid wees om onsself in die skoene van alle betrokke partye te plaas om die uitdagings beter te kan begryp. Dat daar baie goeie bedoelings deur die geskiedenis was, kan ons nie ontken nie, maar indien ons alle uitkomstes as positief en goed wil beskryf, dan is die kerk nie heeltemal eerlik met haarself nie. Kritiese nadenke laat ons met die wete dat baie van die sendingwerk wat deur die eeue in Afrika en Suid-Afrika deur die NG Kerk gedoen is, gedoen is tot voordeel van die groei van die kerk, maar dikwels ook onbewustelik tot nadeel van die Koninkryk van God (Saayman 2007:125).

Om die geskiedenis van die NG Kerk se sendingpogings tot en met hede ligtelik op te neem sal onverantwoordelik en baie dwaas wees. Indien die kerk nuwe insigte oor die verstaan en wese van ’n missionale gemeente in ’n uitdagende veranderende gemeenskap en land nastreef, sal die gemeente haarself deur die positiewe en die negatiewe van die sendinggeskiedenis laat lei. Die tyd waarin ons leef bied die kerk talle

© University of Pretoria

globale bronne tot nuwe insigte oor die missionale wese en roeping van die kerk. Aangesien die konteks van die kerk dikwels verskil sal die aanslag en die verstaan van die kerk se roeping dikwels anders lyk, maar indien ons ’n oorsigtelike beeld van die geskiedenis van Christenskap verkry, moet ons besef dat daar nie so iets soos spesifieke Christenkultuur of -beskawing is nie (Tennent 2007:2). Die manier waarop die gemeente die Bybel en verskillende teksgedeeltes benader, speel ook ’n belangrike rol in die verstaan van die deelwees van God se sending van Jesus, van Jesus deur die Gees en die Gees in die mens *in* en *na* die wêreld *missio Dei*. Dit vra van die plaaslike gemeente om te alle tye en in alle omstandighede ’n leerbare- en ontvanklike gees teenoor die globale kerk (gemeentes in ander kontekste en van ander denominasies) te openbaar. Dit beteken geensins dat die kerk haarself ontvanklik maak vir alles nie, maar eerder dat die kerk haar deur die Gees laat lei en met goeie onderskeidingsvermoë besluit wat aanvaarbaar en tot voordeel van haar identiteit en wese en natuurlik die gemeenskap waardeur sy omring word, sal wees (Saayman 2007:125-137)

Volgens Tennent (2007:1) is die kerk in die middel van een van die mees dramatiese skywe sedert die Reformasie (31 Oktober 1517 toe Martin Luther die 95 tesis van protes teen die deur van die Kasteelkerk in Wittenberg, Duitsland vasgespyker het). Christenskap is aan die beweeg en veroorsaak ’n sistematiese skuif wat die totale beeld van elke denominasie van Christenskap verander. Tennent sê dat elke Christen, maar veral Christene in die Weste moet verstaan hoe dit ons verstaan van kerkgeskiedenins, teologie en ons konsep van wêreldsending gaan verander. Hy beskryf die skuif wat besig is om te gebeur as die teologiese vertaalbaarheid en sê dat dit elke Christengelowige en denominasie op aarde raak.

Aangesien die Oostelike Sinode deel is van die NG Kerkfamilie en so ook die globale kerk, is die vraag na die huidige getuieniswerk wat deur die gemeentes in die Oostelike Sinode gedoen word ’n vraag wat baie wyer implikasies as die geslote grense van die Oostelike Sinode het. Die ondersteuning van die gemeentes is wêreldwyd en die impak kan nie gemeet word nie. Die navorser maak dus gebruik van die dokument *Together towards life* (CWME 2013), die dokument wat deur die “Commission on World Mission and Evangelism” aan die Wêreldraad van Kerke in 2013 by die Algemene byeenkoms in Busan, Suid-Korea voorgehou is en goedgekeur is as riglyn vir die struktuur van die teoretiese besinning. *Die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die*

© University of Pretoria

NG Kerk (Alg Sinode 2013, A.12.7) sal aan die hand van *Together towards life* (CWME 2013) as kerndokumente in die teoretiese besinning gebruik word.

Hierdie deelwees van ’n globale ekumeniese kerk daag elke plaaslike gemeente uit om haar posisie en haar wedersydse toeganklikheid vir dialoog na ander denominasies en gelowe, nuut te bekyk. Hoewel ons in Suid-Afrika deur baie godsdienste omring word is daar steeds ’n skeptiese, on-onderhandelbare negatiewe gesindheid wat heers tussen Christene en mense van ander gelowe (Meiring 1996:1-5). (Dieselfde opname kan vanuit ander gelowe se oogpunt gemaak word, dit is dus *vice versa).* Die vraag na dialoog en ooreenstemmende belange van denominasies en verskillende gelowe raak al hoe groter aangesien die sosio-kulturele omstandighede van vandag voortdurend aan die verander is en mense van verskillende gelowe baie meer kontak met mekaar in Suid-Afrika, Afrika en globaal het as vroeër jare. (Botha 1971:5-7).

Die studie fokus op die huidige omstandighede in die NG Kerk in die Oostelike Sinode. In 2007 het die die Oostelike Sinode se Bediening vir Getuienis ‘n handleiding vir gemeentes uitgereik met die naam “Gesig na die wêreld”. Die projekspan het dit ten doel gehad om gemeentes se betrokkenheid in die ondersteuning van sendelinge uit te beeld. Hoewel die projek baie suksesvol was, was daar vrae wat onbeantwoord gelaat is. In 2011 het emiritus professor Piet Meiring (leier van die projekspan) my genader om hulle te help met die opvolgstudie.

Die nuwe studie met die naam “Kom ons ondersteun ons sendelinge” is in die begin van 2012 bespreek en die navorsing het begin. ’n Vraelys met die onderstaande vrae is opgestel en uitgestuur na al die Gemeentes in die NG Kerk in die Oostelike Sinode. Daar is 85 vraelyste uitgestuur en 75 (88%) is voltooi en teruggestuur.

Die volgende vrae is in die vraelys aan die gemeentes gestel:

1. **Waar is julle gemeente oral betrokke?**
2. **Wie is die sendelinge?**
3. **Met watter werk is hulle hoofsaaklik besig (evangelisasie, onderwys, medies ens.)?**
4. **Wat is die sendeling(e) se vernaamste behoeftes?**

© University of Pretoria

5. Op watter manier ondersteun julle die sendelinge se projekte?

Gemeentes het die vrae beantwoord en die vraelyste is aan die navorser teruggestuur om gevolgtrekkings te maak. Die doel van hierdie studie is om op grond van die data wat ontvang is gevolgtrekkings te maak en om op so 'n wyse die betrokke gemeentes en sendelinge te help om 'n beter platform vir kommunikasie, volhoubare ondersteuning en wedersydse verhoudinge te bied.

Uit die teoretiese besinning en daarom aan die hand van die boek wat deur die Oostelike Sinode aan gemeentes gegee is *Gesig na die wêreld*, is dit duidelik dat die NG gemeentes in die Oostelike Sinode besef dat hulle 'n kritiese posisie in die ontwikkeling en vooruitgang van hierdie gedeelte van ons land speel. Dit word ook duidelik dat die gemeentes 'n breër uitsig vir ondersteuning as net die sinodale grense van die sinode het. Die navorsing dui daarop dat elke gemeente in die Oostelike Sinode 'n baie belanrike rol vervul en daarom is dit belangrik dat die sinode eerlik en opreg tot hul gesamentlike roeping kan beantwoord. Die Oostelike Sinode is een van die tien sinodes wat deel vorm van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (Hoëveld, Kwazulu-Natal, Namibië, Noord-Kaap, Noordelike Sinode, Oos-Kaap, Vrystaat, Wes- en Suid-Kaap, Wes-Transvaal). Die NG Kerk is 'n lid van die Wêreldraad van Kerke en die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke en is deel van 'n groter globale kerk. Elke plaaslike gemeente gee uitdrukking aan haar deelwees van 'n groter kerkfamilie en hoe sy die Woord van God lewend maak deur haar optrede. Aangesien elke plaaslike gemeente deelneem aan die groter ekumeniese kerk is dit baie belangrik dat haar roepingverstaan in lyn is met die roepingverstaan van die globale kerk. Die navorsing toon dat indien gemeentes in die Oostelike Sinode 'n beter begrip het van die huidige manier wat hulle sendelinge ondersteun, dit hulle sal help om in die toekoms besluite te neem wat hulle missionale identiteit beter uitdruk. Die studie is van belang vir elke NG gemeente in die Oostelike Sinode, maar sal ook enige ander gemeente in Suid-Afrika help om haar missionale identiteit te ondersoek en vrae te vra oor haar huidige sendingverstaan.

Die studie toon dat ondersteuning van sendelinge slegs een belangrike aspek van missionale kerkwees is. Elke optrede van die kerk is egter 'n teken van haar missionale wese en identiteit en daarom is dit belangrik dat gemeentes in die Oostelike Sinode deur die studie maniere vind om hul missionaliteit te meet. Die navorser het vanuit die teoretiese besinning 'n kort vraelys opgestel wat aan gemeenteleiers gegee kan word met

© University of Pretoria

die doel om gemeentes vanuit *Together Towards Life* (CWME 2013) te help met hul missionaliteit.

1.2. Vraagstelling

Gedurende 2012 het die Diensraad van die Oostelike Sinode besluit om 'n omvattende voortdurende ondersoek te doen na die sendingwerk wat deur die verskillende gemeentes in die sinode gedoen word. Dit was vir die Diensraad belangrik om te weet **waar** al die gemeentes betrokke is en **wie** die sendelinge is wat deur die gemeentes ondersteun word. Nog 'n vraag wat gevra moes word was **waarmee** die sendelinge besig is. In die Oostelike Sinode, soos in die res van die NG Kerkfamilie, word daar gewerk met 'n komprehensiewe sendingdefinisie, waarin die aspekte van *kerugma, diakonia en kononia* 'n ewe groot rol speel. Woordverkondiging, liefdesdiens en kerkplanting/gemeentebou is aldrie op die agenda van die sending.

Maar die navorser wil graag aan die hand van die Diensraad bepaal watter vorms die diens in die verskillende sendingaksies aanneem. Die opperbelangrike dubbele vraag is: Wat is die **verwagtings van die gemeentes** van hul sendelinge? En daarteenoor, **wat verwag die sendelinge** van die gemeentes?

Gemeentes en sendelinge leef in twee verskillende wêrelde. Die gemeentelike gebruik om sendelinge te ondersteun (gebed, finansieel, persoonlik, besoeke ens.) is nie 'n nuwe tendens nie en gaan ook nie spoedig van gemeentes se agenda af verwyn nie. Aangesien daar tans baie vrae gevra word oor die noodsaaklikheid en manier waarop gemeentes aan sendelinge ondersteuning bied, is die onderstaande navorsingsvraag van kardinale belang vir die studie se uitkomste.

Die navorsingsvraag van hierdie ondersoek is dus as volg:
Hoe kan gemeentes in die Oostelike Sinode meer volhoubare ondersteuning aan sendelinge wat tans deur hulle ondersteun word, bied.

1.3. Hipotese

Die hipotese van die navorser is dat daar nie op die oomblik volhoubare ondersteuning aan sendelinge gebied word nie. Moontlike redes hiervoor is swak kommunikasie tussen sendelinge en gemeentes, swak netwerke tussen gemeentes en die feit dat ondersteuning dikwels nie meer 'n prioriteit vir gemeentes is nie.

© University of Pretoria

Die doelstelling is vanuit die hipotese geformuleer.

1.4. Doelstelling

- Die doel van die navorsing is in die eerste plek om deur middel van kwantitatiewe empiriese navorsing die huidige situasie van die Oostelike Sinode aangaande ondersteuning van sendelinge so duidelik en eenvoudig moontlik te verwoord.
- Tweedens is dit om kreatiewe kommunikasiewyses te ondersoek en dit te gebruik om die inligting wat in die studie vervat word aan gemeentes oor te dra.
- Om moontlikhede te ondersoek vir beter, volhoubare netwerke tussen gemeentes van die Oostelike Sinode en sodoende te verseker dat daar nie paralelle ondersteuning aan sendelinge gebied word nie, maar dat dit eerder dan gesamentlik bestuur kan word.
- Om gemeentes te inspireer om hulle prioriteite te hersien en te evalueer om beter ondersteuning aan sendelinge te bied.
- Daar word ook gepoog om deur ’n noukeurige teoretiese studie: *Together towards life* (CWME 2013) en *Die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) as riglyn te kyk na die belangrikheid van die sendingverstaan van die Oostelike Sinode as deel van die Algemene Sinode en die globale kerk.
- Laastens het die navorser aan die hand van die teoretiese studie ’n evaluasievorm opgestel en dit aan drie gemeentes se gemeenteleiers (makrogemeente, familiegemeente en ’n mikrogemeente) gegee om te voltooi. Die spesifieke gemeentes is uitgekies aangesien hulle ’n refleksie gee van die verskillende omstandighede in terme van grootte, geografiese ligging en verstaan van missionaliteit. Aan die hand van die inligting is daar gevolgtrekkings gemaak oor die verstaan van die missionale aard van die kerk en tweedens die doeltreffendheid van die evaluasievorm om gemeentes te help op hulle gesamentlike reis na missionaliteit.

© University of Pretoria

1.5. Belang van die navorsing

Die navorsing sal van belang wees vir elke gemeente wat vrae het oor haar missionale identiteit en wese. Hoewel die studie in die Oostelike Sinode gedoen is, strek dit verder as hierdie grense, met uitdagings en nuwe perspektiewe wat beloof om tot voordeel van enige gemeente te wees. Hoewel daar talle studies gedoen word oor die missionale wese en aard van gemeentes is die studie die enigste studie wat op dié vyf vrae fokus en wat fokus op die verhouding tussen sendelinge en gemeentes vanuit beide (die sendeling/ organisasie en gemeente) oogpunte. Indien die navorser die doelwitte bereik, sal die studie van kardinale belang wees vir dié Sinode kragtens hulle missionale wese en identiteit. Die studie sal in die volgende opsigte ’n positiewe bydrae lewer tot die Oostelike Sinode van die NG Kerk:

- Dit sal ’n duidelike beeld skep van die huidige ondersteuning wat die Oostelike Sinode aan sendelinge bied.
- Dit sal gemeentes help om hulle identiteit as gestuurde gemeente te ontdek.
- Dit sal aan gemeentes ’n beter beeld bied van hul huidige posisie in die sinodale struktuur.
- Dit sal gemeentes aktiveer om betrokke te raak by sendelinge
- Dit sal gemeentes help om die werk en omstandighede van sendelinge beter te verstaan
- Dit sal gemeentes motiveer om netwerke tussen mekaar te skep en om mekaar te motiveer.

Al die inligting wat tydens die navorsing versamel, verwerk en weergegee word, is nie vroeër aan die Oostelike Sinode bekend gemaak nie, dit is dus splinternuwe inligting wat kan lei tot eindelose moontlikhede. Dit maak die studie uniek en relevant vir alle gemeentes in die Oostelike Sinode. Selfs gemeentes wat nie op die oomblik ondersteuning aan sendelinge bied nie sal deur die gevolgtrekkings geraak word.

Dit sal ook vir die gemeentes in die Oostelike Sinode nuwe beelde van missionale leierskap skep wat deur gemeentes ondersoek en aangeneem kan word. Die ondersoek sal beduidende gevolge vir elke plaaslike gemeente, maar ook vir die breër kerkfamilie inhou. Die hoop is dat gemeentes mekaar deur die ondersoek sal inspireer om omstandighede vir sendelinge te verbeter en om hul missionaliteit te ondersoek.

© University of Pretoria

1.6. Navorsingsmetodelogie

Die navorser se benadering tot die ondersoek: "Uitstuur van sendelinge deur die NG Gemeentes in die Oostelike Sinode: 'n missologiese benadering", word gebasseer op 'n vraelys wat deur die navorser aan die hand van 'n projekspan van die Oostelike Sinode opgestel is.

Die navorser bespreek dus eers die empiriese navorsing en reflekteer dan deur 'n teoretiese besinning daarop. Die aksie refleksie model word in die studie gebruik met die oortuiging dat dit die data op die mees toepaslike manier sal ondersteun en verduidelik.[1]

Empiriese navorsing word onderneem om antwoorde op die volgende vrae te bied:

- Eerstens om 'n prentjie te gee van waar gemeentes van die Oostelike Sinode oral by sendelinge en sendingwerk betrokke is
- Tweedens om 'n idee te kry van wie die sendelinge is.
- Derdens om te sien waarmee die sendeling besig is (bv. evangelisasie, onderwys, medies ens.).
- Vierdens om 'n idee te gee van die sendelinge se vernaamste behoeftes
- Laastens om te sien op watter maniere gemeentes die sendelinge ondersteun.

Tipes navorsing waarvan gebruik gemaak word:

1.6.1. Kwantitatiewe Empiriese Navorsing

Willig (2013:3-13) vergelyk navorsingsmetodes in kwantitatiewe navorsing met resepte aangesien stappe gevolg moet word. 'n Navorsingsprobleem word verwoord in 'n hipotese wat empiries deur middel van navorsing getoets word (McBurney, 2010:3-5). Die navorsingstudie word 'n eksperiment en deelnemers word subjekte genoem. Die navorsing moet objektief, sowel as geldig en betroubaar wees. In die eksperiment word daar op oorsaak en gevolg gekonsentreer. Ander navorsers moet die eksperiment kan toets om te kyk of die resultate geldig is. Die resultate moet veralgemeen en op alle mense van toepassing wees (McBurney, 2010:5). Daar word dus van die onderstelling uitgegaan dat

[1] Prof. Piet Meiring bied leiding aan die navorser en is ook die leier van die projekspan. Prof. Meiring het self diep spore in terme van sending getrap. Hy was Professor in Sendingwetenskap aan UP van 1988 tot 2007. Hy was ook baie jare by die beplanning en beoefening van sendingwerk in die NG Kerk betrokke. Die laaste jare is hy mede-voorsitter van die GDDG (Gesamentlike Diensgroepe vir Diens en Getuienis) NG Kerkfamilie. Prof. Mering was vir twee termyne die moderator van die Oostelike Sinode en hy het ook heelwat boeke en artikels oor die kerk se sendingarbeid geskryf.

© University of Pretoria

alle persone oor dieselfde betekenissisteem beskik en dat wat vir een geldig is ook vir 'n ander sal wees.

Op die terrein van die navorsing word daar eerstens 'n probleem identifiseer wat ondersoek word. Soos vroeër genoem is die hipotese dat daar nie op die oomblik volhoubare ondersteuning aan sendelinge gebied word nie. Die redes is swak kommunikasie tussen sendelinge en gemeentes, swak netwerke tussen gemeentes en die feit dat ondersteuning dikwels nie meer 'n prioriteit vir gemeentes is nie. Afbakening is gedoen deur in die eerste plek net te fokus op een van die sinodes van die NG Kerk in die geval die Oostelike Sinode. Verder is daar besluit om aan die hand van die teoretiese besinning 'n evaluasievorm op te stel waarmee inligting in gesamel kan word. Hierdie inligting word dan deur die navorser in verskillende afdelings ontleed om uit eindelik gemeentes te help om krities te dink oor hul missionaliteit.

Soos deur Creswell (2008:129-132) bepaal, is die navorsingsvraag aanduidend vir die bepaling van die navorsingsmetodelogie. Indien die navorsingsvraag daarop gebaseer is om huidige omstandighede te verander en nie 'n filosofiese siening te bewys nie, maak die navorser van die kwantitatiewe navorsingsmetodelogie gebruik. Indien die navorsingsvraag fokus op die filosofiese en hipotetiese sy van navorsing, dan maak die navorser van kwalitatiewe navorsing gebruik. In hierdie studie maak die navorser dus van kwantitatiewe navorsing gebruik.

Volgens Creswell kan ons dan die onderstaande skets wat in die boek *Understanding Management Research, an Introduction to Epistemology* voorkom, gebruik om 'n bepaling te doen van die aanvang van die navorsingsmetode.



Skets 1 Perspektief op die wêreld gebaseer (Johnson en Duberley, 2000:158,187).

© University of Pretoria

Indien die navorser na die epistemologiese dimensie van die skets kyk, moet die vraag rondom die bron en afkoms van kennis bepaal word. Hier kan dan ’n objektiewe (nader aan kwantitatiewe metodelogie) en subjektiewe (nader aan kwalitatiewe metodelogie) posisie ingeneem word ter bepaling van die uitkomste. Die skets toon dat die moontlikhede wat ondersoek word altyd gepaardgaan met hipoteses en aannames deur die navorser, dit laat ook genoeg ruimte vir die aannames om ondersoek en, indien moontlik, beantwoord te word. Creswell stel dan ook dat die kwantitatiewe, objektiewe ondersoek nouer grense het en dat die vrae wat in die navorsingsmetode voorkom dikwels minder en meer beperk is (Creswell 2008:145-48).

’n Vraelys is deur die navorser opgestel en aan Prof. Piet Meiring voorgehou en deur hom aangepas. Die vraelys is per e-pos aan elke gemeente uit gestuur en deur gemeentes in gevul en terug gestuur. Die vraelys bevat vyf vrae wat sal help om ’n beeld te gee van die huidige omstandighede in die Oostelike Sinode. Na afloop van die kwantitatiewe navorsing volg daar ’n deeglike teoretiese besinning wat dien as kritiese refleksie op die gevolge wat in die empiriese navorsing bekend gerword het. Die doel van die teoretiese besinning is om aan die hand van ’n globale inter-denominasionele dokument *Together Towards Life* (CWME 2013) en kontekstuele Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk (Alg Sinode 2013, A.12.7), insigte oor die roeping, identiteit en wese van die plaaslike en globale kerk in ’n veranderende wêreld te skets. Laastens, soos vroeër genoem het die navorser aan die hand van die teoretiese studie ’n evaluasievorm opgestel en dit aan drie gemeentes se gemeenteleiers (makrogemeente, familiegemeente en ’n mikrogemeente) gegee om te voltooi. Aan die hand van die inligting is daar gevolgtrekkings gemaak oor die verstaan van die missionale aard van die kerk en tweedens die doeltreffendheid van die evaluasievorm om gemeentes te help op hulle gesamentlike reis na missionaliteit.

1.6.2 Literatuurstudie

Die afdeling bestaan uit drie hooftitels soos in *Together Towards Life* (CWME 2013) gevind:

3.1. Gees van sending: Asem van lewe

3.2. Gees van gemeenskap: Kerk aan die beweeg

3.3. Gees van pinkster: Goeie nuus vir almal

© University of Pretoria

Die hooftitels vorm die ruggraat van die hoofstuk, subtitels wat relevant tot die hooftitels is word onderaan die hooftitels bespreek. Soos vroeër genoem maak die navorser gebruik van *Together Towards Life (CWME 2013)* in dialoog met *die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7). Aan die einde van elke hooftitel sal daar ’n bespreking gegee word oor die uitdagings en motivering vir elke plaaslike gemeente in die Oostelike Sinode om sodoende ’n balans te vind tussen die plaaslike en globale uitdagings vir die kerk en om eerlik en opreg om te gaan met haar roeping om ’n missionale kerk (indiwidueel en gemeenskaplik) te wees. Aan die einde van elke hoofstuk word daar terugverwys na die navorsingsvraag en die navorser poog om aan die hand van die bespreking ’n relevante konklusie te vind.

1.7. Afbakening van die Navorsingsterrein

Ter wille van die fokus en die omvang van ‘n MTh. skripsie word die fokus vir die studie op die Oostelike Sinode van die NG Kerk geplaas. Hoewel die studie op hierdie terrein fokus, sal die uitkomste van die studie globaal van belang wees. Die studie word gefokus op vyf vrae wat in die vorm van ’n vraelys aan die gemeentes in die Oostelike Sinode uitgestuur is. Gevolgtrekkings word op grond van die terugvoer op die vraelyste gemaak. Daar is ook drie gemeentes in die Oostelike Sinode genader wat elk ’n evaluasievorm oor die gemeente se missionaliteit voltooi het. Hierdie inligting word weerspieël om gemeentes en die navorser te help met verdere onderskeiding en studie oor die tema.

1.8. Opsomming

Hierdie navorsing is ’n studie binne die Godsdiens- en Sendingwetenskap waarin die navorser poog om deur ’n verskeidenheid van navorsingsmetodes ’n positiewe gevolgtrekking te maak aangaande die missiologiese dimensie van die getuieniswerk wat deur die NG Kerk in die Oostelike Sinode uitgevoer word. Die twee metodes waarvan gebruik gemaak gaan word om resultate te verkry is onderskeidelik:

- Kwantitatiewe Empiriese Navorsing
- Literatuurstudie

In die studie word daar vraelyste en evaluasievorms wat deur gemeentes ingevul is, ontleed en noukeurig bestudeer. Daar word ook gefokus op voltooide navorsingsprojekte, artikels en boeke wat in die opsig tot hulp kan wees vir die studie. Die studie sal die

© University of Pretoria

gemeentes in die NG Kerk (in die Oostelike Sinode) sowel as die sendelinge wat tans deur die gemeentes ondersteun word, help deur ’n holistiese beeld van die huidige situasie te skets. Gemeentes van ander denominasies in Suid-Afrika en globaal sal ook die studie nuttig vind in terme van hulle ondersteuning van sendelinge.

AFDELING A

EMPIRIESE NAVORSING

HOOFSTUK 2

Kwantitatiewe empiriese navorsing

EMPIRIESE NAVORSINGS DATA (VRAELYSTE) ANALISE

2.1. Navorsings data (Vraelyste analise)

Die Oostelike Sinode van die NG Kerk bestaan uit 85 gemeentes met 126 582 lidmate waarvan 95 288 belydende en 31 294 dooplidmate is. 173 leraars bedien die 85 gemeentes in die Oostelike Sinode (Jaarboek van die NG Kerk 2014 en bevestig deur die Oostelike Sinode administratiewe kantoor). Die gemeentes val binne die grense van die Gauteng-, Mpumalanga- en Limpopoprovinsie in Suid-Afrika en Swaziland. Die feit dat 88% (verg. 1. Inleiding) van al die vraelyste wat uitgestuur is, voltooid teruggestuur is, verhoog die akkuraatheid van die studie. Die statistieke en grafieke wat dus in die gedeelte verbeeld word, is van kardinale belang aangesien die inligting wat daardeur weerspieël word, ligitiem is en die situasie vanuit beide die gemeente en sendeling se oogpunt aandui.

Skets 2 Kaart van die Oostelike Sinode met gemeentes aangedui (http://www.sinoos.co.za/gemeentes).

© University of Pretoria

2.1.1. Waar is julle gemeente oral betrokke?

In hierdie gedeelte word daar gefokus op die aantal sendelinge wat deur die Oostelike Sinode ondersteun word. Die lande en kontinente waar die sendelinge en organisasies wat ondersteun word is, is hiervan belang. Daar word melding gemaak van die aantal ondersteuningspunte in verskillende lande en kontinente.

Gemeentes van die Oostelike Sinode word deur die studie uitgevra oor die manier wat hulle getuienis in verskillende areas ontplooi. Die navorser poog om in die gedeelte op 'n eenvoudige manier uiteen te sit hoe die gemeentes se getuienisaksies tans in verskillende areas versprei is. Die areas word in vier afdelings verdeel. Daar word gekyk na getuienisaksies van gemeentes van die Oostelike Sinode binne die Sinodegrense, in Suid-Afrika, buite Suid-Afrika, maar steeds in Afrika en dan laastens buite die grense van Afrika. Die vier afdelings waarin die getuienisaksies onderskei word is onderskeidelik:

- Oostelike Sinode
- Suid-Afrika
- Afrika
- Globaal

2.1.1.1. Die verspreiding van ondersteuning in Afrika.

Hier sien ons die ondersteuning deur die Oostelike Sinode: plaaslik (binne die Sinode grense), in Suid-Afrika, maar buite die Oostelike Sinode en dan laastens in Afrika (buite Suid-Afrika.

Plek	Aantal ondersteuningspunte	Persentasie van die aantal ondersteuning gebied
Oostelike Sinode	150	39%
Buite OS	168	43%
Afrika	71	18%

Tabel 1 Ondersteuning deur Oostelike Sinode in Afrika

© University of Pretoria



Grafiek 1 Ondersteuning deur Oostelike Sinode in Afrika

Hoewel die meeste van die ondersteuning buite die grense van die Oostelike Sinode, maar steeds in Suid-Afrika is, is die aantal ondersteuningspunte in die twee gebiede bykans dieselfde. Dit is ’n positiewe teken dat die gemeentes in hulle onmiddellike omgewing net so hard aan die getuig en werk is as oor die grense, maar steeds in die land. In Afrika is daar nie baie groot ondersteuning nie, dit is sowat die helfte van die ondersteuning in die Oostelike Sinode.

2.1.1.2. Die verspreiding van ondersteuning.

Plek	Aantal ondersteuningspunte	Persentasie van die aantal ondersteuning gebied
Oostelike Sinode	150	29%
Buite OS	168	33%
Afrika	71	14%
Res van die wêreld	123	24%

Tabel 2 Ondersteuning deur die Oostelike Sinode



Grafiek 2 Ondersteuning deur die Oostelike Sinode

© University of Pretoria

Indien ons die grense wyer trek as net Afrika (sluit Suid-Afrika uit), dan blyk dit dat die ondersteuning aan die lande buite Afrika baie goed is. Daar is byna soveel ondersteuningspunte in lande buite Afrika as in die Oostelike Sinode. Dit is interessant dat die gemeentes beduidend meer ondersteuning (10% meer) aan lande op ander vastelande as aan Afrika bied.

Nog ’n interessante feit is dat 76% van alle ondersteuning deur die Oostelike Sinode op ons eie vasteland is. Dit is ’n aanduiding dat gemeentes eerder ondersteuning aan nabye gebiede bied. Dit is ’n positiewe teken. Dit dui aan dat gemeentes omgee vir dit wat rondom hulle gebeur en dat hulle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

2.1.2. Wie is die sendelinge

In hierdie gedeelte is die fokus op die sendelinge en die verskillende welsyn- en sendingorganisasies wat deur die gemeentes van die Oostelike Sinode ondersteun word. Hier volg ’n lys, met die naam van elke gemeente en die inligting soos per vraelys, ontvang. Daar is dikwels nie name van sendelinge beskikbaar nie weens die beskerming van die sendeling se identiteit. In die gevalle is daar dan net van ’n noemnaam melding gemaak. Dikwels word organisasies ondersteun en is daar nie ’n enkele persoon wat aan die organisasie gekoppel is nie. Van die sendelinge werk onafhanklik en daar is dus geen organisasie langs die naam van die sendeling nie. Wanneer organisasies in geheel ondersteun word, is net die organisasie se naam aangedui.

2.1.2.1. Sendelinge en organisasies wat deur die NG Gemeentes van die Oostelike Sinode ondersteun word.

© University of Pretoria

Gemeente se naam	Sendeling se naam	Organisasie se naam
Alkmaar	Ds. K Kriel	VGK Alkmaar
	P. Nsibande	VGK Elandshoek
	C. Ragibo	VGK Badplaas
	Past. S. Salva Raj	Echo of His call ministries
	S. Mulder & E.Mulder	Back to the Bible training college
	R. Nagel	Gebedsnetwerk Belville
Amersfoort	Geen	
Amsterdam (Grahamstad ingelyf)	P. Nobela	Binne gemeente grense
	A. Mbingo	Binne gemeente grense
	S. Kunene	Binne gemeente grense
Badplaas	Ds. R. du Toit	VGK Embuleni
Barberton	S. Mulder & E.Mulder	Back to the Bible training college
	H. Viljoen	Onafhanklik
	K. Brown & C. Brown	Wycliffe
	H. van Loggenberg & K. van Loggenberg	Life schools
	H. van Wijk & M. van Wijk	Aksie Midde-Ooste
	W. Kelber & H. Kelber	Jesus Film
	S. v.d Watt & K. v.d Watt	Missie Japan
	Ds. K Kriel	VGK Alkmaar
	E. Erasmus	SAAWE
	M. Bosban & R. Bosban	Onafhanklik
	C. Steyn & E. Steyn	Onafhanklik
	N. Verwey & D. Verwey	Missie Japan
		Christelike lektuurfonds
		Seemans
		Feba Radio
Belfast	Ds. B. Blom	Gemeente se getuienisgroep
	R. Grunder	CMR
	L. Masinga	Gemeente se getuienisgroep
	J. Ramashala	Gemeente se getuienisgroep
	J. Makua	Gemeente se getuienisgroep
	A. Mathonsi	Gemeente se getuienisgroep
	T. Scheffers	Gemeente se getuienisgroep
	S. Sekgogoba	Gemeente se getuienisgroep

© University of Pretoria

	C. Mathebula	Timoteus Opleidingsinstituut
	T. Marogo	Nehemia Bybelinstituut
	J. Mzinyako	Nehemia Bybelinstituut
	H.Bekker	Gemeente se getuienisgroep
	R. Snydert & T. Snydert	VGK Rouxville
	C. Badenhorst & V. Badenhorst	Espernaza Ministries
	R. Holtzhausen	Cross cultural education
	H. Murry & S. Murry	Morgenster Kweekskool
	H.Marais	Back to the Bible Trust
	J. Nieuwoudt	Gemeente se getuienisgroep
Blinkpan	Geen	
Breyten	Vraelys nie ontvang nie	
Bronkhorstspruit	A. le Roux	Onafhanklik
	Pastoor D. du Plessis	Mamelodi Bybelverspreiding
	Pastoor A. Hinn	Mamelodi Bybelverspreiding
	Pastoor J. Mahlabe	Sonderwater Bybelverspreiding
Burgersfort (De Brug ingelyf)	W. Van Aswegen & E. Van Aswegen	Child Evangelism Fellowship
	P. Labuschagne & L. Labuschagne	SIM
	A. van Zyl en M. van Zyl	Operasie Mobilisasie
	S. Skosana & T Skosana	KOHIN
	N. V Wyk	KOHIN
	L. Thlaka	KOHIN
	T. Phungwayo	KOHIN
	P. Shandu	KOHIN
	V. Nyaka	KOHIN
	M. Maluleka	KOHIN
	P. Boonrang	ZERA ministry
		Badplaas uitreik
Carolina	L. Maziya	Gospel taxi club
	Ds. L. du Toit	VGKSA
		CMR
	R. Dormehl	C-Kruis
Chrissiesmeer	G. Greyson	Doxa
		SA Vrouefederasie
		CMR
		Bybelgenootskap

© University of Pretoria

		Feba Radio
		Geopende deure
		Transwêreld Radio
	Ds. L. du Toit	VGKSA
De Bruin Park - Ermelo		Geopende deure
		Missie Japan
		Swaziland Uitreike
		Franse sending
		Petra Kollege
		Feba Radio
Dennissig	Ds. L. du Toit	VGKSA
	M. Bosman	Philadelphia projek
	Ds. K. Beukes	VGKSA
	W. Loots	Shekina Christiena Fellowship
	Ds. F van Rensburg	CEF
	A. Monteith & A. Monteith	CTC Malawi
		Nasaret Kleuterskool
Doornkloof	K.de Jager	Pretoria gevangenis
		Middestad evangelisasie
	A. Rall	Laudium evangelisasie
	E. Weidemann	Lyttleton voedingskema
	Ds. A. Venter	Doornkloof voedingskema
	H. Hinsbreeck	City of joy
	H. Hinsbreeck	EEIII
	M. du Plooy & A. du Plooy	Sendelingpaar in Oman
	J. Van Rensburg & A. Van Rensburg	Sendelingpaar in Mosambiek
	A. Brink & S. Brink	CEF
	M.Barnard	CEF
	F. Boning en L. Boning	Sendelingpaar in Mosambiek
Elarduspark	dr. J. Snyman	Indië en Sjina sending
	R. Kruger	Thailand sending
	Conradie gesin	Namibië sending
	J. Bloemhof	Frankryk sending
Ermelo	Geen	
Ermelo- Oos	A. Mgabhi	Soul Harvest Ministry
	J.Sithole	New Life Missionary Church

© University of Pretoria

	J. Otto	Radio Alpha
	L. Bull	Petra Kollege
	C. Barry	Oikodemeo
	G. Abrahams	Vuurtoring Gemeente
	A.Monteith	Christian Training Centre
	A. Guvener	Diyarbakir Gemeente
	A. Borodatyy	Lviv Gemeente
	V.Polunin	Kiev Gemeente
	I. Campbell	Light to His people
	I. Taljaards	Christian youth and beyond
	K. Kiroglu	Egeiro
	J. Theron	KOHIN
	L. Vos	CMR
	R. Greyson	Doxa
Goedgegun- Swaziland		Remar
	Ds. M. Shongwe	Swaziland Reformed Church
	G. Dlamini	Onafhanklik
	W. Reynecke	Mpumalanga Mission
		All Nation Gospel
Graskop	Geen	
Gravelotte	M. Rasakanya	RDP
		Espernaza Ministries
	dr. E. King	Onafhanklik Plaaslik
Groblersdal	Ds. J. Snyman	Free to serve
Halfweghuis	D. Maluleke	Tsakani
Hazyview		Geopende deure
		Feba Radio
		Kruiskyk
	F. Mashego	Sizabantwana
		Ring se sending
	Ds. K Beukes	Petra Kollege
Hendrina		CMR
		Jan Kriel Instituut
		Instituut vir blindes
Kampersrus	L. Scheepers	Onafhanklik (Plaaslik)
Kerksondermure	A. Glas	Veritas

© University of Pretoria

	J. Otto	Radio Alpha
	L. Bull	Petra Kollege
	C. Barry	Oikodemeo
	G. Abrahams	Vuurtoring Gemeente
	A.Monteith	Christian Training Centre
	A. Guvener	Diyarbakir Gemeente
	A. Borodatyy	Lviv Gemeente
	V.Polunin	Kiev Gemeente
	I. Campbell	Light to His people
	I. Taljaards	Christian youth and beyond
	K. Kiroglu	Egeiro
	J. Theron	KOHIN
	L. Vos	CMR
	R. Greyson	Doxa
Goedgegun- Swaziland		Remar
	Ds. M. Shongwe	Swaziland Reformed Church
	G. Dlamini	Onafhanklik
	W. Reynecke	Mpumalanga Mission
		All Nation Gospel
Graskop	Geen	
Gravelotte	M. Rasakanya	RDP
		Espernaza Ministries
	dr. E. King	Onafhanklik Plaaslik
Groblersdal	Ds. J. Snyman	Free to serve
Halfweghuis	D. Maluleke	Tsakani
Hazyview		Geopende deure
		Feba Radio
		Kruiskyk
	F. Mashego	Sizabantwana
		Ring se sending
	Ds. K Beukes	Petra Kollege
Hendrina		CMR
		Jan Kriel Instituut
		Instituut vir blindes
Kampersrus	L. Scheepers	Onafhanklik (Plaaslik)
Kerksondermure	A. Glas	Veritas

© University of Pretoria

	T. Kellerman	Veritas
	D. Scholtz	Bangkok sending
	J. Strydom	Kanada sending
	A. Paetzold	Mosambiek sending
	C. Fourie	Tibet sending
		Zimbabwe youth
		Zimbabwe Chipingi
		CRB
		Berg-en-dal huis
		Bokamosa bakkery
		Echo youth
		Gideon@Centurion
		Huis Davidts
		Jehovah Jirah Kinderhuis
		Kinder Kanker
		Lebone
		Louis Botha Kinderhuis
		Manna sonder mure
		Matla a bana
		Christian school
		PEN
		THF
		Waterval Christelike sentrum
Kloofsig		CMR
Komatipoort	P. Shabangu	Plaaslik
	E. Sambo	Plaaslik
	A. Mhlongu	Plaaslik
	B. Ndashe & T. Ndashe	Mosambiek sending
	W. Nel	Mosambiek sending
	H. du Pont	Mosambiek sending
Kragveld	Geen	
Krielpark	R. Seymor	Plaaslik
	J. Kotze & I. Kotze	Mosambiek sending
	C. Strydom & A. Strydom	Bulgarye sending
Krugerwildtuin	Pastoor J.Laone	IRM Magude
		Nungu Kleuterskool

© University of Pretoria

		Pro-Vita Klub
Laeveld	Vraelys nie ontvang nie	
Letsitele		Goue jare aftree-oord
	Ds. B. Vd Westhuiyzen	Onafhanklik
	Ds. D. Nyathi	Onafhanklik
	N. Leonard & A. Leonard	Operasie Mobilisasie
Ligkruis		Hlangani Upliftment Centre
	M. Monareng & F. Monareng	Onafhanklik
	Ds. C. Bester	EEIII
		CMR
		Feba Radio
		Geopende deure
Lux mundi	O. Potgieter	Oekraine sending
	G. Erasmus	Mosambiek sending
	Ds. S. Mokoena	Ohrigstad
Lydenburg	Geen	
Lydenburg- Suid	Ds. A. Doyer	Church Household Interface
Lynnwoodrif	H. De Villiers	Building hope foundation
	L. Beukes	GO! Klub
	A. Jordaan	Jesus Life Community
	A. Chongo	Onafhanklik
	J. Mbiya	Promised Land Ministries
	J. Van Heerden	PEN
	M. Nyako	Onafhanklik
	F. Richter	Petra Kollege
	J. Hooper & J. Hooper	Veritas
	B. Shunmugam	Reformed Church of Africa
	M. Moolman	Operasie Mobilisasie
	S. Van der Merwe	Operasie Mobilisasie
	C. Bosman	Open Hand
	S. Rossel	Onafhanklik
	G. Gaston	Onafhanklik
	C. Steyl	Sudan sending
	A. Thiart	IRM
	A. Van der Merwe	IRM
Lyttleton	Dr. D Maluleke	VGK Ivorypark

© University of Pretoria

		VGK Ebonypark
Lyttleton- Oos	Vraelys nie ontvang	
Lyttleton- Noord	Vraelys nie ontvang	
Machado- Boven	Ds. F. Van Rensburg	CEF
	J. Nel	LCF Centro Promessa
	Past. J. Sande	Igeja Reformado- Nova Sofala
Malelane	D. Luri	Plaaslik
	D. Codreia	Swaziland Uitreike
	J. Scheepers	Lebanon sending
	T.J. Maree	Iran en Irak sending
Marble Hall	P. Eshleman	Campus Crusade
	M. Barnard & J. Barnard	Campus Crusade
Merlindale		TWR
Meyerspark	H. van Niekerk	Rusland en Asië sending
	A. Preller	NG Gemeente Secunda
Middelburg	C. Cilliers & A. Cilliers	Mosambiek sending
Middelburg Kanonkop		Sending sonder grense
		Geopende deure
	Ds. E.Brits	Bosbokrand
Middelburg-Suid	E. Pretorius	Plaaslik
	M. Combrinck	Plaaslik
Monumentpark- Wes		VGK Ivorypark
Moreletapark	B. Badenhorst	Campus Crusade
	M. Badenhorst	Heart cry ministries
		Global action
	T. Benson	Shekina Christiena Fellowship
		Operasie Mobilisasie
	Francois en Dottie	Heart cry ministries
	M. de Beer & L. de Beer	Campus Crusade
	J. de Kock	ACT tours
	F. Engelbrecht & M. Engelbrecht	Mercy Ministries
	F. Greyling & A. Greyling	Campus Crusade
		PAD
	N. Johnson	SSNET
		MECO
	N. Koekemoer	Legacy ministries

© University of Pretoria

	L. Kotzé	Campus Crusade
	S. le Roux	CAPRO
	N. Leonard & A. Leonard	Operasie Mobilisasie
	C. Loots	Petra Kollege
	W. Loots	Shekina Christiena Fellowship
	T. Mathews	Campus Crusade
	D. Maree	Laudium Outreach
	G. Marx	Davar Partners
		Asia Centre Foundation
	J. Myburgh	Campus Crusade
	J. Naudé	Reformed Christian Alliance
	D. Pauley & R. Pauley	Lig vir die Nasies
	E. Piek	24/7 Gebed
		Jericho mure
	M. Strydom	Campus Crusade
	Q. Swanepoel & I. Swanepoel	Campus Crusade
	K. Van Heerden & I. Van Heerden	World Thrust
	J. Van Jaarsveld & E. Van Jaarsveld	Aksie arbeiders vir die oes
	L. van Staden	Serve the city
	F. Vosloo sr.	Campus Crusade
	F. Vosloo Jr.	Campus Crusade
	D. Zaayman	Onafhanklik
	M. Bloem & M. Bloem	Petra Kollege
	R. Coetsee	Campus Crusade
	N. Delport	FTLT
	M. Swart	ZEMA
Morgenzon	Vraelys nie ontvang nie	
Nelspruit		Back to the Bible training college
		VGKSA
	J. Lourens & H. Lourens	Campus Crusade
		Mosambiek HUB
	Past.TJ. Maré	Nelspruit gemeenskapsforum
Nelspruit-Suid	Vraelys nie ontvang nie	
Nelspruit-Westergloed	Ds. W. Nel	IRM
	Past. S. Salva Raj	Echo of His call ministries
	S. Mtembo	Plaaslik

© University of Pretoria

	K. Van Heerden & I. Van Heerden	Barberton Bybelskool
	Ds. Castro	Volta a Biblia
Nooitgedacht		NG Gemeente Zithobeni
		Gouda sending
	C. Vercueil	Plaaslik
	H. Pieters	Shongwe sendingstasie
Ohrigstad	Vraelys nie ontvang nie	
Olifantsfontein	Vraelys nie ontvang nie	
Paardekop	Vraelys nie ontvang nie	
Phalaborwa	Ds. A. Volschenk	CEF
Pierre van Ryneveld		CMR
		Ebony Park
		Ivory Park
		Lyttleton voedingskema
Piet Retief		Piet Retief dienssentrum
		Christelike Polisievereniging
		Bybelgenootskap
		Biblia Hawesending Durban
		Seemans
		KANSA
		Hugenote kollege ontwikkelingsfonds
		CMR
		Estralita skool
		Huis Immergroen
		Radio Kansel
		Bybel in Braille
		Jews for Jesus
		Effata gemeente vir dowes
		Merci Ships
		Bybelmedia
		Kerkbode Kersfonds
		Beeld Kinderfonds
		CABSA
		Feba Radio
		Christelike lektuurfonds
		Frankryk sending

© University of Pretoria

		Bybelkor
		Back to the Bible training college
		Taxi bediening
		Kinderfonds
Premier myn		Christelike maatskaplike raad
		Zonderwater gevangenis
Pretoria Faerie Glen		Getuienisforum Mamelodi-Lusaka
		GSKK
	D. Kadzakumanja	IRM
Pretoria Garsfontein	Dr. F. Hancke	Ons is die Plan
		Outreach Africa
		Dolphynhuis
		Ligbediening
		Elengos
Pretoria-Oosterlig	H. Booysen	Onafhanklik
	H. Beetge & D. Beetge	Verenigde Koninkryke sending
	W. Kelber & H. Kelber	Jesus film
	S. Mvere	Mosambiek sending
	S. Conradie & M. Conradie	Global mission fund
	W. Erasmus & M. Erasmus	Frankryk sending
	M. Louw & C. Louw	SAAWE
	S. Mulder & E.Mulder	Back to the Bible training college
	B. Cronjé & V. Cronjé	Mosambiek sending
	M. le Roux	Frankryk sending
	D. Moatshe	Dinokana Kgote
	J. de Bruin & E. de Bruin	Highway ministries
	R. Herbst	Yemen sending
	A. Kahn	Yemen sending
	H. Dedekind	C-Kruis
	A. Barnard	Operasie Mobilisasie
	Dr. B. Wolfaardt & Dr. M. Wolfaardt	Veritas
	L. Wessels	Vision Africa
	N. Ferreira & E. Ferreira	Operasie Mobilisasie
Rayton	Geen	
Rietkuil	Geen	
Roossenekal		SAVF Ouetehuis

© University of Pretoria

		Seemans
Sabie	Geen	
Silverton Kruin		Gideons
		CMR
		Operasie Mobilisasie
Skuilkrans	F. Nel	Eternal Life Outreach
	F. Richter	Petra Kollege
	M. Niemand	Frankryk sending
		Zama-Zama
		Silverprojek
		Sendingondersteuning diensgroep
		Noodhulpaksie
		Jakaranda Kinderhuis
		Wilgers Hospitaal
		Jireh-projek
		VGK
		Silverton Crux Naskoolsentrum
	H. van Wijk & M. van Wijk	Aksie Midde-Ooste
		IRM Mapai
	A. van Wyngaard	Swaziland Reformed Church
		PEN
		MES
		Huis Silversig
		Hoërskool FH Odendaal
		Aksie arbeiders vir die oes
		Bybelgenootskap
		Nellmapius Kleuterprojek
Tygerpoort	M. Rentier & K. Rentier	Nederland sending
Tzaneen- Wolkberg	Ds. C. Visser	Vissers vir Christus
	M. Niemand	Frankryk sending
		TWR
	Y. Conradie	Sending Asië 2000
	A. Van der Merwe	Nuwe Lewe Bediening
	F. Nel	Eternal Life Outreach
	Johanna	Bybelkiosk
	J. Mabusela	VGK

© University of Pretoria

	C. le Roux & A. le Roux	Coram Deo
	S Masetla	Masetla bediening
	G. Coetzee	Geopende deure
	Dr. G. Nel	Hebrew people Institute
Tzaneen	I. Hall	Moleketla Christian Church
	R. Hunter	Onafhanklik
	S. Mulder & E. Mulder	Back to the Bible training college
Valleisig	Past. S. Mathabula	Christian Faith Mission
	Ds. C. Sibanda	GSKK
	Dr. M. Murray	Mamelodi-Lusaka
	Ds. F. Tshishonga	Phahameng Mamelodi
	J. Taylor	Operasie Mobilisasie
	F. Roelofse & M. Roelofse	Operasie Mobilisasie
	J. Bloemhof & R. Bloemhof	Frankryk sending
	H. Emmanuel & N. Emmanuel	Plaaslik
	O. Eales & A. Eales	Plaaslik
	A. Glas	Plaaslik
	J. Cuna	IRM
	S. Mine	Uitreikaanbiedings en taxi's
		Christelike lektuurfonds
		Huishulpklasse
Volksrust	G. Coetzee & A. Coetzee	Portugal sending
	H. Jacobs & M. Jacobs	Uganda sending
Volksrust-Suid	C. Badenhorst & V. Badenhorst	CMR
		Hilderbrandt kinderhuis
		Espernaza Ministries
		Rusoord Volksrust
Wakkerstroom	I. du Toit	Rusland sending
		Jericho mure
		VGK
Witbank	Vraelys nie ontvang nie	
Witbank- Klipfontein	A. Van der Merwe	Ireja Reformada
	T. Schuman	World Outreach
	K. Serfontein	Campus Crusade
	W.Dlamini	Harvest Evangelism
	W. Nel	Youth with a mission

© University of Pretoria

	J. Coetzer	Youth with a mission
	P. Stolz	Ibahayi PE
	J. Struwig	Onafhanklik
	M. Newheart	Onafhanklik
Witbank- Panorama	Ds. J. Fourie	Nywerheidsbediening Witbank
	Ds. H. Mathebula	VGK
	Ds. J. Van Eyssen	Petra Kollege
	K. Viljoen en C. Viljoen	CEF
	G. Malek	Ecumenical institute
	B. Sadie & L. Sadie	Goeie nuus sending
	Ds. C. Bester	EEIII
	J. Grobelaar	Petra Kollege
	D. Lombaard	België sending
	M. de Lange	Frankryk sending
Witbank- Suid (Ogies ingelyf)	A. Koorsen	Klarinet Ministry
	J. Zulu	Plaaslik
	A. Dengenaar	Plaaslik
	W. Rautenbach	Plaaslik
	N. Mtsweni	Scripture Union
	D. Pieterse	Campus Crusade
	J. Van Eyssen & C. Van Eyssen	Petra Kollege
	C. Visser	Vissers vir Christus
	K. Serfontein & I. Serfontein	Sekhukuneland
	R. Snydert & T. Snydert	Onafhanklik
	D. Van der Merwe & R. Van der Merwe	Campus Crusade
	B. Lourens & R. Lourens	Petra Kollege
	P. Stolz & L. Stolz	Eastern Cape Bible institute
	TC. du Toit	Botswana sending
	S. Holmgren & H. Holmgren	Onafhanklik
	F. Van Rensburg	Onafhanklik
	J. Ngomane	CEF
	S. Fourie	Incontexed
	M. Ratsoanatenaina	CEF
	C. Brand	Youth with a mission
	B. Badenhorst & A. Badenhorst	Campus Crusade
	G. van Eck & V. van Eck	Onafhanklik

© University of Pretoria

	P. Alexander & C. Alexander	Onafhanklik
	W. Nel	Youth with a mission
	A. Roodt	Covenant players
	G. Malan & K. Malan	Onafhanklik
	M. de Lange & P. de Lange	Operasie Mobilisasie
	F. Greyling & A. Greyling	Agape Ministries & Campus Crusade
	E. du Toit	Global Challenge
Witbank- Vallei	K. Viljoen	CEF
	J. Fourie	Word in Workplace
	F. du Plessis	Detox
	H. de Klerk	Onafhanklik
	A. Strydom	Onafhanklik
	K. Swanepoel	Onafhanklik
	S. Sihlnagu	Onafhanklik
	S. Holmgren & H. Holmgren	Springvalley
	J. Serfontein	Edenpark tehuis
	G. Loock	Gospel taxi club
	K. Nell	Bybelgenootskap
	C. du Plessis	Cosmos kinderhuis
Witrivier	Geen	

Tabel 3 Lys van al die Sendelinge/Organisasies wat deur die NG Gemeentes van die Oostelike Sinode ondersteun word.

Die tabel dui aan dat daar talle sendelinge en organisasies deur die gemeentes in die Oostelike SInode ondersteun word. Dit is interessant dat daar verskeie organisasies en sendelinge is wat deur meer as een van die gemeentes ondersteun word. Dit kan baie positief wees en indien daar voldoende kommunikasie tussen gemeentes en sendelinge/ organisasies is, kan dit lei tot voldoende en volhoubare gesamentlike ondersteuning van sendelinge/organisasies. Aan die anderkant kan swak kommunikasie veroorsaak dat daar baie ondersteuning na enkele sendelinge/organisasies gekanaliseer word in plaas daarvan dat die ondersteuning aan sendelinge/organisasies meer gelykop en volgens die behoeftes van sendelinge en organisasies versprei word.

In die volgende gedeelte kyk ons na die vier sendelinge en organisasies wat die meeste gemeentes in die Oostelike Sinode ondersteun.

© University of Pretoria

2.1.2.2. Top vier sendelinge en organisasies wat deur meer as een gemeente in die Oostelike Sinode ondersteun word.

Soos in die vorige afdeling genoem kan dit as positief of negatief gesien word as daar duplisering van ondersteuning aan sendelinge of organisasies plaasvind. In hierdie gedeelte word daar gekyk na die vier sendelinge en organisasies wat die meeste ondersteuning van gemeentes kry en gevolge daarvan word bespreek.

Sendeling/Organisasies	Aantal gemeentes wat die Sendeling/ Organisasies ondersteun
Campus Crusade	15
CMR	11
CEF	9
Operasie Mobilisasie	9
S. Mulder & E. Mulder	4
Ds. Kriel	2
M. Niemand	2
Past. S. Salva Raj	2

Tabel 4 Die vier sendelinge en organisasies wat deur die meeste gemeentes ondersteun word.

Die gevolgtrekking wat ons kan maak is hoewel daar steeds meestal op organisasies gefokus word, daar alreeds baie meer vertroue in sendelinge wat onafhanklik werk, geplaas word. Na gesprekke met Norman Johnson (SSNET) van die NG Kerk Moreletapark verstaan ek ook dat gemeentes dikwels eerder hulself aan ’n sendeling koppel as om hom / haar slegs te ondersteun. ’n Gemeente se naam kan dus in plaas van die organisasie se naam wees en dit beteken dat daar op verskeie maniere aan een sendeling deur die gemeente wie hulself aan hom/haar bind voorsien word. Dit verseker dat sendelinge deel raak van ’n familie in plaas van ’n organisasie want die gemeente stel persoonlik in die sendeling belang. Indien gemeentes die missionêre tendens volg en sendelinge ondersteun, word hierdie wyse van ondersteuning sterk aangemoedig. Indien gemeentes ten volle verantwoordelikheid aanvaar om ’n sendeling en sy gesin te ondersteun kan dit baie wedersydse kommunikasiegapings (sendeling en gemeente) en ‘n tekort aan ’n geestelike tuiste (in die sendeling se moedertaal en in sy/haar geboorteland) uitskakel. Die gemeente raak op die wyse persoonlik by die sendeling en sy/haar gesin betrokke en aanvaar verantwoordelikheid vir die ondersteuning, voordurende opleiding, teologiese begronding en die rentmeesterskap oor haar bydraeë tot die sendeling. Hierdie

© University of Pretoria

ondersteuningsmodel verhoed dat meer as een gemeente (somtyds onbewustelik) dieselfde sendeling (oor)ondersteun. Dit verseker op so ’n wyse dat duplisering voorkom word en dat die sendeling ’n plek het waar hy/sy en sy/haar gesin tuis kan voel en oor hulle uitdagings en drome kan praat.

Hierdie afdeling van die studie dien verder as hulpmiddel om ons bewus te maak van die verskillende organisasies en die sendelinge wat deur die NG gemeentes in die Oostelike Sinode ondersteun word asook die reikwydte van die ondersteuning. Dit gee vir ons ’n beeld van hoe ’n enkele sinode ’n groot rol kan speel binne en buite die grense waarin hulle hulself bevind.

2.1.3. Met watter werk is hulle hoofsaaklik besig (Evangelisasie, onderwys, medies, ens.)?

In hierdie gedeelte word gekyk na die verskillende tipes werk en dienste waarmee sendelinge en organisasies wat deur die Oostelike Sinode ondersteun word, besig is. Hoewel daar ’n groot verskeidenheid werk is waarmee sendelinge / organisasies besig is, word dit gegroepeer om ’n oorsigtelike, maar duidelike beeld te skets.

Die tabel toon vir ons eerstens die verskillende tipes werk wat deur die sendelinge en organisasies gedoen word. Tweedens sien ons die aantal sendelinge wat die werk of diens doen. Laastens sien ons die persentasie in terme van die verskeidenheid werk gedoen om vir ons ’n geheelbeeld te skets.

2.1.3.1. Al die tipes werk en dienste

Tipe werk	Totaal	Persentasie
Evangelisasie en verwant aan evangelisasie	215	40%
Alle tipes opleiding en onderrig	116	21%
Alle mediese hulp en versorging	18	3%
Alle kerkverwante werk	67	12%
Alle tipes jeugwerk insluitend kleuter-, jeug- ens.	44	8%
Alle tipes sorg en opheffingswerk	69	13%
Ander	15	3%

Tabel 5 Die verskillende tipes werk wat Sendelinge/Organisasies doen wat deur die Oostelike Sinode ondersteun word.

© University of Pretoria

Grafiek 3 Die verskillende tipes werk van Sendelinge/Organisasies wat deur die Oostelike Sinode ondersteun word.

Uit die bostaande tabel en grafiek word die afleiding gemaak dat evangelisasie, onderwys en mediese ondersteuning die vernaamste kategorieë is waarmee sendelinge hulle besig hou. Evangelisasiewerk (33%) word die sterkste ondersteun. Hoewel onderwys (4%) ook dikwels ondersteun word, is dit persentasiegewys veel minder as evangelisasiewerk. Laastens sien ons dat mediese hulp (2%) die swakste deur die Oostelike Sinode ondersteun word

Die gebrekkige mediese ondersteuning is kommerwekkend aangesien siektes soos HIV, TB, malaria, kanker en Ebola toeneem. Die siektes word daagliks ’n groter risiko en talle sterftes word aangemeld. Een van die groot uitdagings waarmee die kerk gekonfronteer word is om finansiële hulp te verleen en om ’n voordelige bydrae te lewer tot die voordurende navorsing vir bogenoemde siektes. Die armoede wat in Afrika heers is kommerwekkend aangesien die siektes aanhou versprei en gebrekkige mediese hulp en navorsing as gevolg daarvan, vererger die probleem. Talle pasiënte sterf daagliks omdat hulle dit nie kan bekostig om by klinieke of hospitale uit te kom nie. Ongelukkig lewer onkunde en tradisionele genesers ook ’n bydrae tot die stygende sterftesyfers. Gemeentes sal ongetwyfeld selfondersoek moet instel in terme van hulle ondersteuning aan mediese navorsing en hulpbehoewende pasiënte wat aan sodanige siektes ly. Die probleem vereger daagliks in Afrika en behalwe die feit dat daar ’n reuse-tekort aan mediese ondersteuning is, is daar ook ’n tekort aan opvoeding wat noodsaaklik is om mense ingelig te hou ten opsigte van die gevare waaraan die siektes hulle blootstel.

2.1.4. Wat is die sendelinge se vernaamste behoeftes?

In hierdie gedeelte word daar na die vernaamste behoeftes van die sendelinge gekyk. Die behoeftes is deur gemeentes gelys en gevolgtrekkings word vanuit die aantal kere wat dit in die vraelyste voorgekom het, gemaak. Die totaal wat aangedui word, is dus die aantal

© University of Pretoria

kere wat die spesifieke behoefte in die vraelyste voorgekom het. Gemeentes het dikwels 'n lys waarin die verskillende sendelinge en hulle onderskeie behoeftes genoem is, bygevoeg. Een gemeente kon dus 'n behoefte meer as een maal genoem het. Dit moet vermeld word dat die gevolgtrekkings in hierdie afdeling ongelukkig nie heeltemal akkuraat is nie aangesien dit nie in die vraelyste van die getuienisstudie vervat is nie. Die vraag kom slegs in 64% van die vraelyste voor.

Die onderstaande tabel weerspieël die onderskeie sendelinge se behoeftes. Hoewel dit tot hulp kan wees, moet ons egter in ag neem dat elke sendeling se omstandighede anders is en dat die sendeling se fokus en behoeftes bepaal word deur verskillende faktore. Daar kan sendelinge wees wat al hulle tyd aan slegs een aspek wy terwyl 'n ander se dagtaak van dag tot dag verskil. Sendelinge se fokus kan ook skuif afhangende van die omgewing en omstandighede waarin hulle hulself bevind.

2.1.4.1. Al die behoeftes van sendelinge.

Tipe behoefte van Sendelinge	Aantal kere wat dit voorkom	Persentasie
Publisiteit en verwante behoeftes	30	7%
Persoonlike bystand en verwante behoeftes	175	40%
Finansiële en verwante behoeftes	138	31%
Fisiese benodigdhede en hulp	89	20%
Geboue en verwante behoeftes	10	2%

Tabel 6 Samevattende beeld van al die behoeftes wat sendelinge/organisasies het.

Grafiek 4 Samevattende beeld van al die behoeftes wat sendelinge/organisasies het.

Sendelinge se grootste behoefte is aan persoonlike bystand en verwante aspekte (40%). Finansiële ondersteuning (31%) is ook 'n belangrike behoefte van die sendelinge. Dit is belangrik dat gemeentes van die Oostelike Sinode kreatiewe, nuwe maniere vind om meer persoonlike bystand en finansiële ondersteuning aan sendelinge te bied. In hierdie opsig is

© University of Pretoria

dit baie belangrik dat gemeentes goeie kommunikasie met die sendelinge moet hê. Goeie kommunikasie sal sendelinge die vrymoedigheid gee om met gemeentes te praat oor hulle behoeftes. Gemeentes kan dan ook beter bepaal waarin hulle kan voorsien en waarin nie.

Hier is dit ook belangrik om terug te verwys na 2.2.1 waar aangedui word watter sendelinge en organisasies deur dieselfde gemeentes ondersteun word. Indien gemeentes netwerke skep en dit onderhou sal duplisering van ondersteuning op ’n baie konstruktiewe manier bestuur kan word. Dit sal ook help dat gemeentes die vrymoedigheid het om gesamentlik een sendingpaar te ondersteun indien een gemeente dit nie alleen kan hanteer nie. Gemeentes kan hulle effektiwiteit verhoog deur parallel met ander gemeentes te werk. Sodanige samewerking sal ongetwyfeld tot meer volhoubare ondersteuning van sendelinge lei.

2.1.5. Op watter maniere ondersteun julle die sendelinge se projekte.

Hier word ’n weerspieëling gegee van gemeentes in die Oostelike Sinode se metodes van ondersteuning wat die meeste in die vraelys voorgekom het.

Fisiese ondersteuning verwys na hulp wat fisies aan sendelinge gebied word. Dit is ’n baie wye veld en kan enige hulp wees - van uitreikgroepe tot ’n motorwerktuigkundige wat die sendeling help om sy/haar voertuie te herstel. Die afdeling bevat ook fisiese behoeftes soos Bybels, klere en toerusting wat aan die sendeling geskenk word.

Die eerste kolom bevat die verkillende tipes ondersteuning, die tweede kolom die aantal kere wat dit in die vraelyste voorgekom het en laastens word dit in persentasie uitgedruk.

2.1.5.1. Voorsiening aan die behoeftes van sendelinge.

Tipe behoefte wat deur die gemeente ondersteun word	Aantal	Persentasie
Voorsiening in verband met bewusmaking en verwante ondersteuning	103	10%
Voorsiening in verband met persoonlike bystand	332	31%
Voorsiening in verband met finansiële ondersteuning	390	36%
Voorsiening in verband met fisiese ondersteuning	240	22%
Voorsiening in verband met geboue en verwante aspekte	4	0%

Tabel 7 Samevattende beeld van die behoeftes waarin gemeentes van die Oostelike Sinode voorsien.

© University of Pretoria



Grafiek 5 Samevattende beeld van die behoeftes waarin gemeentes van die Oostelike Sinode voorsien.

Ons vind hier ‘n baie breër verspreiding as in grafiek 4. Daar word sterk klem geplaas op persoonlike bystand (31%), finansiële ondersteuning (36%) en fisiese behoeftes (22%). Die ondersteuning is goed verspreid tussen die verskillende aspekte en verskaf ’n duidelike beeld van die Oostelike Sinode wat geld, tyd en emosionele bystand aan hulle sendelinge bied. Ons sien hierdeur dat die Oostelike Sinode vrygewig is, maar ook erns daarvan maak om sendelinge te ondersteun, by te staan en hulle op te dra in hulle gebede.

2.2. Gevolgtrekkings van die navorsings data (Vraelyste)

Die vyf vrae wat in die vraelys aan gemeentes van die Oostelike Sinode gestel is, is gebruik om die die afdeling se struktuur te bepaal en te vergemaklik:

1. **Waar is julle gemeente oral betrokke?**
2. **Wie is die sendelinge?**
3. **Met watter werk is hulle hoofsaaklik besig (evangelisasie, onderwys, medies ens.)?**
4. **Wat is die sendeling(e) se vernaamste behoeftes?**
5. **Op watter manier ondersteun julle die sendelinge se projekte?**

Hier volg dan gevolgtrekkings wat in elk van die afdelings gevind is:

Indien ons van die wydste grense (globaal) af nader na die Oostelike Sinode beweeg, bevind ons dat uit die 501 ondersteuningspunte, 123 buite Afrika is. Daar is dus sterk ondersteuning vanuit die Oostelike Sinode na die uithoeke van die wêreld. Wanneer ons nader beweeg, dan sien ons dat 71 sendelinge/organisasies in Afrika, maar buite Suid-Afrika, ondersteun word.

Interessant genoeg toon Afrika, saam met Asië, tans die vinnigste groei in die Christelike geloof volgens studies gedoen deur die Gordon Conwell Teologiese seminaar (http://

© University of Pretoria

discipleallnations.wordpress.com/2013/08/25/the-top-20-countries-where-christianity-is-growing-the-fastest/ 06-02-2015) in die VSA. Negentien uit twintig van die lande waar die Christen geloof die vinnigste groei is op die twee kontinente. Vanuit die data sien ons dat daar meer hulp aan Afrika gebied moet word aangesien die potensiaal en bereidheid vir groei daar is. Dit bly egter ’n saak van gemeentes se belang en die ondersteuning wat reeds in Afrika gebied word, word geensins gering geag nie.

Binne Suid-Afrika, maar buite die Oostelike Sinode, is daar 168 ondersteuningspunte wat die meerderheid van al die areas is. Gemeentes van die Oostelike Sinode reik dus graag uit na hul onmiddellike omstandighede en steek die sinodale grens oor ter verbetering en ondersteuning in Suid-Afrika. Dit is baie belangrik om na jou eie plaaslike omstandighede te kyk en om ook hier volhoubare ondersteuning te bied. In terme van die volhoubaarheid van die ondersteuning is die gevolgtrekking baie positief en gesond.

Laastens kyk ons na die ondersteuning in die Oostelike Sinode. Tans word daar 150 sendelinge/organisasies ondersteun. Aangesien dit byna ’n derde van al die ondersteuning is, dui dit daarop dat gemeentes in die Oostelike Sinode besorg is oor die sendelinge/ organisasies, maar ook oor die erns van hulle getuieniswerk binne hulle eie grense. Hulle wil ook graag die omstandighede plaaslik verbeter voordat hulle sendelinge en organisasies wat verder weg is, ondersteun. Die verspreiding van ondersteuning deur die Oostelike Sinode is gesond, hoewel mens die tekort aan ondersteuning aan ander Afrikalande kan bevraagteken.

Die tweede afdeling belig die persone en organisasies wat deur die Oostelike Sinode ondersteun word. Dit is duidelik dat talle van die persone en organisasies deur meer as een gemeente ondersteun word. Ek dink dat hierdie afdeling veral vir gemeentes tot hulp kan wees ten opsigte van kommunikasie met die organisasies en sendelinge wat hulle ondersteun. Dit sal ook help met kommunikasie tussen gemeentes om gesamentlike ondersteuning en moontlike pakkette vir die sendelinge en organisasies aan te bied. Die gesprekke kan veral verreikende gevolge hê wanneer gemeentes hulle ondersteuning koördineer en netwerke begin vorm, nie net om beter ondersteuning te bied nie, maar ook om mekaar aan te moedig om plaaslike gemeentes te ondersoek en die missionêre wese van die gemeente te herinterpreteer.

In die “Glocal” (Global+Local) wêreld waarin ons vandag lewe waar “Global” ewe skielik “Local” geword het, is dit baie makliker om oor die web gesprekke te voer en om kontak

© University of Pretoria

met mekaar te behou as in die verlede. Dinge wat normaalweg onbereikbaar was kan ons nou in ’n paar sekondes oor die internet bestel. In sy artikel *Artisanal cheeses or artisanal Jesus – loving your postal code enough to reflect it in the life and theology of the church* maak Niemandt die punt dat dat daar ’n sterk interverweefdheid tussen die globale en die plaaslike is (Niemandt 2014:2-4).

Waar dit voorheen moeilik was om met ’n sendeling in die Midde-Ooste kontak te maak is dit nou baie maklik en goedkoop. Die feit dat gemeentes mekaar en sendelinge baie makliker kan bereik speel ’n belangrike rol in die kommunikasie en netwerkvorming itv ondersteuning van sendelinge. Dit maak dit baie makliker vir gemeentes om parallel aan projekte te werk sonder om gespanne te wees oor kommunikasie met mekaar en die sendeling wat hulle saam ondersteun. Dit is ook belangrik vir gemeentes om te weet waar hulle ondersteuningstrukture, hulp en bystand kan bied en waar hulle netwerke kan vorm. Deesdae is laasgenoemde soveel makliker. Gemeentes het werklik met hierdie inligting tot hulle beskikking, talle moontlikhede tot kreatiwiteit en nuwe inisiatiewe. Dit kan tot sinvoller en meer volhoubare ondersteuning van sendelinge lei. Nuwe tegnologie, wat as hulpmiddel ingespan kan word, bied verder ook eindelose moontlikhede.

In die derde afdeling sien ons dat die sendelinge wat ondersteun word, op verskillende maniere in hulle omgewing ’n verskil maak. Daar is reeds in die hoofstuk verduidelik dat een sendeling nie noodwendig al sy aandag aan een aspek wy nie, maar dat sy dagtaak velerlei aspekte kan behels. Dit is egter steeds belangrik om te kyk na die tipes werk waaraan die meeste tyd bestee word. Evangelisasie en verwante aspekte (40%) is die werk wat verreweg die meeste verrig word, byna dubbel die van opleiding en onderrig, wat met 21%, tweede is.Ons kan hieruit aflei dat die Oostelike Sinode graag die evangelie na die uithoeke van die wêreld wil uitstuur. Sou dit wel een van die Oostelike Sinode se belangrikste uitgangspunte wees, moet daar ongetwyfeld ondersoek ingestel word waarom daar nie meer ondersteuning aan Afrika, buite Suid- Afrika, gebied word nie.

Die vierde en vyfde afdeling loop hand-aan-hand, soos reeds vermeld. Ek sal hier vergelykings tref tussen die twee afdelings om te sien hoe die gemeentes in die behoeftes van die sendelinge en organisasies voorsien. Die vernaamste behoeftes van die sendelinge en organisasies is persoonlike bystand en verwante ondersteuning (40%) en finansiële ondersteuning (31%). Die gemeentes in die Oostelike Sinode se ondersteuning is eerstens finansieel (36%) en tweedens persoonlike bystand en verwante ondersteuning

© University of Pretoria

(31%). Dit weerspieël 'n baie positiewe beeld van die huidige kommunikasie en samewerking tussen gemeentes en sendelinge en organisasies.

Hoewel die gevolgtrekkings rakende die data wat op die tabelle verskyn bevredigend is, is daar talle vrae rakende die missionale verstaan van kerkwees deur gemeentes in die Oostelike Sinode en die manier wat hulle dit gaan deel maak van hulle identiteit. Die opvolgende gedeelte let dan vanuit 'n teoretiese oogpunt op die redes vir die kerk om deel te neem aan God se sending.

Afdeling B

LITERATUURSTUDIE

Elke plaaslike gemeente in die Oostelike Sinode is op alle vlakke van kerkwees ten volle deel aan die globale kerk. Soos in die empiriese navorsing aangedui, is die gemeentes in die Oostelike Sinode besig om in verskeie lande in die wêreld ondersteuning aan sendelinge te bied en sodoende 'n wesenlike verskil op verskeie maniere in die wêreld te maak. Aangesien die gemeentes almal aan die Gereformeerde tradisie behoort, is dit belangrik om kritiese vrae te vra oor die begronding en die oortuiging van die persone wat deur die Sinode ondersteun word, maar ook oor die rekenskap wat deur gemeentes gegee moet word oor hulle ondersteuning en hulle oortuigings. Aangesien die finansiële implikasies en tyd wat aan die ondersteuning van sendelinge spandeer word baie groot is, is die vraag na kritiese nadenke oor die volhoubaarheid en die voortdurende verandering en verbetering van ondersteuning 'n wesenlike uitdaging. Hoewel die Gereformeerde tradisie sekere oortuigings het, is dit belangrik dat die kerk (inkluis elke gemeente in die Oostelike Sinode) sal besef dat haar deelname aan 'n globale kerk (ongeag denominasie) saam 'n groter verskil kan maak as elke indiwuele gemeente op haar eie. Die empiriese navorsing word dus nou in gesprek gebring met resente teologiese ontwikkelings oor sending en die sendingwerk van gemeentes.

Gemeentes in die Oostelike Sinode, soos sekerlik meeste ander gemeentes, bevind hulle voortdurend midde-in die spanning tussen plaaslike- en globale uitdagings. Daarom is dit belangrik vir gemeentes om te besef dat hulle op 'n voortdurende reis van onderskeiding is en dat hierdie reis altyd gepaardgaan met kerke wat God anders verstaan, leef en uitdruk. Die andersheid en diversiteit van die globale kerk moenie gesien word as 'n krisis of 'n

© University of Pretoria

probleem nie, maar eerder as ’n geleentheid om bymekaar te leer en saam te reis tot nuwe insigte oor ons Godsverstaan en oortuigings.

Die NG Kerk in die Oostelike Sinode is ’n streeksinode en is deel van die Algemene Sinode van die NG Kerk. Die NG Kerk is ’n lid van talle plaaslike en globale organisasies (onder andere die Afrika konferensie vir Gereformeerde Kerke, Alle Afrika konferensie vir Kerke, Wêreldgemeenskap vir Gereformeerde Kerke) hiervan is die grootste globale interdenominasionele organisasie die Wêreldraad van Kerke. Die bestaansdoel van die Wêreldraad van Kerke is om ’n gemeenskap van kerke te wees wat bely dat Jesus Christus, God en Redder deur die Bybel is. Hulle poog om gesamentlik die roeping om die eer en glorie van een God, Vader, Seun en Heilige Gees te verkondig (https://www.oikoumene.org 04-04-2015).

Die Algemene Sinode van NG Kerk het in 2013 ‘n *Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* goedgekeur (Alg Sinode 2013, A.12.7). Soos verduidelik is elke NG gemeente in die Oostelike Sinode ten volle lid van die Algemene Sinode en die dokument van kardinale belang vir die gemeentes se oortuiging en begrip van hul deelwees aan ’n missionale kerk in Suid-Afrika. In dié proefskrif word daar kennis geneem en verwys na *Together towards life* (CWME 2013) wat deur die Kommissie vir wêreldsending en -evangelisasie aan die Wêreldraad van Kerke in 2013 by die Algemene byeenkoms in Busan, Suid Korea voorgehou is. Hierdie twee dokumente is nuut, kreatief, relevant en dra baie gewig vir die plaaslike en globale kerk. Beide dokumente maak gebruik van nuwe taal en terme wat die kerk inspireer om opnuut oor haar missionale ekklesiologie en die gevolge daarvan na te dink.

Die navorser poog om aan die hand van die empiriese navorising en die daaropvolgende teoretiese besinning die onderstaande navorsingsvraag te beantwoord:

Hoe kan die huidige verstaan van ondersteuning van sendelinge in Ned. Geref gemeentes in die Oostelike Sinode getransformeer word tot ’n omvattende inklusiewe missionale ekklesiologie?

Verder, poog die navorser om ‘n kort, verstaanbare en bruikbare produk aan die NG Gemeentes in die Oostelike Sinode te bied wat hulle kan help om ’n missionale ekklesiologie wat tot voordeel van die wêreld is, te omhels. Soos vroeër vermeld, is dit vir die navorser belangrik dat rekening gehou moet word met die posisie van die NG Gemeentes in die Oostelike Sinode in terme van die NG Kerk, maar meer as dit ook die

© University of Pretoria

globale kerk en daarom word die raamwerkdokument oor die *Missionale aard en roeping van die NG kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) saam met *Together Towards Life* (CWME 2013) gebruik om die navorser se standpunte te ondersteun.

Soos vroeër reeds genoem op bladsy 27-28 bestaan die afdeling uit drie hooftitels soos in *Together Towards Life* (CWME 2013) gevind:

3.1. Gees van sending: Asem van lewe

3.2. Gees van gemeenskap: Kerk aan die beweeg

3.3. Gees van pinkster: Goeie nuus vir almal

Die hooftitels vorm die ruggraat van die hoofstuk, subtitels wat relevant tot die hooftitels is word onderaan die hooftitels bespreek. Soos vroeër genoem maak die navorser gebruik van *Together Towards Life* (CWME 2013) in dialoog met *die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7). Aan die einde van elke hooftitel sal daar ’n bespreking gegee word oor die uitdagings en motivering vir elke plaaslike gemeente in die Oostelike Sinode om sodoende ’n balans te vind tussen die plaaslike en globale uitdagings vir die kerk en om eerlik en opreg om te gaan met haar roeping om ’n missionale kerk (indiwidueel en gemeenskaplik) te wees. Aan die einde van elke hoofstuk word daar terugverwys na die navorsingsvraag en die navorser poog om aan die hand van die bespreking ’n relevante konklusie te vind.

HOOFSTUK 3

3.1. GEES VAN SENDING: ASEM VAN LEWE

Gemeentes worstel dikwels met die vraag oor die omvang van die woord sending. Aangesien dit ’n gelaaide konsep is moet ons vanuit die staanspoor seker maak dat ons die konsep reg verstaan. Volgens Bosch (1991:511) kan dit baie negatiewe gevolge hê wanneer ons die woord sending te breedvoerig gebruik. Om die betekenis van die woord sending te definieer is kompleks. Dit is byna onmoontlik om te lys wat gemeentelike en indiwiduele sending is en nié is nie. Hoewel Bosch (1991:511) erken dat daar altyd ’n leemte sal wees wanneer ons die woord probeer definieer, gee hy die volgende definisie vir transformerende sending:

© University of Pretoria

> …a continual process of sifting, testing, reformulating, and discarding. Transforming mission is to be understood as an activity that transforms reality and that there is a constant need for mission itself to be transformed (Bosch 1991:511).

Indien ons die definisie aanvaar, loop ons die risiko dat sending maklik gedefineer kan word as enige iets en daar geen onderskeid getref kan word tussen wat sending is en nie is nie. Hierop sê Bosch dan dat dit die moeite werd is om hierdie risiko te neem en beskryf sending as volg:

> Mission is a multifaceted ministry, in respect of witness, service, justice, healing, reconciliation, liberation, peace, evangelism, fellowship, church planting, contextualization, and much more. And yet, even the attempt to list some dimensions of mission is fraught with danger, because it again suggests that we can define what is infinite. Whoever we are, we are tempted to incarcerate the *missio Dei* in the narrow confines of our own predilections, thereby of necessity reverting to one-sidedness and reductionism (Bosch 1991:512).

Bosch (1991:512) maak tereg die stelling dat ons versigtig moet wees om die betekenis van sending te beperk. In die afdeling sal dit ook duidelik raak dat die omstandighede en beskrywing soos deur Bosch gegee alreeds byvoegings en veranderings aangeneem het. Die uitdaging lê baie sterk daarin om soos vroeër gesê aandag te skenk aan hoe ons reflekteer en onderskei in ons konteks en omstandighede.

Van Niekerk (2014:2) maak ’n interessante stelling in terme van die beweging van sendeling na sending en die manier waarop dit vandag in die kerk interpreteer word. Hy meen dat die nuwe verstaan van die woord ’n duidelike oop betekenis het en dat dit die kerk help om te begryp dat die definisie van die woord voortdurend aanpasbaar is.

3.1.1. Sending en die bloeiende skepping/wêreld

Wanneer ons die internet, televisie, radio of ons slimfone aanskakel word ons blootgestel aan wêreldnuus en dan besef ons dat die wêreld bloei. Indien ons die realiteit in die oë staar en eerlik met onsself is, kan ons nie anders as om kritiese vrae te vra oor die toekoms en die vooruitsig wat die dag van môre moontlik sal bring nie. Hoewel ons nooit kerk van die wêreld is nie, maar eerder kerk in die wêreld vra dit steeds van die kerk om bewus te wees van die probleme en om dit vanuit ’n realistiese oogpunt te benader (Niemandt 2007:9). Die feit dat die kerk deel is van die wêreld beteken nooit dat die kerk

© University of Pretoria

vanuit die wêreld se oogpunt haar omstandighede bekyk, opsom en benader nie. Die aard daarvan kry inhoud in die proses van wandel in die Woord en wandel in die wêreld, dit is ’n ortoparadoksie- ’n dialektiek tussen teorie en praktyk, teks en konteks (Niemandt 2012:2). Die eerste vraag wat in die ekumeniese sendingdokument van die Wêreldraad van Kerke bespreek word is juis die vraag na die gebroke, bloeiende wêreld en die sigbaarheid van God in hierdie wêreld wat dikwels as Godverlate beskryf word (Immink 2009:17). Kan ons nog hoopvol wees en hoe gaan die situasie verander? Is dit die kerk se doel of roeping om deel te neem aan die verandering en hoe aktiveer ons lidmate om passievol, positief, optimisties, maar tog realisties oor die toekoms na te dink en deel te wees van die oplossing in plaas van die probleem? Dit is kernvrae aan die missionale gemeente wat haar stempel op die wêreld afdruk en wat haar deur die Gees laat lei. Dit is ook belangrik dat ons in hierdie gedeelte delf na ’n teologiese grondslag van God se deel wees en die kerk se roeping in- en na die wêreld.

Volgens *Together Towards Life* (CWME 2013) gebeur sending agv die oorvloedige, oneindige liefde van God drie-enig vir sy kerk. Die sending begin dus reeds met die skeppingsdaad. Die sending van God se Gees omvat almal deur ’n voortdurende daad van genade. Daarom word ons uitgedaag om vanuit ’n eng mens-gesentreerde, eksklusiewe benadering te beweeg na ’n omhelsende, inklusiewe, gerekonsilieërde verhouding met alle mense (ongeag hulle geloof, afkoms, ras ens). Ons hoor die uitroep van ons wêreld as ons die gehuil en gekreun van armoede en onderdruktes hoor en sien en dan besef ons dat die wêreld van die begin af huil oor mense se ongelykheid en onregverdigheid (Gen 4:10, *Together Towards Life*, CWME 2013:9).

Die kerk word vanuit die staanspoor in die dokument *Together Towards Life* (CWME 2013) uitgedaag om kritiese vrae te vra oor haar bestaansdoel en redevoering om missionaal te leef. ’n Duidelike stelling word gemaak rondom die kerk se belydenis as kerk in die wêreld. Indien ons staaf dat sending alreeds van die skepping af deel van God se plan vir die kerk was, dan mag ons optrede as kerk geensins tot nadeel van die skepping wees nie (Blauw 1962:18). Sending is die oorkoepelende effek van God drie-enig se oorvloedige liefde. Die sendingdoel van elke gemeente word in die begrip vasgevang (Bosch 1991:286-91).

Die uitdaging om as liefdevolle kerk na binne en buite te leef is inderdaad ’n groot en dikwels moeilike uitdaging. Dit is nie net ’n uitdaging nie, maar dit lê in die kern van die wese van elke beweging van die kerk van God. Hoewel die uitdaging daarin lê om die oorvloedige liefde wat deur God aan die mens geopenbaar is na buite uit te leef, is daar ’n

© University of Pretoria

gesamentlike uitdaging om mekaar as deel van die kerk te herinner dat ons deur die Gees keer-op-keer met die liefde van God drie-enig vervul word.

Die kerk kan nie anders as om die liefde van God uit te straal nie, dit is ’n aksie wat deur God self gegenereer is en die kerk antwoord op God wat die kerk eerste liefgehad het (Joh 3:16). Hierdie oorvloedige liefde lei ons om deel te neem aan die *missio Dei* van God met die wete dat daar wedersydse liefde in die verhouding heers. Hoewel liefde dikwels vertolk word as romanties en rooskleurig, gaan die voortdurende groei van ’n liefdevolle verhouding gepaard met verantwoordelikheid en harde werk. Buitestaanders beleef ongelukkig nie altyd die kerk as liefdevol nie. Die kerk bely dat liefde die kern van haar optrede en bestaan is en indien buitestaanders nie getuienis daarvan kan sien nie, moet ons aandag daaraan gee (Wilson 2010:41).

Die verhaal van die Barmhartige Samaritaan (Luk. 10:25-37) is welbekend en dit bied vir ons ’n noemenswaardige riglyn van wat dit beteken om ’n oorvloedige liefdevolle lewenstyl na te volg. Die liefde wat in die gelykenis verduidelik word, bevat meer as net omgee en optrede dit vra van die indiwidu of gemeenskap om op te volg en seker te maak van die welstand van die persoon (Bosch 1991:89-90). Liefde is nooit enkelvoudig nie, die gevolge is altyd langdurend en voortdurend. Die beste voorbeeld wat ons as Christene hiervan het is Jesus se kruisiging. As gevolg van die kruisdood beleef ons vandag steeds die verlossing en kan ons in verhouding met God-drie-enig staan (Joh 3:16). Liefde is meer as een daad van die indiwidu of die kerk, dit is ’n oorstromende, oorvloedige lewenstyl.

Caputo maak die volgende stelling oor die betekenis van liefde wat ’n verskil maak:

> When is love really love? When does love burn white hot? When we love those who are not loveable or who do not love us- in short, when we love our enemies (Caputo 2007;46).

In die kerk is liefde een van die woorde waaroor ons dikwels praat. Dit is maklik om daaroor te praat, maar baie moeilik om te beskryf of om te wys. Deel van die probleem is die feit dat ons slegs een woord in Afrikaans het om die verskillende vorms van liefde te verwoord. Die woord liefde poog om aan ’n baie komplekse en veelvoudige daad, optrede en emosie gestalte te gee. Hoewel liefde ’n woord met komplekse betekenis is, kan die kerk wat die woord in alle fasette verstaan en uitvoer, hoop in hopelose omstandighede bring.

© University of Pretoria

Daar lê 'n sterk oproep in *Together Towards Life* (CWME 2013) om baie sterk teen 'n indiwidualistiese manier van kerkwees te waak. Die gevaar lê nie net daarin dat ons selfgesentreerd optree en lewe nie, maar dat ons in die proses ons verantwoordelikheid om na die skepping om te sien, sal verwaarloos omdat ons op onsself gefokus is. "Die kerk se primêre gerigtheid is op die wêreld waarheen die Here haar stuur, nie in die eerste plek op haarself en haar eie voortbestaan nie" (Alg. Sinode 2013:203). Dit vra dus van die kerk om 'n bewustheid aan te kweek dat die kerk nooit alleen staan nie. Die kerk staan in verhouding met alles (kerke, besighede, myne, instansies, regering, ens.) rondom haar en het 'n groot verantwoordelikheid om haar posisie te erken en die rol daaraan verbonde te vervul. Hieruit moet die kerk keer-op-keer bevestig dat liefde die middelpunt van die kerk se wese is. Hoewel God ons stuur met volmaakte liefde, weet ons dat ons slegs daarna streef en dat die strewe deel van die kerk se afhanklikheid van God betuig (Bosch 1991:28).

Aangesien die kerk haarself in 'n wêreld met baie uitdagings bevind, is dit nodig dat sy paraat is vir dinge wat plaaslik, nasionaal en globaal met haar gebeur. Die stem van die kerk word gedryf deur liefde, maar mag nie huiwer om deel te neem aan ernstige gesprekke en oplossings vir die uitdagings in plaaslike gemeenskappe en globaal nie. In Suid-Afrika word ons daagliks bewus van die gevare wat paaie inhou, hoe korrupsie demokrasie kan afbreek en hoedat geweld en intimidasie magte wat veronderstel is om mense te beveilig, moord bevorder. Hierdie tipe uitdagings vra dat die kerk nie in stilswye sal toekyk nie, maar ondersoek sal instel en vanuit 'n liefdevolle lewegewende teologie oor haar oortuigings sal getuig. Die *Roepingsverklaring van die NG Kerk* verwoord hierdie deelname op 'n doeltreffende manier: "Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy om met 'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe" (Alg Sinode 2007:ii).

Hoewel die kerk haarself voortdurend in 'n struweling met die meegaande uitdagings van die wêreld bevind mag sy nie tou-opgooi of haar reisgenote afskryf nie. Die rolspelers in die kerk se saam-op-reis-wees soos vroeër genoem (kerke, besighede, indiwidue, myne, instansies, regering, ens.) is gefokus op 'n ander stel reëls en beginsels, maar dit maak hulle geensins 'n minderwaardige reisgenoot nie. Die reisgenoot sluit beslis ook ander denominasies en gelowe in. So kan die kerk nie die invalshoek van haar mede-reisigers

© University of Pretoria

bepaal nie, maar beïnvloed. Die belangrikheid van die stelling van *Together towards life* (CWME 2013) lê juis daarin dat indien die kerk haar mede-reisigers wil beïnvloed, sal die kerk bereid moet wees om goeie invloede van buite op haar te laat afvryf. Hirsch (2009:17) beklemtoon dit in sy stelling, dat die kerk haar roeping vind deur saam met God op reis te wees en tydens die reis te leer waarmee God wil hê sy haar moet besig hou. Hier kom die idee van wandel in die woord en wandel in die wêreld dan sterk na vore.

Op hierdie reis word die kerk daagliks met die realiteit gekonfronteer. Die realiteit is dikwels duister en nie so rooskleurig soos ons dit graag wil hê nie maar een van armoede, swaarkry, onregverdigheid en ongeregtigheid. Een van die grootste uitdagings vir die kerk is om bewus te wees van die realiteit deur te luister, te kyk en te beleef wat skort. Wanneer die kerk bewus raak van die roepstem van die wêreld, dan is dit belangrik om te besef dat dit deel van die kerk se sending is om die verantwoordelikheid te aanvaar en om liefdevol op te tree ongeag die gevolge. Dit beteken nie dat die kerk ongeregtigheid en ongelykheid aanvaar en ignoreer nie, maar dit dryf die kerk juis om rekenskap te gee van haar stem en optrede en om sodoende die voorbeeld te stel wat aandui dat sy ’n volwaardige reisgenoot is wat ander se belange op haar hart dra.

Die woorde van die Belhar belydenis verwoord die strewe na geregtigheid op ’n besondere manier:

> dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos ’n standhoudende stroom (Belhar belydenis 1986:5).

Die mooi van die saam-op-reis-wees lê juis in die onsekerheid, vrese en vrae wat almal saam trotseer. Dit vra van almal op weg ’n gemeenskaplike vertroue en ondersteuning in ’n onvoorspelbare reis. In die belydenis word daar verwys na watergolwe en ’n stroom water. Hierdie stryd van ongeregtigheid is dikwels onvoorspelbaar en op plekke waar ons dit nie verwag nie. Die belydenis help ons om te verstaan dat die kerk en haar reisgenote die golwe moet trotseer en hulle laat lei deur geregtigheid en regverdigheid. Die reisgenote het dus iets in gemeen. Die reis word gekenmerk deur ’n gemeenskaplike onsekerheid en waardering vir die reis. Hoewel die reis nie ideaal en perfek is nie, is dit noodsaaklik dat ons met die nodige versigtigheid saam reis. Die reis word verder gekenmerk deur ’n gemeenskaplike liefde vir die reis en die roete wat saam aangedurf word - nie so goed

© University of Pretoria

geplavei nie en met gebrekkige verkeerstekens, neem ons saam ’n tree en nie noodwendig ’n sprong nie (Caputo 2007:46).

> What does love look like? It has the hands to help others. It has the feet to hasten the poor and needy. It has eyes to see misery and want. It has the ears to hear sighs and sorrows of men. That is what love looks like (Caputo 2007:96).

Indien ons bely dat die skepping die hart van sending is, dan is dit positief dat die kerk deur verskillende pogings reeds deelneem aan veldtogte vir ekonomiese en ekologiese regverdigheid, volhoubare lewenstyl en die ontwikkeling van spiritualiteite wat respek teenoor die skepping toon. Die kerk erken hierin dat ons dikwels foute begaan het om die hele skepping deel te maak van die bevryde eenheid waarna ons almal geroep is (2 Kor 5:18-19). Ons glo dus nie dat die wêreld kan vergaan en dat slegs ons liggame gered sal word nie; die skepping en ons liggame moet vernuwe, verander en getransformeer word deur die genade van die Heilige Gees. Soos bevestig deur die visie van Jesaja en Johannes , sal die aarde en hemel nuut gemaak word (Jes. 11:9;25:6-10;66;22 Op 21:1-4) (*Together Towards Life*, CWME 2013:10).

Ons raak dikwels bewus van die ekologie en pogings om die wêreld waarin ons leef meer volhoubaar te maak. Aardverwarming, seisoene wat verander en die stygende seevlak is slegs ’n paar voorbeelde van die gevolge van wanbestuur en misbruik van die natuurlike hulpbronne. Hoewel daar reeds talle pogings aangewend word om ons ekologiese voetspoor te beheer en kleiner te maak, is die poging deur die kerk nog baie beperk. ’n Toets kan afgelê word om mense in te lig oor hul ekologiese voetspoor en hoe dit beter bestuur kan word. Dit is op die web beskikbaar by: http://www.footprintnetwork.org/en/index.php/GFN/ (14-02-2015). Nuwe inisiatiewe sal in hierdie opsig aangemoedig moet word indien ons die mens en die kerk se roeping om te bewaar en te bewerk ernstig opneem. Die wêreld moet in ’n gees van verwondering, dankbaarheid en aanbidding gevier, geniet, ontgin en bewaar word (Alg. Sinode 2013:206).

Die wêreld waarin die kerk haar bevind en waarna die kerk gestuur is, is God se wêreld en omdat God die skepper is, is die wêreld ’n weldaad. Omdat God die Drie-enige is wat as Skepper, Verlosser en Voleinder in verhouding met die wêreld staan, kan die wêreld slegs aan die hand van hierdie verhouding, in die lig van die sending van die Drie-enige God (*missio trinitatis Dei),* verstaan word. Die inkarnasie beklemtoon juis die feit dat die kerk altyd op die wêreld gerig is en op pad na die wêreld is, en dit onderstreep hoe belangrik dit

© University of Pretoria

is om die konteks te verstaan (Alg Sinode 2013:206). *Together Towards Life* (CWME 2013) maak ’n baie sterk oproep op elke plaaslike gemeente om meesters van hulle konteks te wees en om die ekologiese uitdagings wat elke konteks bied as geleentheid vir invloed te sien. Die kerk as geheel word na die wêreld gestuur (Alg Sinode 2013:206; *Together Towards Life,* CWME 2013:10) en moet dus bewus wees van al die ekologiese uitdagings wat ewige dood tot gevolg het. Hoewel daar ’n sterk toekomstige lewegewende sending deur die kerk aangevoer word, moet die kerk daadwerklik optree om te verseker dat die ekologie nie verder versteur word nie.

Die kerk se sending lê baie sterk om kritiese vrae oor die viering, ontginning, bewerking en genot wat mense uit die wêreld haal, te vra. Hoewel die vrae dikwels ongemaklik mag raak veral wanneer dit finansiële voordeel vir die kerk inhou om te swyg, moet die kerk getrou bly aan haar doel om die weldaad van God naamlik die kerk bo mynbou, bosbou en landbou aktiwiteite te plaas. Na die aanvang van die industriële revolusie het die mens meer en meer bewus daarvan begin raak dat die impak van besoedeling en die vooruitstrewende lewenstyl baie gevare vir die kosmos inhou. Die jammerte is dat die gierigheid van die mens groter as hul verantwoordelikheidsin geraak het en dat mense baie makliker aan hulself as aan hul nageslag en hul verantwoordelikheid teenoor die wêreld dink.

Ons deelname aan sending, ons optrede teenoor die skepping en ons beoefening van ’n lewe gelei deur die Gees moet verweef wees aangesien die aspekte tesame die potensiaal het om die wêreld te transformeer. Ons moet hierdeur holisties na die volledige beeld kyk en nie die een sonder die ander soek nie. Indien ons hierdie dele as apart en eksklusief soek, staar ons die gevaar in die oë om ’n indiwidualistiese spiritualiteit te kweek wat mense laat glo dat hulle aan God kan behoort sonder om aan mekaar te behoort. Ons mag dan ook in ’n spiritualiteit verval wat ons laat goed voel wanneer ander dele van die skepping kreun en seer beleef (*Together towards life,* CWME 2013: 10).

Die kerk se verweefdheid en missie word deur die *Raamwerkdokument* as ingebed in God se missie verduidelik. Die kerk is die resultaat van God se missie, en dan daarna die deelnemer daaraan, selfs die ontroue kerk kan nie God se missie verydel nie. Die kerk is dus nie die primêre agent in die uitvoering van haar missie nie. Die feit dat God die kerk in die uitvoering van haar missie in die kerk se hande geplaas en van haar gehoorsaamheid, toewyding, vermoëns, insig en trou afhanklik word nie. God is besig met Sy werk op aarde (Alg Sinode 2013:202)! Aangesien elke plaaslike gemeente deelneem aan die

© University of Pretoria

gesamentlike roeping en nie die primêre rolspeler is nie, moet gemeentes bereid wees om saam te werk, mekaar te leer en mekaar te inspireer om deel te neem en bewus te raak van God se roeping vir die kerk in haar konteks. Hierdeur word elke plaaslike gemeente ook opgeroep vir kerkhereniging en samewerking. Dit is ’n langdurende proses wat wedersyds geduld, begrip en tegemoedkomendheid vra. Elke plaaslike gemeente moet die belangrikheid hiervan op haar skouers neem om sinvolle verhoudings oor denominasie grense heen aan te knoop. Hierdie proses vra van alle betrokkenes geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoedkomendheid. Dit beteken dat ons almal bereid sal moet wees om mekaar iewers in die middel te ontmoet. In die proses sal ons deurentyd moet rekening hou met vrae en onsekerhede wat mense het en dit met groot geduld, sensitiwiteit en gesprekvoering hanteer (Alg. Sin 2007:136)”.

Ons benodig ’n nuwe bekering/ommekeer (*metanoia)* in ons sending wat menslikheid vanuit God se Gees bevorder. Ons is geneig om sending te sien as iets wat deur bevooregte mense gedoen word. Die waarheid is egter dat mense in gemeenskap met die hele skepping as viering van die werk van die skepper kan tree. Op velerlei wyses is die skepping in sending na die mens; byvoorbeeld, die natuur het plante wat die mens se hart en liggaam kan genees. Die wysheidsliteratuur in die Bybel bewys die natuur se lof aan haar Skepper (Ps. 9:1-4; 66:1; 96:11-13; 98:4; 100:1; 150:6). Die Skepper se vreugde en verwondering in die skepping is een van die bronne van ons spiritualiteit (Job 38–39) (Together Towards Life, CWME 2013:10).

Ons sien baie tekens van die wêreld wat bloei (ongeregtigheid, armoede, geweld, haat, siektes, besoedeling). Aangesien ons nie alleen met die stukkende wêreld se uitdagings gekonfronteer word nie, vra dit van die globale kerk en elke plaaslike gemeente om fyn te let op die manier wat ons ander as deel van die realiteit sien. Ons mede-reisgenote kan verskeie groepe en indiwidue insluit. Die ander vanuit ons oogpunt sluit mense van ander gelowe, arm, ryk, onregverdig, ongeregtig, misdadigers, liefdelose mense, mense van ander kultuurgroepe, rasse en tale in. Die jammerte is dat die skeiding tussen ons en die ander dikwels so groot is dat dit ons van mekaar vervreem.

Die belydenis van Belhar beskryf die eenheid wat tussen ons en die ander moet heers as volg:

> dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n

© University of Pretoria

werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word (Belhar belydenis 1986:1).

Dit dui dis dat ons alreeds een in Christus is en verby ons verskille moet kyk ons moet dus skeiding verwerp wat God verwerp. Die kerk word opgeroep om in eenheid (nie eendersheid) te funksioneer. God staan nooit los van ons nie, maar ons mag ook nie bepaal wie deel aan God se skepping en misterie mag hê en wie nie. Die openheid en ontvanklikheid lê juis in hierdie nuwe waardigheid wat ons aan die mensdom en elke lewende wese op aarde verleen, om deel te hê aan die skepping, nie omdat ons kan bepaal wie deel daaraan mag hê nie, maar omdat ons gesindheid bewys dat dit wat aan ons gegee is, te groot en te goed is om aan onsself toe te eien (Van Gelder 2008:122-130).

Ons wil ons spirituele konneksie met die skepping beklemtoon, ongelukkig is die realiteit dat die wêreld besoedel en uitgebuit is. Verbruikerswese versnel nie onbeperkte groei nie, maar versnel eerder die uitputting van die wêreld se bronne. Gierigheid dra by tot aardverwarming en ander klimaatveranderinge. Wat verwag ons indien hierdie tendens voortstu? Die mens kan nie alleen gered word terwyl die res van die skepping vergaan nie. Eko- regverdigheid kan nie van die redding geskei word nie en redding kan nie geskied sonder dat die mensdom sy houding t.o.v. bewaring verander nie. (*Together Towards Life* , CWME 2013:11).

3.1.1.1. Refleksie oor: Sending en die bloeiende skepping/wêreld

Elke gemeente in die Oostelike Sinode word genooi om bewus te raak van haar deelname aan die reis saam met God, die globale kerk en ander reisgenote. Op die reis moet elke plaaslike gemeente besef dat sy ’n rol het, maar dat haar rol nie die enigste of belangrikste rol is nie. Elke reisgenoot verdien op sy manier agting en mag nie gering geag word as gevolg van sy/haar geskiedenis of huidige situasie nie. Die reis gaan nie oor selfverheffing of indiwiduele oortuigings nie. Die reis gaan daaroor om mekaar ruimte te bied om invloed op mekaar en die wêreld uit te oefen. Soos vermeld in die gedeelte van *Together Towards Life* (CWME 2013:9;19), moet die saamreis altyd tot voordeel van die versoende wedersydse verhouding tussen reisgenote getuig. Die feit dat gemeentes in die Oostelike Sinode en die globale kerk nie veroordelend is nie, beteken nie dat sy enigsins onreg en ongeregtigheid goedpraat nie, maar dat sy juis alle pogings aanwend om reisgenote

© University of Pretoria

daarvan bewus te maak en ’n gesamentlike poging aanwend om hierteen op te tree. God is altyd deel van die reis en daarom word die reis altyd deur ’n lewegewende gees oorheers wat getuig van omgee, opbou en bowenal liefde. Alle reisgenote moet dus aanhou pogings aanwend om te verseker dat hulle deurgaans deur elke optrede, groot en klein, oorheers word deur ’n gees van liefde, volhoubaarheid en lewegewendheid teenoor almal.

Gemeentes in die Oostelike Sinode moet hul interverweefdheid met haar plaaslike konteks en uitdagings besef en daaraan deelneem. *Together Towards Life* (CWME 2013) en die *Raamwerkdokument* (Alg Sinode 2013, A.12.7) bemagtig elke plaaslike gemeente om haar stem wat in die post- Christelike samelewing waarin ons onsself bevind, kernbelangrik te ag. Aangesien die kerk in verhouding met God optree, moet die kerk alle kwessies wat skadelik vir die skepping en die skepsels is uitlig, aanspreek en saam met haar reisgenote verander. Plaaslike gemeentes se rol is altyd belangrik en mag nie gering geag word nie, die rol is altyd inklusief en sluit almal in die gemeenskap in, daarom word die gemeente uitgedaag om positiewe invloede van buite met ope arms te aanvaar om sodoende stagnasie en eenvoud te voorkom. Die plaaslike gemeentes moet dus oop wees om deur die Heilige Gees beweeg en gelei te word op alle vlakke. Die vernuwing daag plaaslike gemeentes uit tot nuwe kreatiewe denke, wandel in die woord en die wêreld en deeglike onderskeiding. Hierdie prosesse geskied in ’n verweefdheid met die wêreld en God.

Hierdie gesamentlike fees en gemeenskap vra ’n bewuswording van ’n gesamentlike verantwoordelikheid. Indien ons erken dat God die Skepper almagtig is en die verantwoordelikheid aan die mensdom gee om oor die skepping te heers, beteken dit beslis dat die mensdom eienaarskap moet neem en in die gesamentlike wandel met die Woord en die wêreld baie meer tyd en aandag aan ekologiese bewaring moet bestee. Hoewel daar reeds talle organisasies, gemeentes en bewegings is wat tyd en energie hieraan bestee en baie goeie inisiatiewe dryf, word die natuurlike hulpbronne steeds deur ‘n selfsugtige verbruikerskultuur bedreig. Dit is die realiteit waarmee die wêreld en elke plaaslike gemeente in die Oostelike Sinode en ook daar buite, uitgedaag word. Die uitdaging lê hierin vir elke gemeente om die statistieke wat in die vraelyste bekend gemaak is noukerig te bestudeer en om hulself af te vra oor hul betrokkenheid by ekologiese kwessies en studies daarvan. Gemeentes het die potensiaal om baie indiwidue

© University of Pretoria

te bereik en daardeur sieninge en lewenstyle te transformeer. Dit vra egter van die gemeente omgewing eers self verantwoordelikheid te aanvaar en erns daarvan te maak.

3.1.2. Gawes van die Gees en onderskeidingsvermoë

Hancke (2011:108) gebruik ’n goeie vergelyking wanneer hy verduidelik hoe die beplanning van die ingenieurs van Ferrari en Caterpillar totaal en al verskillend is. Die rede hiervoor is dat Ferrari se ingenieurs (Wanneer hulle aan ’n Formule 1 renjaermotor beplan) ’n produk wil vervaardig wat die vinnigste op die reguit gedeeltes van die pad is, die standvastigste om die draaie is en natuurlik wedrenne wen. Wanneer ons kyk na die ontwerpspan van Caterpillar dan lyk die tegnologie waarmee die ingenieurs besig is dieselfde, daar is wel een fundamentele verskil en dit is die doel wat die laaigraaf teenoor die Ferarri moet verrig.

Soos wat dit belangrik is vir die twee onderskeie ingenieuspanne om die regte formules en berekeninge te gebruik vir die beste eindproduk, is dit ook baie belangrik vir die kerk om te besef dat sy vir ’n sekere konteks en tyd geskep en relevant moet wees en daarom moet sy duidelik onderskei oor die gawes wat aan haar gegee is en hoe sy dit ten bate van ander kan uitleef. Die gawes wat van die Gees ontvang is se eienskappe is nie toevallig nie, dit is tot voordeel van die uitlewing van die doel. Somtyds, en ongelukkig te dikwels, besef die kerk eers die waarde van haar gawes wanneer die omstandighede reeds verander het en bly sy nie by met ontwikkeling en verandering nie. Die kerk kan nie anders as om deur onderskeidingsvermoë erns te maak met haar omstandinghede en gawes nie.

Die Heilige Gees gee gawes vrylik en onpartydig (1 Kor. 12:8-10; Rom. 12:6-8; Ef. 4:11). Dit moet met openheid gedeel word vir die opbou van ander (1 Kor. 12:7; 14:26) en die rekonsiliasie van die hele skepping (Rom 8:19-23). Een van die gawes van die Gees is onderskeiding (1 Kor. 12:10). Ons onderskei die Gees van God waar lewe in volheid is en in alle aspekte, ook waar die bevryding van die onderdruktes, genesing en rekonsiliasie van die gebroke gemeenskappe en die herbou van die skepping plaasvind. Ons onderskei ook bose geeste waar die magte van dood en vernietiging van lewe heers (*Together Towards Life,* CWME 2013:11).

Die NG Kerk staan voor ’n groot uitdaging om nuut oor kerk en samelewing na te dink. Die nadenke geskied in ’n proses van onderskeiding en die besef van die deelwees van die

© University of Pretoria

Gees. Die kerk bevind haarself dikwels in ’n posisie waar sy haarself afvra, wat is ons besig om te doen en waarmee wil God hê moet ons besig wees? In die proses word die kerk op alle vlakke deur die Heilige Gees vernuwe en beweeg. Die kerk, ongeag denominasie of konteks staan voor die uitdaging om deel te neem aan die vernuwing en om die Heilige Gees toe te laat om ons op die pad wat God vir ons voorberei het, te begelei (Alg Sinode 2013:200).

Die kerk staan in eenheid met Jesus Christus en dit is deel van die pad waarin die kerk vandag gelei word. Vernuwende prosesse is dikwels iets wat lank neem om aanvaar te word en dit vra van die kerk om vas te staan in haar geloof en om gegrond te bly. Volgens die belydenis van Belhar is die eenheid van die kerk ook ’n gawe, maar terstelfdertyd ’n opdrag aan die kerk (Belhar belydenis 1986:3). Die kerk staan die uitdaging in die gesig om nie weg te skroom van gawes wat vrylik aan die kerk geskenk gegee is nie.

Die vroeë Christene, soos baie mense vandag, het ’n wêreld van baie spiritualiteite beleef. Die Nuwe Testament getuig van die diverse geeste, selfs bose geeste, “bedienende geeste” (bv. Engele, Heb 1:14), “beginsels” en “magte” (Ef. 6:12). die dier (Op. 13:1-7), en ander magte - goed en boos. Die apostel Paulus bely ook van ’n spirituele/geestelike stryd (Ef. 6:10-18; 2 Kor. 10:4-6) en ander apostels maak ook melding van verwerping van die duiwel (Jak 4:7; 1 Pet. 5:8). Die kerk word geroep om te onderskei tussen die werk van die lewende Gees en om deur dit geïnspireer te word om die wêreld in te gaan en hieraan deel te neem. Dit sluit in om God se heerskappy van regverdigheid na te streef (Hand 1:6-8). Wanneer ons die Heilige Gees se teenwoordigheid onderskei en besef, word ons geroep om hierop te antwoord deur gelei te word deur die Gees van God oor alle grense (*Together Towards Life,* CWME 2013:11).

Wanneer ons praat oor ’n gees wat ons ervaar, dan onderskei ons dikwels tussen positief of negatief. Wanneer die Gees positief is en ons as gemeente inspireer, dan verwys ons daarna as die Gees van God. Dit is dié Gees waarna ook hierbo verwys word as ons die gedeelte in *Together Towards Life* (CWME 2013) bestudeer. Dié Gees lei ons in die proses van onderskeiding en behoed en bewaar ons deur die uitdagings wat die kerk dikwels moet trotseer.

Daar is ook ’n gees wat die bose en slegte bevorder. Dit is dikwels baie moeilik om te onderskei tussen die twee veral omdat iets wat vir een gemeente/denominasie positief en

© University of Pretoria

opbouend mag wees, vir ’n ander dikwels baie negatief mag voorkom. In die tyd waarin ons leef is dit dikwels baie moeilik om te onderskei tussen wat waarlik geestelik is en wat nie, die rede hiervoor mag dalk wees omdat ons met sekularisasie en postmodernisme uitgedaag word. Die vraag is dalk nie uit watter gees ons hiertenoor gaan optree nie, maar eerder of dit positief of negatief is. Niemandt (2007:30) gee ’n baie goeie verduideliking hiervan wanneer hy skryf oor “Die volmaakte storm: Lees die tekens van die tyd!” in sy boek *Nuwe drome, vir nuwe werklikhede*.

In hierdie paradoksale wêreld is daar mense wat belangrike kwessies met ‘n eenvoudige ja of nee beantwoord wil hê (Niemandt 2007:30). Dalk is dit juis die hedendaagse probleem - dat ons duidelike en vinnige antwoorde wil hê en reeds met vooropgestelde idees en antwoorde die ondersoek afskop. Hierdie volmaakte storm waarvan Niemandt skryf, kan ons as gemeentes inspireer om bereid te wees om saam met die golwe, winde en storms van ons tyd te vaar en in plaas daarvan om dit met ’n “ja/nee” gees aan te durf en die kwessies te benader met die wete dat die Gees ons daarin lei. Wanneer die kerk haarself as missionale kerk beskou, vra dit van die kerk om nie alles as negatief of boos te beskou nie, maar om eerder aanpasbaar en vloeibaar te wees om dit wat die kerk as kern het in die omstandighede uit te lig.

Ons ontmoeting met die Drie-enige God is innerlik, persoonlik en gemeenskaplik, maar stuur ons ook na buite in die sendingveld in. Die tradisionele simbool en benaming vir die Gees (soos vlam, lig, dou, fontein, verligte, gerussteller, skynend) dui daarop dat die Gees vertroud is met ons lewens en vir ons op alle vlakke omgee. Ons word in talle verskillende situasies deur die Gees gelei. Die Gees lei ons ook in ontmoetings met vreemde mense, ook in plekke van menslike lyding (*Together Towards Life,* CWME 2013:11).

Burger verduidelik dat die gelowige mens en -gemeenskap voortdurend op soek is na verbreding van die lewe en terselfdetyd na verdieping van verankerdheid in God (Burger 1995:67). Die verbreding word gewoonlik voorafgegaan deur ’n verankering en die verankering vind normaalweg plaas wanneer die gemeente of die mens homself/haarself in ’n krisissituasie bevind. Dit is gewoonlik die geval dat wanneer die kerk ’n tyd van swaarkry, seerkry, verset of onderdrukking beleef, sy nader aan God beweeg en op hierdie wyse ook baie dieper vrae oor haar doel en wese begin vra. Dit is dan tereg as die opmerking gemaak word dat die verhouding tussen die drie-enige-God en Sy gemeente na binne, persoonlik en gemeenskaplik is, want hoewel die gemeente haarself in

© University of Pretoria

wisselwerking deur die proses van verbreding en verdieping bevind, is die missionale kerk altyd na buite gerig en gemeenskaplik georiënteerd.

Die verskillende beskrywings van die Gees word baie mooi en volledig verwoord, maar dis interessant om te let op die manier wat die kerk dikwels openheid tot belewenis van die Gees beperk. Aangesien die belewenis van die Gees iets is wat die kerk vorm en tog op ’n baie unieke manier kommunikeer, is dit belangrik vir die missionale kerk om erns te maak met die manier waarop hulle die Gees beleef. Opvolgend moet die kerk dit op nuwe kreatiewe maniere verwoord wat aan ander (vreemdeling) ’n blywende, gemeenskaplike lewende gevoel kan gee. Dit is een van die wyses waarop die kerk aan die wêreld ’n unieke belewenis kan bied aan iets wat vroeër as onverstaanbaar, verduidelik was. Indien die missionale kerk nie nuwe maniere kry om ou waarhede, belewenisse en gevoelens oor te lewer nie, sal dit baie negatiewe gevolge inhou. Die Gees is inderdaad voortdurend besig om die kerk te vernuwe en die kerk het die verantwoordelikheid om deel te neem aan die proses om aanhoudend te onderskei.

Soos ons deur die Gees in verskillende situasies ingelei word, is die interpretasie daarvan deur die kerk kern belangrik. Indien die kerk gaan kla en vra hoekom bevind ons onsself alweer in hierdie krises of hoekom kry ons die terugvoer? Dan is die vraag vanuit die staanspoor negatief en sal die uitkomste heel moontlik niks anders as negatiwiteit tentoonstel nie. Indien die kerk dalk eerder vra wat kan ons deur die omstandighede leer en hoe wil die Gees ons hierdeur bemagtig, is daar ruimte vir beweging en groei. Burger verwys na die oorgang van die apartheidregering na demokrasie (1994, Suid-Afrika) as een van die grootste geleenthede vir die NG Kerk wat gesien is as verbonde aan die apartheidregering om deur krisistyd te vernuwe, te groei en te verander (Burger 1995:68). Die verandering is nooit ten koste van die kerk se teologie of doktrine nie, maar eerder ’n geleentheid om die huidige tekortkominge raak te sien en te verander (Saayman 2007:118).

Die Heilige Gees is die Gees van wysheid (Jes. 11:3; Ef. 1:17) en lei ons in die waarheid (Joh 16:13). Die Gees inspireer kultuur en kreatiwiteit, so dit is deel van ons sending om dit te erken, respekteer en saam met die lewegewende wysheid in elke kultuur en konteks te leef. Ons is spyt dat sendingaktiwiteite gedurende kolonialisme dikwels kulture en plaaslike mense verwerp, afgebreek, veroordeel en verander het. Plaaslike wysheid en kulture is ’n geskenk van God se Gees. Ons dink hier aan getuienisse van mense wie se

© University of Pretoria

tradisies en kulture vroeër en selfs vandag nog deur teoloë en wetenskaplikes bespot en onderdruk is. Ons erken dat die getuienisse ons deur die Heilige Gees help om in die skepping, maniere te vind om weer met die tradisies en kulture netwerke te skep en gerekonsilieer te word. So besef ons ook hoe God in die skepping sigbaar word (*Together Towards Life,* CWME 2013:12).

In Suid-Afrika is ons daagliks bewus van verskillende kulture, rasse, tale, kleure en gelowe. Die hartseer is dat daar dikwels ’n stryd onder die verskeidenheid mense ontstaan om te bewys dat een van die groepe op een of ander manier beter as die ander is (Alg Sinode 2013:204, Meiring 1996:7-15, Pretorius 1987:3-7). Die onderskeid wat gemaak word deur een kultuur teen ’n ander op te weeg, is ’n manier van onderdrukking en afbreek van kulture se identiteit. Die tragiese hiervan is dat dit nie net in kulture gebeur nie, maar ook in die kerk. In *die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) word daarna verwys dat die eenheid van die kerk in die eerste plek in die eenheid wat binne die drie-eeheid bestaan, gegrond is. “Die eenheid is ’n voortdurende opdrag aan die kerk, ’n voorwaarde vir haar getuienis in die wêreld (Joh 17:21). Om self te begryp hoe vêr en wyd, hoe hoog en hoe diep Christus se liefde is, het ons mekaar nodig (Ef. 3:18). Verdeeldheid en onversoenbaarheid binne die kerk trek ’n streep deur haar getuienis" (Alg Sinode: 2013:203).

Hoewel die uitdaging baie sterk daarin lê om eerlike opregte getuies te wees vra dit ook van ons respek en ‘n verdraagsame gesindheid teenoor die wêreld. Die kerk moet rekenskap neem teenoor wat sy doen en haar foute en tekortkominge erken. Die opdrag in die tyd waarin ons leef is baie sterk daarop gerig om ander gelowe en mense as gelyke te aanvaar en te behandel en om nie afbreek aan hulle oortuigings te maak nie. Op die manier leef die kerk ’n openheid en ontvanklikheid uit vir mense wat nie soos ons dink nie, maar bied ons die ruimte om ’n diverse geloofsgemeenskap met wedersydse respek teenoor mekaar te handhaaf. Die openheid breek grense af. So word die werking van die Gees deur die wese van die kerk sigbaar, nie omdat ons die werking van die Gees aan onsself toe-eien nie, maar omdat die Gees in die eerste plek bereid is om die kerk as instrument te gebruik en in die tweede plek omdat die kerk met openheid en onderskeidingsvermoë vanuit die Gees leef en beïnvloed.

Die eis dat die Gees met ons is, is nie vir ons om te besluit nie, maar vir ander wat dit in ons wese raaksien. Die apostel Paulus gee uitdrukking daaraan deur die kerk aan te

© University of Pretoria

moedig om vrugte van die Gees te dra, hierdie vrugte is: "liefde, geluk, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, gelowigheid en selfbeheersing" (Gal. 5:23). Soos ons vrugte dra hoop ons dat ander onderskei dat die krag en liefde van die Gees in werking tree deur ons lewens (*Together Towards Life,* CWME 2013:12;28).

3.1.2.1. Refleksie oor: Gawes van die Gees en onderskeidingsvermoë

Ontdekking van gawes en die uitleef daarvan mag dalk gesien word as 'n cliché met talle besprekings en kursusse wat al vir 'n tydperk beskikbaar is en wat dikwels tydens die 40 dae van lydingstyd in kleingroepe by gemeentes bespreek word. Moderne missionale gemeentes en gemeenskappe moet erns maak van die ontdekking en uitlewing van haar gawes aangesien die roeping om gestuur te wees na die wêreld vooraf 'n proses van diep en dikwels pynlike selfondersoek vra. Tydens hierdie selfondersoek word gemeentes bewus van hulle gawes en besef dan ook op watter plekke hulle dit die beste tot voordeel van hulle gemeenskappe, die wêreld en die Koninkryk kan uitleef.

Dit is duidelik dat die Heilige Gees die kerk op alle vlakke beweeg en vernuwe (Alg Sinode 2013:200). Elke gemeente in die Oostelike Sinode word hierdeur uitgedaag om bewus te raak van die spesifieke maniere en gebiede waar die Heilige Gees haar uitdaag om vernuwe te word. Indien die gemeentes in die Oostelike Sinode nie bewus is van die uitdagings en geleenthede binne haar konteks nie, is dit baie moeilik om bewus te raak van die vernuwing wat deur die Gees plaasvind. Die Gees vernuwe dikwels elke plaaslike gemeente op uitdagende plekke wat voorheen met onbewuste ongeregtigheid en ongelykheid gepaardgegaan het. Indien die gemeente bewus raak en die gees toelaat dat verandering spontaan kan plaasvind, is sy besig om die reis op 'n voorspoedige wyse te laat geskied. Om dit te laat gebeur moet die gemeente bewus wees van haar foute en tekortkominge en bely dat sy in die toekoms ook foute sal maak. Hierin staan die Algemene Sinode en elke gemeente van elke streeksinode voor die uitdaging om nuut te dink en te onderskei, om die Heilige Gees toe te laat om ons op die pad wat God vir ons voorberei, te begelei (Alg Sinode 2013:200).

Gemeentes in die Oostelike Sinode het wat dit betref, 'n baie belangrike verantwoordelikheid. Elke gemeente moet met erns en dringendheid besluit of hulle die ou sendingparadigma gaan volg en of hulle daarna strewe om 'n missionale gemeente te wees. Gemeentes moet onderskei oor hulle huidige stand en die manier wat God hulle lei

© University of Pretoria

om deel te neem. Soos blyk uit hoofstuk 2, is daar plaaslik en globaal op verskeie gebiede groot nood en gemeentes sal hulle deelname aan die uitdagings moet kwalifiseer en dan so spoedig moontlik met haar gawes begin bedien.

3.1.3. Transformerende spiritualiteit

Outentieke Christelike getuienis is nie net wat ons doen in sending nie, maar hoe ons sending as lewenstyl uitleef. Die kerk in sending kan net volhoubaar wees indien ons spiritualiteit diep gewortel is in die gemeenskaplike liefde van die drie-enige God. Spiritualiteit gee ons lewens diep betekenis. Dit stimuleer, motiveer en gee dinamika aan ons lewensreis. Dit gee energie vir ’n volle lewe en vrae vir ’n verbintenis om op te staan teen alle magte en sisteme wat lewe verwerp, afbreek en verminder (*Together Towards Life,* CWME 2013:12).

Een van die beste voorbeelde van die uitleef en getuienis van ’n groep mense is die lewe en die werk van Francis van Assisi en sy volgelinge. Soos die Dominikane het Francis en sy volgelinge gestreef na ’n outentieke vorm van die *vita apostolica.* Volgens Bevans en Schroeder (2004:158-59) het die Fransiskane hulle verstaan van missionêre spiritualiteit uitdrukking gegee deur klem te lê op die *vita* in *vita apostolica,* wat beken om te lewe van, en in nabootsing van die passie van Christus deur strawwe armoede. In die geval kom die Apostolaat dan deur die totale oorgawe van hulle lewenswyse (Skreslet 2012:178-79).

Hierdie is ’n voorbeeld van ’n gemeente wat deur hulle soeke na relevansie ’n spiritualiteit gevestig het wat nie net lewegewend vir hulself was nie, maar ook vir die gemarginaliseerdes van hulle tyd. In die wyer missiologiese sirkels is dit ’n voorbeeld wat dikwels aangehaal word aangesien dit boekdele spreek van ’n merkwaardige missiologiese spiritualiteit wat streef na vrede en wat ten alle koste godsdienstige onenigheid bestry het. Daar is talle voorbeelde van sulke tipe oorgawes deur getransformeerde spiritualiteit. Soos vroeër genoem geskied die transformasie dikwels baie eerder in omstandighede wat ondraaglik begin raak. Die kerk word nie maklik verander of getransformeer wanneer sy haarself in gemaklike omstandighede bevind nie.

’n Missionale gees is altyd transformerend. Missionale spiritualiteit is teen alle afbrekende sisteme ongeag waar dit voorkom (ekonomie, politiek en selfs in die kerk). Ons geloof in God en God se geskenk van lewe gee aan ons die verantwoordelikheid om ongelyke sisteme te beveg. Die ekonomie en ekonomiese regverdigheid is altyd sake van geloof

© University of Pretoria

omdat dit die kern van God se wil vir die skepping raak. Missionale spiritualiteit motiveer ons om ’n gelyke, geregtige, regverdige ekonomie te ondersteun. Dit motiveer ons om aan God se tafel van gelykheid te sit eerder as om indiwiduele gretigheid na te streef, om vir verandering te streef, ’n beter wêreld terwyl ons selfsugtige eiebelang uitdaag (*Together Towards Life*, CWME 2013:13).

Brian McLaren (2007:246-47) beskryf die huidige sisteem as ’n selfmoordsisteem (suicide system) wanneer hy kyk na ekonomiese, politieke en sosiale omstandighede wat vandag heers. Hoewel hy die huidige sisteem as problematies en dikwels kritiek beskryf, sê hy dat ons altyd moet bly hoop en glo dat daar ’n verandering kan en sal kom. Hy daag die indiwidu en die kerk direk uit om hulle rol in die afbreek van die sisteem te erken en uit te leef.

McLaren vertel hoe hy deur ’n Afro-Amerkaanse vriend uitgedaag is om anders te kyk na sy posisie en manier van hulpverlening. McLaren se gemeente het dikwels in die arm gedeeltes bedien deur die kinders te leer lees en die man het vir hom gesê dat die ouer mense in die gemeenskap kan lees en dat dit eerder hulle plig moet wees om hulle eie kinders te leer lees. Hy het verder aan McLaren gevra om eerder die gemeente se rol te herdefinieer deur na die regering te draai en die ongeregtigheid teenoor die arm gemeenskap en hulle slegte omstandighede op so ’n manier te kommunikeer. Hoewel hulle beide saamgestem het dat dit belangrik is dat die kinders moet leer lees, het McLaren besef dat hulle in die gemeente ’n ander rol het om te vervul wat nie deur die mense in die gemeenskap vervul kon word nie (McLaren 2007:246-247).

Die verhaal illustreer vir ons iets van die betekenis om op te staan vir die gemarginaliseerdes en die wat onderdruk word. Die kerk bevind haarself meestal in die bevoorregte posisie waar haar stem op verskeie belangrike plekke met agting aangehoor word. Die kerk moet besef dat haar stem steeds belangrik is en ‘n verskil kan maak. Hierdie is slegs een van talle maniere waarop die kerk vandag steeds ’n bydrae moet lewer tot voordeel van die gemeenskap en ’n beter wêreld vir almal. Dit vra van die kerk om seker te maak dat haar prosesse en sisteme tot voordeel van die onderdruktes is en nie tot voordeel van ’n sisteem wat talle mense uitsluit nie. Indien die kerk haarself as missionaal sien sal sy ongemaklike vrae oor haar stem en huidige sisteme vra tot voordeel van diegene wat dit nie self kan doen nie.

© University of Pretoria

Jesus het gesê: "Julle kan nie vir God en mammon gelyk dien nie" (Matt. 6:24). Die beleid van oneindige groei deur die dominansie van die globale vrye mark is 'n ideologie wat eis dat daar geen alternatief kan wees nie. Dit is tot ernstige nadeel van arm gemeenskappe en die natuur. "Dit maak die valse belofte dat dit die wêreld kan red deur skepping van rykdom en vooruitstrewendheid, eis soewereinheid oor lewe en dit eis volledige trou wat grens aan afgodery". Hierdie globale sisteem van mammon wat oneindige groei vir die ryk en magtiges verseker en beskerm, is 'n sisteem van verdrukking. Hierdie gulsigheid bedreig die hele huishouding van God. Die heerskappy van God is in direkte opposisie teen die ryk van mammon (*Together Towards Life,* CWME 2013:13).

Tom Beaudoin (2001:20) beskryf die nuwe sisteem waar geld en kerk verweef is as *theocapitalism*. In hierdie sisteem is daar 'n soeke na vooruitstrewendheid wat soos 'n geloof funksioneer (dalk gelowige kultus). In hierdie sisteem word televisiekanale soos Discovery Channel en onder die Afrikaanssprekende mense Kyknet, die kragtigste geloofsuitsendings wat angs, vrees, opgewondenheid, hoop, gehoorsaamheid en rebellie uitsaai en siele onder die leiding van bekende karakters vorm. Winkelsentrums word heilige geboue en bergfietsroetes en gholfbane word die roetes van heilige pelgrimstogte. Die televisie word dalk nie die altaar waarvoor ons buig nie, maar eerder die aanbiddingsplek waar ons ure aaneen sit en staar terwyl ons, ons heilige brood in die vorm van skyfies en die heilige wyn in die vorm van bier of gaskoeldrank drink. Groot maatskappye word nou erken as denominasies en daar word geen onderskeid meer getref tussen kerk en staat nie. Beaudion sê dat hierdie media-gedrewe kapitalisme ons dryf en presies dieselfde vir ons doen as wat geloof vir ons beteken (McLaren 2007:190).

Die kerk staan voor 'n enorme uitdaging om nie deur kapitalisme en die wêreld van *theocapitalism* ingesluk te word nie. Die kerk kan nie anders as om teen die sisteem op te staan en die ongelyke verdeling van kapitaal te bestry nie. Solank as wat die sisteem so voortbestaan, sal armoede heers en sal daar nie 'n tyd kom waar mense as gelykes gesien en behandel sal word nie. Weereens vra dit vir nuwe taal en ook vir 'n gesindheidverandering. Dit lei ons tot nuwe denke oor die publieke getuienis van die missionale kerk. Die publieke getuienis vind uiting op verskillende plekke en maniere:

- Publieke getuienis deur gemeentelede (samelewing en tot aan die uithoeke van die wêreld).

© University of Pretoria

- Polities, kultureel, opvoedkundig, ekonomies en ekologies

> Transformation can be understood in the light of the Paschal mystery: "If we have died with Christ, we will also live with him; if we endure, we will also reign with him" (2 Tim. 2:11-12). In situations of oppression, discrimination, and hurt, the cross of Christ is the power of God for salvation (1 Cor. 1:18). Even in our time, some have paid with their lives for their Christian witness, reminding us all of the cost of discipleship. The Spirit gives Christians courage to live out their convictions, even in the face of persecution and martyrdom (*Together Towards Life,* CWME 2013:13).

Die kruis van Jesus bevat die hele omvang van die evangelie. Dit is 'n teken en bewys dat ons verstaan van getuienis-wees alles insluit en nooit eksklusief kan wees nie. Die feit dat die gemeente van God drie-enig 'n allesomvattende, -insluitende sending is, beteken dat die indiwidu en die kerk vir Christus tot voordeel van die skepping leef en laat leef (lewe gee). Daarom leef die kerk ook in die visie en woorde van Paulus wat in Fil 1:21 skryf: "Want om te lewe is vir my Christus en om te sterf is vir my wins". Die allesomvattende missiologiese uitkyk waarvan die kerk getuig, sluit die volgende aspekte in en dit ondersteun die strewe na regverdigheid in 'n wêreld waar ons bewus is van onderdrukking, diskriminasie en seer.

Missionale gemeentes se m*arturia* (getuienis deur woord en daad) sluit in (Bosch 1980: 227):

- Kerugma (verkondiging)
- Koinōnia (gemeenskap)
- Dikoinōnia (diensbaarheid)
- leitourgia (aanbidding)

Aangesien die kerk leef om Jesus se liefde aan die wêreld te verkondig, word die vier bogenoemde aspekte nooit na binne gefokus nie, maar altyd tot voordeel en opbou van die gemeenskap en die wêreld wat buite die kerk is. Die Gees vervul die kerk om deur haar *Marturia* getroue dienaars te wees van die mense. Aangesien die kerk deel is van 'n gebroke wêreld het die kerk 'n defnitiewe rol te speel in die uitdagende sosiale, politieke

© University of Pretoria

en ekonomiese sfere. Die kerk moet onomwonde en eenparig verklaar dat elke daad en woord wat sy spreek onregverdigheid teëstaan. Regverdigheid word deur die Ou- en Nuwe Testament verklaar as die een manier om dinge wat die wêreld sleg en gebroke láát, reg te stel, die kerk se roeping lê dus daarin om bereid te wees om vir die beginsel van regverdigheid te lewe en te sterf (Pretorius 1987:97). "Die kerk word geroep om die beswil van die wêreld bo die belange van die kerk te plaas, en ons publieke getuienis vra dus na die agenda, wat hierdie wêreld, hierdie konteks, op ons tafel sit. Hierdie getuienis vra met tye 'n kritiese stem, met tye 'n dialoog met verskillende rolspelers, en met tye 'n erkenning van God wat besig is om sy wil in hierdie wêreld te laat geskied deur mense en instansies wat los staan van die kerk" (Alg Sinode 2013:212).

3.1.3.1. Refleksie oor: Transformerende spiritualiteit

Die Heilige Gees is altyd in ons doen en late teenwoordig, hoewel die Heilige Gees teenwoordig is, is die Heilige Gees nooit wêrelds of getem nie. Die Gees verras ons dikwels deur die plekke en mense wat gebruik word om te werk. Hierdie mense is dikwels die mense wat ons sal uitsluit (*Together Towards Life,* CWME 2013:14;35).

Soos die Heilige Gees elke gemeente in die Oostelike Sinode lei in hulle deelname, lei die Heilige Gees ook gemeentes van ander denominasies en alle ander instansies. Die kerk loop dikwels die gevaar om die Heilige Gees aan haarself toe te eien en te dink dat alles wat nie kerk is nie, nie die seën van die Gees op dit het nie. Dit is belangrik dat elke gemeente in die Oostelike Sinode 'n rolspeler en deelnemer van transformasie sal wees en nie dink dat sy alleen die bewerker van transformasie is nie. Deur die probleme en uitdagings in die bloeiende skepping raak te sien en hande te vat met plaaslike owerhede, kan die gemeentes 'n groter bydrae lewer as wat elke instansie op haar eie kan maak.

3.1.4. Gees van bevryding: Sending van die kantlyn/gemarginaliseerdes

God se doel vir die wêreld is nie om 'n ander wêreld te skep nie, maar om dit wat God reeds geskep het in liefde en wysheid oor te skep. Jesus het sy bediening begin deur te verduidelik dat wanneer jy deur die Gees vervul is kan jy nie anders as om die onderdruktes te bevry nie. Hierdie bevryding gaan gepaard met visie vir die wat nie kan sien nie en die verkondiging van die koms van die heerskappy van God (Luk 4:16-18).

© University of Pretoria

Jesus het verkies om hierdie boodskap te vervul deur na aan die onderdruktes en gemarginaliseerde mense van sy tyd te leef (*Together Towards Life,* CWME 2013:14).

Lukas maak dikwels ekonomiese stellings oor die onderdruktes en armes (Luk 1:53; 6:20,24; 12:16-21; 16:19-31; 19:1-10). Buiten die melding wat Lukas oor die armes en onderdruktes maak, is Lukas die enigste skrywer in die Bybel wat melding daarvan maak dat ons vrugte moet dra wat die Christelike bekering beklemtoon en hy doen dit in ’n ekonomiese verhouding (Luk 3:10-14). Die term “arm” in Grieks *ptochos,* kom tien keer in Lukas voor teen die vyf keer in die Matteus en Markus evangelies. Indien ons nie Lukas gehad het nie sou ons heel moontlik nie vir Jesus as die Jesus van die armes en onderdruktes beskou het nie aangesien hy baie meer aandag aan die ekonomiese stand en die menslike reaksie op die onderdruktes gee (Bosch 1991:98). Dit is interessant om te sien dat Lukas die armes altyd bo-aan die lys van onderdrukking of laaste plaas om te verseker dat hulle deel van die klimaks uitmaak.

In Suid-Afrika lewe ons in armoedige omstandighede, ons word dikwels herinner aan die swaarkry en absolute ellende (kripering) van mense wat beswaarlik ‘n klipgooi van ons eie wonings leef. Armoede en die gevolge en verligting daarvan is ook deur die Algemene Sinode (Algemene Sinode 2013) as een van die belangrikste verantwoordelikhede van die kerk gelys. In opbou tot die Algemene Sinode is daar baie tyd en energie aan ’n studie: “Die betrokkenheid van die NG Kerk by die stryd teen armoede, werkloosheid en maatskaplike werkloosheid” bestee om seker te maak dat die NG Kerk ’n goeie begrip het van die huidige omstandighede en uitdagings rondom armoede.

Die kerk mag geensins hierdie rol van haar gering ag of ignoreer nie. Indien die kerk nie ingryp en ’n positiewe bydrae kan lewer ten opsigte van armoedeverligting nie, sal die rol van die kerk in die samelewing voortdurend en aanhoudend bevraagteken word. Indien ons ’n kerk getrou aan ons omstandighede wil wees sal ons baie fyn onderskei en in ons gemeenskappe raakplekke soek om lewende en voortdurende verandering in die kwessie te maak (Algemene Sinode 2013:203,206; McLaren 1998:121-123). Een van die groot gevare wat die kerk loop is om so selfbehep en vasgevang te word in haar eie probleme dat sy blind is vir die onderdrukking van die rondom haar.

Jesus Christus vereenselwig en omhels die gemarginaliseerde, verdrukte mense in die samelewing, om sodoende alles wat teen die volheid van lewe indruis, te transformeer. Dit

© University of Pretoria

sluit kulture en sisteme in wat armoede, diskriminasie en onmenslikheid bevorder. Sending van die grense vra vir ’n verstaan van die kompleksheid van wêreldmagte en globale sisteme en strukture en plaaslike kontekstuele realiteite. Christelike sending is met tye verstaan en op wyses beoefen wat nie in verhouding met God staan nie. Sending van die grense nooi die kerk om sending te herdink as posisie waar God se Gees in die wêreld werk om volheid van lewe vir almal ’n realiteit te maak (*Together Towards Life,* CWME 2013:15).

Daar het ’n groot keerpunt gekom in die denkwyse oor sending. Dit is nie meer so ongewoon om woorde soos “gestuurde gemeentes, “gemeenskapskerke” en “missionale ekklesiologie” te gebruik nie. Hierdie begrippe word al hoe meer bespreek en daar word dikwels seminare gehou om kerke se uitdrukking van haar sending na die wêreld te bespreek (Alg Sinode 2013:199). Die gebruik is dikwels oorbodig, maar spreek boekdele oor die kerk se poging om op nuwe kreatiewe maniere ons verstaan van die deelwees aan die *missio Dei* van God drie-enig uit te druk (Alg Sinode 2013:203; Wickeri 2004:4).

Volgens Wickeri (2004:4) leef ons in ’n tyd van fundamentele verandering in terme van wêreld Christenskap. Die verandering word dikwels as krisis in plaas van geleentheid vertolk en die feit dat die kerk dit so vertolk, het beslis meriete. Die agtergrond vir die sienbare krisis moet dateer terug na die begin van die moderne sendingbeweging en daar word dikwels bespreek hoe die beweging ons begrip van die *missio Dei* beïnvloed het. Vandag kan ons die krisis beskryf in terme van die kerk se verhouding met globalisasie aan die een kant en godsdienstigtige pluralisme aan die ander. Die kontras tussen ’n Christelike visie en verstaan van die ekumene en die neo-liberale ideologie van globalisasie vertolk deur die ryk Noorde, het die krisis in alle maniere gevorm.

Die kerke soos deur die ekumeniese beweging beskryf as die Suide, is besig om ’n sterk transformerende verstaan van die missionaliteit van die kerk itv die *missio Dei* uit te druk. Soos deur Wickeri gesien, lê die antwoord daarin dat die kerk in die Suide agv haar gemarginaliseerde wese nie ’n ander opsie het as om vernuwend en anders te dink oor die uitdagings van globalisering en pluralistiese godsdienste nie. Die kerk in die Suide word dus so gereeld met die uitdaging gekonfronteer dat daar nie werklik ’n ander opsie as transformasie is nie. Indien die kerk in die Noorde dus ’n sienbare verandering itv haar kerkverstaan teenoor die huidige krisisse in die wêreld wil konfronteer, kan sy nie anders as om haar gesig na die Suide te draai nie. ’n Nuwe verstaan van *missio Dei* sal die kerk

© University of Pretoria

help om op ’n voortdurende transformerende wyse die evangelie vandag te verstaan en die uitdagings in die wêreld te interpreteer. Die kerk word dus in die proses die outeur van ’n nuwe storie in ’n voortdurende veranderende wêreld.



Kaart van die globale Noorde en Suide: http://www.idgconnect.com/blog-abstract/5830/thoughtworks-interview-agile-principles-global-south (21-05-15).

3.1.4.1. Refleksie oor: Gees van bevryding: Sending van die kantlyn/ gemarginaliseerdes

Sending vanuit die minderhede/onderdruktes bevestig op ’n baie unieke manier dat indien die NG gemeentes in die Oostelike Sinode hulle siening oor die bestaande krisis wil verander rondom die stem van die minderhede, onderdruktes en gemarginaliseerdes hulle ’n baie hoër agting en erns aan die stem van die minderhede, onderdruktes en gemarginaliseerdes sal moet gee. Die realitieit is dat nuwe bewegings en kerke buite die tradisionele sisteme en verstaan van kerkwees in vandag se tyd die voorlopers in terme van inisiatiewe en deelname aan missionale kerkwees uitleef. Hoewel dit die huidige tendens is word hierdeur geensins gesê dat dit slegs gemeentes wat onderdruk word is wat hieraan deelneem nie, maar juis dat die kerke deur hulle omstandighede as te ware ’n “cutting edge” het deur die omstandighede waarmee hulle gekonfronteer word om buite die boks te dink en op sienbare maniere inisiatief te neem en missionale gemeentes te

© University of Pretoria

wees en kerke te plant. Hierdie norm vir hantering van die krisis word bevestig deur talle kerke in Afrika, Sjina en veral onder die Pinksterkerke regoor die wêreld (Wickeri 2004:4).

Gemeentes in die Oostelike Sinode sal baie meer in voeling met hulle plaaslike omstandighede en uitdagings rakende minderhede, onderdruktes en gemarginaliseerdes moet leef.

3.1.4.1.1. Hoekom die onderdruktes en gemarginaliseerdes?

Sending van die kantlyn is altyd daarop gefokus om die ongeregtigheid, onregverdigheid en onderdrukking in die lewe en die kerk teen te werk. Die hooffokus hiervan is om ’n alternatiewe sendingverstaan te skep wat die persepsie teenwerk dat slegs magtige, ryk kerke sending onder magtelose, arm kerke kan doen. Hierdie verstaan van sending dra by tot onderdrukking en marginalisering van mense en kerke. Sending van die kantlyn erken dat die wese van die kerk in die omstandighede van onderdrukking aan haar ’n eerstehandse ervaring bied van sisteme waar daar ’n afwesigheid van vryheid, menseregte, onregverdige hantering van indiwidue, uitsluiting en onderdrukking heers. Hoewel ons nooit die omstandighede kan goedpraat of propageer nie, bied die omstandighede baie lewenslesse vir oorlewing, vooruitstrewe en dikwels transformasie.

Die kantlyn/minderheidsposisie bied daardie persone ’n geleentheid om die omstandighede te beleef en te beredeneer. Die persone wat hiermee gekonfronteer word dra baie meer kennis van en het ’n beter visie van die uitdagings en veranderings wat nodig is om uit die posisie van onderdrukking te ontsnap. Die rede hoekom daar groot fokus op die gemarginaliseerde omstandighede geplaas word, is juis omdat kerke en persone wat hulself nie hierin bevind nie, baie by die mense kan leer (*Together Towards Life*, CWME 2013: 16).

Carvalhaes (2007:2) sê dat mense van Latyns-Amerika se stemme vir te lank deur die stemme van Noord-Amerika en Europa onderdruk is. Hy sê dat Latyns-Amerikaners as gevolg daarvan nie eens hulle eie stemme as belangrik geag het nie. Hulle was dikwels bang om te praat, veral oor God en om as teoloë die stap te neem het baie diepte en inherente soeke geverg Hy vertel verder hoe moeilik dit is om jou eie stem as gemarginaliseerde te vind tussen al die bekende buitelandse stemme. Die oomblik toe hulle besef het dat hulle stem ’n bydrae kon lewer tot globale sake, is hulle uitgedaag met die byna onmoontlike taak om ’n teologiese diepte en liturgiese bydrae met hulle stem te

© University of Pretoria

lewer. Die probleem was egter om genoeg vertroue en selfvertroue te hê om te besef dat God vir hulle ’n stem gegee het om te praat. Dis ’n gawe om na ander se stemme te luister. Carvalhaes sien dit as die opening van die Gees in ons binneste om God se beweging in onverwagte mense en plekke te sien. Hy lê baie fokus op die stem van die kerk en die indiwidu. Hy gaan dan verder om te sê dat ons kan leer om onsself te herskep soos ons inneem, verander of nuwe moontlikhede byvoeg tot ons spiritualiteit tot eer van God wat altyd op verskillende maniere met ons praat. Hierin lê ’n belangrike deel van openheid teenoor die onderdruktes en gemarginaliseerdes.

Hy sê dat die stem van die bevoorregte meerderheid (Noorde, volwassenes, mans, kolonialiste, Europeers en Amerikaners) ongelukkig vir té lank té hard was en dat die stemme van die minderheid (Suide, kinders, vroue, gekolonialiseerdes, Afrika, Asië, Suid-Amerika ens.) as gevolg daarvan uitgedoof is en geen waarde kon hê nie. Die stemme was so oorverdowend dat dit aangehou en aangehou het totdat almal in ’n gebruik van sameswering en na-apery verval het. Ongelukkig is dit nie so eenvoudig om nou skielik die stem van die gemarginaliseerdes te laat hoor of aandag daaraan te gee nie want die gemarginaliseerdes moet eers uitgedaag en oortuig word dat hulle wel ’n stem het (Carvalhaes 2007:2).

Die uitdaging lê daarin om die oorheersende siening dat sending op gemarginaliseerde mense in die samelewing gemik is, te verander. Die gemarginaliseerdes is dikwels gesien as die objekte wat bedien moet word en as geleenthede vir sending beskryf. Ons moet nou deur vernuwende begrip verstaan dat hulle gesien word as aktiewe agente van sending. Die ou sisteem van sendingverstaan het vir te lank ’n bydrae gelewer tot die onderdrukking en marginalisering van mense. Die sendingvraag wat deur die sisteem gevra is, was dikwels - waar pas die objekte in ons plan; het ons genoeg geld om hulle te ondersteun - en nie hoe kan ons ’n bydrae lewer tot die verbetering van ekonomiese-, sosiale- en gemarginaliseerde omstandighede nie. Die selfgesentreerde sendingmodel het as’t ware ’n klad op die naam van die kerk gelaat en het diegene bevoordeel wat in die bevoorregte posisie was om te kan gee (Saayman 2007:117-123;138-140).

3.1.4.1.2. Refleksie oor: Hoekom die onderdruktes en gemarginaliseerdes?

In hierdie proses lê daar ’n groot stuk vervreemding en verdere onderdrukking as gevolg van die sisteme wat in die kerk heers. Gemeentes in die Oostelike Sinode word uitgedaag om die sisteme af te breek en mense, ongeag hulle afkoms of posisie ’n gelyke stem te

© University of Pretoria

gee. Omdat God ’n God is wat regverdigheid vir weeskinders en weduwees wil hê en wat die vreemdeling liefhet en vir hulle sorg (Deut. 10:17-18), kan ons nie anders as om te benadruk dat alle vorme van sending van die kerk van God tot voordeel van alle mense en die aarde moet wees nie (Jes 58).

In belydenisse soos Belhar en Accra besef die kerk dat die gemarginaliseerdes op ’n baie spesiale manier ’n bydrae lewer om hulle stemme te laat hoor. Hierdie belydenisse het ontstaaan agv omstandighede van onderdrukking en ’n uitroep na ekonomiese geregtigheid en regverdigheid. Die belydenisse raak al hoe meer relevant ten opsigte van die stem van die kerk en vra van die kerk om erns te maak met haar posisie in terme van geregtigheid en regverdigheid. Die prosesse vir oorweging van die belydenisse spreek boekdele van die verskillende denominasies se missionale verstaan en hoewel baie van die gesprekke en standpunte legitimiteit dra, spreek dit dikwels iets van ’n selfgesentreerde missionêre kerkverstaan. Gemeentes in die Oostelike Sinode word uitgedaag om hierdie prosesse op grondvlak onder elke gemeentelid se aandag te bring en die belydenisse vir mense lewend te maak.

Die tragedie is dat die sisteem dikwels nie die bevoorregte gemeentes toelaat om deel te neem aan gesprekke, dialoë en belewenisse met persone in onderdrukte omstandighede nie. Dit is dikwels agv onkunde of selfs ’n snobisme wat by gemeentes en indiwidue heers. Die skrywe in hoofstuk 2.1.1.2 waar gekyk word na die verspreiding van sendelinge en oor die aantal sendelinge wat buite Afrika (123) ondersteun word teenoor die sendelinge binne Afrika (71), is in die opsig baie belangrik. Het die paradigma so erg verander dat ondersteuning so wyd moet strek terwyl die meeste gemarginaliseerde kerke en mense op ons kontinent is? Daar sal baie kritiese vrae oor die ondersteuning en die verstaan van gemarginaliseerdes gevra moet word en dalk gaan dit juis hier om ’n sterk skuif te maak van ’n ou sending verstaan na ’n nuwe missionale verstaan van kerkwees. Die kerk moet dus bereid wees om eerder as om vanuit ’n magsposisie die kerk of indiwidu aan die kantlyn te ondersteun, toelaat dat die kerk in haar magsposisie deur die kerk aan die kantlyn getransformeer te kan word. Dit vra dus ’n paradigmaskuif en dit sal krities wees indien die kerk op ’n sigbare manier voortdurend wil verander en ook ’n lewende bydrae wil lewer (Bosch 1991; Immink 2009).

© University of Pretoria

3.1.5. Sending as stryd en weerstand

Indien ons agslaan op die lewe van die kerk en die aktiewe deelname aan die *missio Dei* van God dan moet ons bely dat God in die geskiedenis en deur voortdurende skepping optree. Deur die voortdurende optrede van God lê daar 'n strewe na volheid van lewe vir die totale skepping en dit word gevind deur regverdigheid, vrede en rekonsiliasie. As kerk is ons voortdurend deel van en besig met God se aanhoudende werk van versoening en rekonsiliasie deur die Heilige Gees en daarom is onderskeiding en ontmaskering van die bose wat onderdruk en vasvang, nodig (Sweet 2012:47-57). Hierin lê daar 'n groot stuk verandtwoordelikheid vir die kerk se sendingtaak.

Indien ons kyk na die werk van Gerdener (1958:30-41) dan besef ons vinnig dat die NG Kerk te dikwels vandag steeds met 'n ou sendingverstaan wat stryd en weerstand bring, voortgaan. Die gedeelte vertel van 'n aantal sendelinge wat deur die vroue-sendingbond en die manne-sendingbond opgelei en geplaas is om met hulle teologiese kennis en nuut aangeleerde Bantoe-tale swart Afrika in te vaar en die mense van óns God te gaan leer. Hoewel dit in daardie tyd die idee en doel van sending vasgevang het, het dit ongelukkig so 'n groot nalatenskap op die kerk gelaat dat ons vandag steeds in baie gevalle sending so verstaan en nie daarvan kan losbreek nie.

In die opsig sal dit van die kerk beter onderskeiding vra en heel moontlik om as gemeente meer betrokke te raak en dalk die geld wat tans aan sendelinge in Afrika, Europa ens. spandeer word in plaaslike omstandighede te belê. Indien gemeentes wil optree tot voordeel van die skepping en van alle mense sal die vraag een van hulle belangrikste vrae in terme van sendingverstaan word. Daardeur sal die kerk se hoop op die beloofde vervulling van die Koninkryk van God vervul word. Dit vra na die herstel van verhoudings tussen God en die mens en die hele skepping. Hoewel dit dui op 'n eskatologiese verwagting, word die kerk deur die afwagting ge-energeer om deel te neem aan God se bevrydende werk in ons huidige omstandighede as deel van die *missio Dei* (*Together Towards Life,* CWME 2013:17).

Die indiwidu en kerk se deelname aan die sending volg in die spore van Jesus wat gekom het om te dien en nie om gedien te word nie, wat die magtige en die heersendes afbreek en die gemarginaliseerdes en onderdruktes opbou en op die manier stryd en weerstand oorkom. Hierdeur word die kerk uitgedaag om vas te val in goedkoop of maklike antwoorde nie, maar om altyd soekend te bly na die waarheid en die waarheid lê dikwels daarin om 'n stem vir die stommes, 'n oog vir die blindes en 'n hand vir die verwerptes te

© University of Pretoria

wees, weereens verwys dit nie na ’n eensydige diensbaarheid teenoor objekte nie, maar ’n opregte deelname aan God se sending van strewe na regverdigheid, geregtigheid en lewe vir almal (de Gruchy 2004:101-143).

3.1.5.1. Refleksie oor: Sending as stryd en weerstand

In tabel 7, (hoofstuk 2.1.5.1.) sien ons duidelik dat die Oostelike Sinode op ’n fantastiese manier finansieel sendelinge ondersteun. Daar sal egter in die nabye toekoms kritiese vrae gevra moet word oor die huidige sendingverstaan en die manier wat die kerk rekenskap hieroor lewer (Heitink 2007:303-304). Dit was heel moontlik vanselfsprekend om sendelinge te ondersteun en om hulle nie te veel uit te vra oor die werk wat hulle doen en die maniere waarop hulle evangeliseer nie, maar indien die kerk haar diepte as missionale kerk wil ontgin sal sy eerlik moet wees oor die hoeveelheid geld wat jaarliks spandeer word aan sending wat moontlik tans en in die toekoms meer stryd en weerstand gaan bring as eenheid en openheid.

3.1.6. Sending op soek na regverdigheid en inklusiwiteit

Die redding waarvan ons lees in die evangelies sluit alles wat leef in. Die boodskap verwys natuurlik en op ’n belangrike wyse na rekonsiliasie van al wat leef. Die essensie van die evangelies lê baie sterk op die rekonsiliasie in die verhouding tussen mens en God en die verhouding word net op een manier gerekonsilieër en dit is deur Jesus Christus. As gevolg van die aksie van rekonsiliasie word die volheid van lewe bevry en ontvang die rekonsiliasie wat alle lewe tot ’n nuwe hoër plek neem (2 Kor 5:17, Gal 6:15). Na aanleiding van hierdie regverdige, maar tog inklusiewe aksie word alle verdere menslike verhoudings deur rekonsiliasie en die eskatologiese hoop ingesluit. Niks kan buite die genadige redding gesien word deur die wat Christus liefhet nie. Hier word nie net verwys na inklusiwiteit en regverdigheid nie, maar juis dat elke lewende wese wat in Christus is, ’n nuwe wese in elke aspek van lewe is (Bavinck 1960:55-56). Hieruit sien ons dat inklusiwiteit regverdige verhoudings in gemeenskappe en die skepping vestig, in hierdie verhoudinge is daar altyd wedersydse waardering en aansien vir die ander se rol en ten volle agting en respek vir die aard en omvang van die skepping. Die doop in Christus vra van ons ’n lewenslange verantwoordelikheid om die hoop van ’n gelyke identiteit onder die heerskappy van God na te streef en daarom is alle vorme van diskriminasie onaanvaarbaar in die oë van God (*Together Towards Life,* CWME 2013:18).

© University of Pretoria

Indien ons as Christene glo in regverdigheid vir ander soos ons in regverdigheid vir onsself glo en streef na inklusiwiteit vir ander soos ons daarna streef vir onsself, het ons nie ’n ander keuse as om na Jesus as voorbeeld te kyk en die boodskap wat Hy aan ons nagelaat het te volg nie. Jesus sê jy moet jou naaste liefhê soos jouself en praat dikwels van hoe ons ontvanklik moet wees teenoor die vreemde en hoe ons ook moet ingaan wanneer ons deur die vreemde ontvang word.

McLaren (2010:211-212) maak ’n goeie stelling in sy boek *A new kind of Christianity* wanneer hy sê dat Christene te dikwels na die Joh 14:6 (Jesus is die enigste weg na God) teks gryp wanneer hulle met die pluaralisme vraag gekonfronteer word. Hy sê dat hy dikwels met die vraag oor inklusiwiteit gekonfronteer word en dat hy nie huiwer om dan na Jesus as voorbeeld te verwys nie. Hy vra dan ook die persone oor hoe hulle graag deur persone van ander agtergronde en gelowe benader wil word. Die antwoord is dikwels met respek, openheid, ontvanklikheid en nuuskierigheid oor ons geloof sonder om te voel dat hulle gekonfronteer word om hulle geloof prys te gee. Hy sê dit is dikwels die probleem wanneer ons dan mense van ander gelowe konfronteer of benader dat ons hulle nie met die wedersydse aanvaarding en respek kan hanteer waarmee ons graag hanteer wil word nie (McLaren 2010:211-212). In Matt 20:16 sê Jesus: “Wie eerste is sal laaste wees en wie laaste is sal eerste wees”. Dit is as’t ware ’n opdrag aan die kerk om radikaal gasvry en ontvanklik teenoor die vreemdelinge in hulle gemeenskappe te wees. Hierdeur word dan uitdrukking aan die waardes wat vir God en Christus belangrik is, gegee. Deur ons hoogmoedige, selfgesentreerde posisie prys te gee maak die kerk op ’n baie unieke en spesiale manier plek vir God se heerskappy deur menslike bestaan. Dit besit die liefdevolle werking om fisies, sielkundig en spiritueel op talle terreine (persoonlike interaksie, ekonomies, polities, sosiaal) die wêreld te transformeer deur die werking van God (*Together Towards Life,* CWME 2013:18).

’n Missionale teologie vra talle moeilike en uitdagende vrae van gemeentes. Die vraag na die rol van geld en die manier wat die gemeente rentmeesters is van dit wat aan haar toevertrou word, is dikwels ’n moeilike vraag. Die antwoord op die vraag kan in verskillende omstandighede op verskillende maniere beantwoord word met dieselfde regverdiging. Regverdige en geregtige besluitneming is dikwels vir die kerk en veral vir gemeentes wat hulself as missionaal beskryf ’n kwelpunt. In die proses van onderskeiding en gebed is dit vir die gemeentes belangrik om op soek na leiding van die Heilige Gees te wees, maar om ook opreg en eerlik te wees teenoor haar sendingverstaan en die plek

© University of Pretoria

waar die gemeente in haar reis met God en die samelewing is. Daarom is dit belangrik vir die missionale gemeente om erns te maak met haar soeke na ’n goed gefundeerde teologie oor: “Hoe goeie nuus vir bevoorregte mense en mense met mag lyk en klink” (*Together Towards Life,* CWME 2013: 18).

Die kerk is geroep om God se lewegewende plan vir die wêreld uit te leef deur Jesus Christus. Dit beteken die teenkanting van alle aktiwiteite wat gemeenskappe kan skade berokken. Hoewel demokrasie as die beste vorm van regering deur die ekumeniese beweging aangewys is vir indiwiduele lande en wêreldregerings, is dit belangrik dat die kerk haar rol en roeping in die regverdige implimentering van demokrasie sal uitleef. Die kerk word dikwels deur regerings erken en ook gevra om deel te neem aan die geleidelike transformasie na demokrasie, in die proses is dit belangrik dat die kerk sal besef dat sy nie haar mag moet misbruik nie, maar juis deur die verantwoordelikheid lewegewende besluite tot voordeel van alle ander gelowe en mense moet neem (De Gruchy 1995:228).

3.1.6.1. Refleksie oor: Sending opsoek na regverdigheid en inklusiwiteit

In die hele proses moet Christene nooit hulle posisie prysgee deur oneerlik teenoor hulself of die gemeenskap te wees nie en moet ten alle koste hulle sondige natuur erken deur diskriminasie en ongeregtige strukture te transformeer en uit te daag (Jonker 2008:53,165). Hierdie roeping skep verwagtinge van die kerk. Die kerk word dan die draer van ’n gesonde kultuur waarin daar nie plek vir ongelykheid, diskriminasie en vernedering van ander is nie. Die kultuur wat geskep word moet opregte en regverdige ruimte vir almal bied (Kärkkäinen 2002:134-141). Die opdrag wat egter baie sterk in die Ou- en Nuwe Testament deurkom is dat dit nie sonder onder julle sal wees nie. Daarin lê ’n groot stuk verantwoordelikheid, maar ook erns vir die kerk vandag (Matt 20:26).

3.1.7. Sending as genesing en heelheid

Genesing is een van die belangrikste vorme van lewe gee van die missionale kerk. Dit is dikwels moeilik as Gereformeerdes om die essensie en die ware belang van genesing te verstaan en die daad van genesing te begryp. Hoewel genesing en heelmaking deel van Jesus se wonderwerke was roep Hy ook sy volgelinge om aan te gaan met dit, dit is ook ’n gawe van die Gees en daarom het ons nodig om in diepte die belang van genesing en heelmaking te verstaan. Dit handel nie net oor die fisiese aksie van genesing nie, maar die klem lê op die fisiese, psigiese en spirituele genesing en heelmaking van indiwidue en gemeenskappe. Die verantwoordelikheid wat dus by die kerk lê daag ons uit om ons

© University of Pretoria

omstandighede deeglik te ondersoek en goeie onderskeidingsvermoë vorendag te lê en dan op die wyse te sien hoe ons betrokke moet raak waar God alreeds besig is.

Skreslet (2012:145-147) staaf dat sending en genesing alreeds voor die aanbreek van moderne mediese wetenskap en medikasie aan mekaar gekoppel was. Sendelinge wat in afgeleë plekke gewoon het, het lankal reeds besef dat dit ’n saak van lewe en dood sou word indien siektes uitbreek en daarom erns daarvan gemaak om mense op te lei met die nodige kennis om as dokters/geneeskundiges te kon optree. Die kern van die belang van genesing in terme van evangelisasie dateer terug na die tyd toe Jesus deur sy bediening die siekes gesond gemaak het en daardeur talle volgelinge gekry het. Die Pinksterkerke maak dikwels ’n sterk koppeling tussen evangelisasie en genesing om sodoende mense na God te lei. Skreslet sê die nuwe tendens is dat organisasies probleemareas identifiseer en dan vir ’n bepaalde tydperk mediese sendingwerk gaan doen (van die organisasies is nie geloofsgeorinteerd nie en gaan met die uitgangspunt om mense gesond te maak en op te lei). Die rede hiervoor is omdat lande na kolonialisme skepties is om visums aan buitelandse dokters en mediese personeel te bied om te verseker dat hulle eie personeel ervaring opdoen en genoegsame opleiding het en natuurlik die situasie kan beheer. Dit veroorsaak dikwels dat daar nie nodige hulp aan pasiënte verleen kan word nie en dat organisasies en individue met die geloofsoortuiging om mense te genees nie die geleentheid gebied word nie. Om genesing te bring deur spirituele heling soos dikwels deur die Pinksterkerke verkondig, is in baie gevalle lynreg teenoor die gebruik van medisyne en die werk van medici. Hoewel dit problematies kan wees, is daar ook gevalle waar Pinksterkerke op ’n vreedsame maniere hulle oortuigings opsy skuif en saam met medici evangeliseer en mense genees (Skreslet 2012:145-147).

Dit daag die kerk om prakties betrokke te raak by mense met siektes en gebreke wat deur die wêreld gesien word as gestremdhede en om persone op die manier ’n gelyke deel aan die volheid van lewe en die samelewing te bied. Op ons kontinent word ons uitgedaag met van die gevaarlikste virusse en siektes wat daagliks talle mense se lewens kos en gesinne se lewens verwoes, dit sluit in HIV, vigs, ebola, malaria en kanker ander maniere waarmee mense ook gekonfronteer word deur ’n gebrek aan heelheid is diefstal, moorde, verkragtings, hongersnood, werkloosheid en armoede wat in Afrika, maar ook in Suid-Afrika van die hoogste in die wêreld is. Die kerk kan nie langer haar rug op die probleme draai nie en sal haar verantwoordelikheid deur goeie opnames moet maak en ’n transformerende bydrae moet lewer in haar nabye omstandighede.

© University of Pretoria

Dikwels vra dit eerder van ons om deel te neem en te verseker dat daar goeie bestuur en beheer toegepas word as dat ons self mense moet versorg en gesond maak. Ons verstaan in die hedendaagse tyd lê nader hieraan. Wanneer daar kerkleiers is wat mense genees en dan aanhangers kry om aan hulle die eer te gee is dit nie lewendgewend nie en gaan die eer nie aan God nie, dus moet die kerk ook versigtig wees vir gevalle soos die en dit ten sterktse afkeur. Wanneer God deur mense genees is dit nie om aan die persoon eer te gee nie, maar aan die wonderwerk wat deur God gebeur het. As ’n gemeenskap van imperfekte mense, wat deel is van die roepende, hartseer, stukkende wêreld opsoek na bevryding kan die Christelike gemeenskap ’n teken van hoop en ’n uitdrukking van die Koninkryk van God hier op aarde vandag wees (Rom 8:22-24). Die Heilige Gees werk vir geregtigheid en genesing in baie verskillende maniere en is tevrede om die gemeenskap wat Christus se sending uitleef te bemagtig (*Together Towards Life,* CWME 2013: 20-21).

3.1.7.1. Refleksie oor: Sending as genesing en heelheid

Together towards life (CWME 2013:20) maak ’n oproep op elke gemeente en gemeenskap om hulle fokus van indiwiduele voorkere na gemeenskaplike nood te skuif. Die oproep is om in alle vorme van die wese van die kerk volhuid van lewe na te streef. Hierdie volheid van lewe moet in alle opsigte tot voordeel van die skepping en alle lewende wesens wees. Elke gemeente word sterk geroep om deur onderskeiding te besef dat hulle nie langer ondersteuning in Europa en in die buiteland as ideaal kan ag nie, maar dat hulle missionaliteit gesien word deur hulle vermoë om lewegewend ’n sienbare verskil in hulle nabye gemeenskap te maak. Die navorser wil geensins sê dat ondersteuning buite gemeente grense gering geag word nie, maar reken wel dat gemeentes deur ernstige onderskeidingsprosesse moet besef waar hulle bydrae die nodigste is en so deelneem aan God se besig wees in die wêreld. Vanuit die inligting in Hoofstuk 2 is dit duidelik dat daar ’n verskuiwing moet plaasvind indien gemeentes missionale gemeentes wil wees.

3.2. GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG

3.2.1. God se sending en die lewe van die Kerk

Volgens Bosch (1979:240-242) vind die sending sy oorsprong in die Vaderlike hart van God. God is ’n sendende fontein van liefde. Die liefde is die allerdiepste fundering van die sending. Hy sê dat dit nie moontlik is om verder terug te gaan nie omdat God die mens lief het, geskied sending. Ons kan nie anders as om op die liefde te reageer nie en ons reageer deur deel te neem aan God se sending. Hierdie uitdrukking van *koinonia* maak

© University of Pretoria

ons harte oop en raak lewend in ons uitreik na mense in dieselfde beweging deur die lewe van die kerk (*Together Towards Life,* CWME 2013:21). Die liefde van God is aan ons bekend gemaak deur Sy seun Jesus Christus. In Joh 3:16 word die groot liefde van God aan ons bekend en raak ons bewus van God se sending van die Seun en deur die Seun na die mens. Die tweede persoon in die Triniteit se rol en betekenis word hierdeer aan ons blootgestel. Barth se sendingverstaan help ons in die geval om nie net Trinitaries daarop te fokus nie, maar Christologies. Barth wou daarmee die eventueel spekulatiewe interpretasie van ’n fundering in die Drie-eenheid by die wortel afsny. Die vleeswording, kruis en opstanding noop ons om die geskiedenis ernstig te neem en daarmee saam ook sending as historiese gebeure wat hierdie wêreld raak (Bosch 1979:240-241).

Deur in die liefde van God te leef word die kerk geroep om draers van die goeie nuus te wees. God drie-enig se oorvloedige liefde word die bron van alle sending en evangelisasie (*Together Towards Life,* CWME 2013:21). God leer ons deur die skrif om self die eerste inisiatief in sending te neem. Die Vader het in liefde na die mensdom uitgereik deur Sy Seun as eerste gestuurde na ons te stuur om God se heilsplan bekend te maak en in werking te stel. Toe Jesus se werk voltooi is het die Vader en Jesus die Heilige Gees na die wêreld gestuur om God se heilswerk te bevestig (Alg. Sinode 2013:202). Deur die gestuurdheid word Christologie, Pneumatologie en missiologie in die nouste onderlinge verband geplaas. Reeds by Jesus se doop in die Jordaan word Christus se missionêre karakter deur die Gees geopenbaar. Aan die einde van Jesus se lewe beloof Hy ook sy Gees aan sy dissipels (Luk 24:29; Hand 1:8 Bosch 1979:241).

God se liefde wat deur die Heilige Gees aan die kerk bekend word is ’n inspirerende geskenk aan almal in alle tye, plekke, kulture en situasies. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees wat deur Jesus Christus aan ons bekend gemaak is, integreer ons in die volheid van die lewe as God se geskenke vir elke lewende wese (*Together Towards Life,* CWME 2013: 21). Die kerk word deur die Gees gelei en geinspireer om altyd vraend en soekend te wees na haar bestaansdoel. Newbigin maak ’n sterk oproep dat die kerk rekenskap moet lewer oor haar betrokkenheid aan God se plan wat aan haar deur die Gees bekend gemaak word. Hy sê indien die kerk erns maak oor haar wese en bestaan sal sy altyd op die grense besig wees om die onderdruktes en verwerptes te ondersteun en by te staan. Hy gaan verder om te sê indien die kerk haar doel so uitleef sal sy dit doen ongeag die gevolge. ’n Voorbeeld hiervan is Biskop Luwum van Uganda wat die diktator Amin met die woord van God gekonfronteer het en met sy lewe betaal het (Newbigin

© University of Pretoria

1986:128-130). Die kerk wat haarself dus as missionale kerk identifiseer het ’n belangrike rol om te vervul as draer van hoop en lewe, die uitvloei van dit word deur onderskeiding en leiding van die Gees bepaal en gesien. Indien die kerk dus eerlik met haar omstandighede omgaan en oplettend is vir geleenthede en uitdagings sal sy bewus wees van die nood en plekke waar sy kan deel neem aan die sending van God.

Bosch (1979:243) pleit dat ons in hierdie lewenswandel nie die oog van die drie-enige-God wat die begin en die einde van die kerk en sending is te verloor nie. Oral waar ons die relatiewe veranderbaarheid van die wêreld uit die oog verloor en handel asof die wêreld vervolmaakbaar is, is ons besig om ons rug op die goddelike Koninkryk te draai en ons gelaat slegs na die wêreld wat verbygaan (Bosch 1979:243). Ons kan in hierdie bedeling nooit die volmaakte bereik nie, slegs God kan. Dit help ons om op ’n baie spesiale manier die kerk se posisie en doel in die aarde optesom. Ons mag dus nooit kerk van die wêreld of self aards raak nie, maar dit vra eerder van ons om in die wêreld deur die Geestelike en Godelike inspirisasie waadeur ons geïnspireer word te leef en te laat leef.

Kuyper verwys na die kerk as organisme en volgens Dooyeweerd moet dit eerder vervang word met die uitdrukking “…temporal manifestation of the body of Christ in all social relationships” (Botha 1971:142). Die tydelike openbaring van die liggaam van Christus sluit alle vorme van sosiale strukture van ons tydelike bestaan in. Hoewel Dooyeweerd die terminologie van die kerk as organisme verwerp, sluit hy tog aan by die gedagtekompleks wat daaraan te grondslag lê. Hy sê die taak van die kerk as organisme is ’n openbaring en gestaltevorming van die Koninkryk van die hemele. Hy bevestig dus dat ons teologies en empiries altyd bestaan tot ’n sendingdoel en uitkyk. Dus is kerk en sending onskeibaar in haar ontstaan en doel. Die kerk se doel is om God se sending volkome te vervul. Die verhouding tussen kerk en sending (onskeibaar soos vroeër genoem) is intiem aangesien dieselfde Gees van Christus wie die kerk bemagtig in sending is en ook lewend in die kerk is (*Together towards life,* CWME 2013:21-22).

Indien ons God se sending vir die kerk as ontstaanpunt beskou dan is dit nooit die kerk wat gestuur word of sending het nie, maar eerder gestuurdheid/sending wat ’n kerk het. Die kerk se rol as objek verskuif dus na ’n subjektiewe rol waar sending die rol van die objek inneem. Die klem verskuif van ’n projek of ondersteuningspunt wat deur gemeentes gehelp of aangepak word na die kerk wat God se bevryding en redding vir die wêreld as bestaansdoel aanneem. Die kerk word op die manier belliggaam om voortdurend deel te neem aan die onophoudelike sending van God. God is nie staties nie, maar het ’n missie.

© University of Pretoria

God skep en onderhou alles met die oog op 'n eindbestemming: die koninkryk van God, 'n innige verbondsverhouding, 'n nuwe, verheerlikte hemel en aarde waarin God alles in almal sal wees (Alg. Sinode 2013:201). Dit dui daarop dat God die voortdurende sending van die kerk as noodlottig ag vir die redding van almal. Ons is dus nie objekte van redding nie, maar agv die feit dat Jesus ons deur die kruis en opstanding bevry het is ons aktief subjektief betrokke by God se reddingswerk. In die proses word ons deel van God se misterieuse werking, want God transformeer elke objek na 'n subjektiewe deelnemer.

3.2.1.1. Refleksie oor: God se sending en die lewe van die Kerk

Die misterie van sending en missionale wese van gemeentes lê juis daarin dat God die gemeente op 'n kreatiewe manier kan skuif van objek na subjek in ons deelname aan Sy Koninkryk. Hieruit kom dan 'n baie spesiale verstaan van die apostelskap van die kerk: Apostelskap beteken nie om die geloof deur die eeue te beskerm nie, maar eerder om aktief deel te neem aan die Apostelskap. Hierdeur word die opdrag om missionale gemeentes te wees ten sterkste beklemtoon. God verwag van ons om deel te neem aan die *missio Dei* en nie te skroom vir die uitdagings en geleenthede wat ons tyd vir ons bied nie.

3.2.2 God se sending en die Kerk se eenheid

Die kerk se uitleef van haar geloof in die gemeenskap is 'n belangrike manier van deelname aan God se sending. Deur die doop word ons susters en broers wat aan mekaar in Christus behoort. Die kerk word geroep om 'n inklusiewe gemeenskap te wees wat almal verwelkom en gasvry ontvang. Die kerk skep op die manier 'n ruimte waar vreemdelinge en gemeentelede kan ontmoet en saam 'n voorsmakie kry van die heerskappy van God (*Together Towards Life,* CWME 2013: 22). *Die Raamwerkdokument oor die Missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) kan in die gedeelte as riglyn gebruik word om op 'n besondere manier die openheid en inklusiwiteit van 'n missionale kerk te verwoord. Kerke verval dikwels in die denkraamwerk dat eenheid en eendersheid saamgaan. Ongelukkig veroorsaak dit dat kerke eerder in die verskille as die oorenkomstige vaskyk. Daarom is dit jammer dat die sakramente en belydenisskrifte wat juis gefokus is op eenheid dikwels verdeeldheid en onenigheid onder lidmate van die kerk bring.

© University of Pretoria

’n Goeie voorbeeld hiervan is die Belhar belydenis wat in 1982 as uitroep teen die ongelykheid en onderdrukking wat deur apartheid in Suid-Afrika veroorsaak is as konsepbelydenis geskryf is. Die belydenis word erken as standaard vir eenheid en hoewel talle kerke regoor die wêreld (somtyds in lande waar daar slegs een ras woon) reeds die belydenis aanvaar het as belydenisskrif is die NG Kerk steeds versigtig om die belydenis as deel van die kerk se belydenisgrondslag te aanvaar. Die vraag wat sekerlik gevra moet word is: “Hoe kan ’n kerk wat haarself as missionaal beskou nie gelykheid, eenheid en rekonsiliasie bely nie? Die vraag kan dalk gevra word of die NG Kerk dit nie deur haar missionaliteit bely nie en indien wel hoekom het sy dan nodig om die belydenisskrif te aanvaar? Hoewel die vrae nie die saak van eenheid in die kerk wat dikwels met apartheid geassosieer word vergemaklik nie, is dit verseker van die vra wat tans in die NG Kerk bespreek word in ’n proses om ernstig na te dink oor die NG Kerk se posisie in terme van die belydenis.

Sending staan nooit los van eenheid nie dit beteken nie dat die kerk ten volle en in al haar pogings missionaal is nie, maar eerder dat die kerk voortdurend uitgedaag word om op vars nuwe maniere ten volle missionaal te wees.

In Suid-Afrika word ons op talle maniere in die kerk uitgedaag en bewus gemaak van die talle verskille wat ons oor denominasies, tale, rasse en status moet transformeer. Die uitdaging lê in alle gevalle daarin om die gaping tussen die wat die verste is en die wat die naaste is kleiner te maak en op so ’n manier vir die mense ’n gelyke ontmoetingsplatform te skep. Die platform word nooit geskep om mense se wese en identiteit te verander nie, maar eerder om hulle ’n beter verstaan van mekaar te gee. Hier word dan gesien dat diversiteit nie noodwendig afbreek maak aan die identiteit van die kerk nie, maar dat dit ons dikwels help om mekaar se gebruike, tradisies en kulture beter te verstaan. Die kerk bevorder in alle gevalle diversiteit deur lidmate toe te rus om missionaal, meer sensitief en respekvol in ’n diverse samelewing te leef sodat mense wat anders is en anders dink óók ingesluit kan word in ons geloofsgemeenskap (Alg. Sinode 2013:204).

Die afwesigheid van ware eenheid in sending maak die waardigheid en sienbaarheid van die vervulling van God se sending in die wêreld seer. Die verstaan van eenheid strek egter verder as net menslike eenheid daarom word ons uitgedaag om ons eenheidsverstaan te verbreed na ’n verstaan wat die kosmiese realm ook insluit. Indien ons dit insluit kry ons ’n totale verstaan van ’n Goddelike eenheid. Indien ons dus bewus raak van verskillende mense se gebruike en verstaan van mekaar en die kosmos lei dit ons om ’n beter verstaan

© University of Pretoria

van ons diversiteit te snap. Ongelukkig is die realiteit dat die vrye marksisteem en die ekonomie kerke en bewegings beinvloed om na hulleself te kyk as die wenners oor ander. Hierdie denke lei dikwels tot aggresiewe metodes om lidmate by ander geloofsgemeenskappe weg te raap en so groei in getalle te weërspieel. Die kerk kan nooit deur haar lidmaattalle sukses reflekteer nie, Jesus het nie die Christus geword deur talle volgelinge nie, maar deur selfprysgawe en deur aan die kruis te sterf. Die nederige verstaan van sending vorm nie ons metodes nie, maar is die essensie vir ons geloof in Christus. Die missionale kerk vind haar wese deur die glorie en eer aan God te bring deur selfprysgawe en liefde (*Together Towards Life,* CWME 2013:23).

Die ekumeniese beweging is in prinsiep daar om die gemeenskap van almal wie in Christus glo bymekaar te roep om hande te neem. Die doel van die beweging is dus om eenheid vir Christene en kerke te bring (Kärkkäinen 2002:79).

By die derde byeenkoms van die Wêreld Raad van Kerke in Delhi (1961) is die volgende gedeelte vrygestel as bevestiging van die kerk in eenheid met God drie-enig.

> The love of the Father and the Son in the Unity of the Holy spirit is the source and goal of the unity which the triune God wills for all men and creation. We believe that we share in this unity in the Church of Jesus Christ… The reality of this unity was made manifest at Pentecost in the gift of the Holy Spirit, through whom we know in this present age the first fruits of that perfect union of the son with his Father, which will be known in its fullness only when all things are consummated by Christ in His glory (Vischer 1963:144).

Hierdeur word die Christelike gemeenskappe in hulle diversiteit opgeroep om verskillende gesamentlike maniere van getuienis te soek en in die gees van vennootskap en samewerking dit te beoefen. Die dinge wat verskillende mense dus in ooreenkoms het word hierbo die verskille geplaas. Hier word dan ook op baie verskillende maniere uitdrukking gegee aan die verstaan en uitleef van die een Christelike kerk.

3.2.2.1. Refleksie oor: God se sending en die Kerk se eenheid

Bavinck (1960:199) lei ons om te besef dat daar in die die missionale kerk dikwels paralelle projekte en programme aan die gang sal wees. Dit is belangrik dat missionale gemeentes nie die diversiteit as botsingpunt sal beskou nie, maar eerder as ’n geleentheid om gesamentlik groter en op verskillende maniere een uitdaging aantepak. Hy stel dan

© University of Pretoria

ook dat jaloesie dikwels in die omstandighede heers en dat dit aan die einde van die dag die groter doel wat bereik wil word kan afbreek. Ongelukkig is dit die realiteit en is dit belangrik dat kerke in die opsig ’n volwassenheid sal tentoonstel en ook verseker dat hulle die doel bo hulself sal plaas. Indien die kerk in tye van teenstand hulle fokus op gesamentlike getuienis kan fokus sal die eenheid altyd bo diversiteit of onenigheid heers. Sending het dit altyd voor oë om saam te werk en saam te dien, dus sal sending altyd ten gunste van die kerk se openheid en samewerking met ander denominasies wees. Die Heilige Gees, die Gees van eenheid, herenig mense en kerke om die eenheid in diversiteit konstruktief en met oorgawe te vier. Die Gees bied mense die omgewing en hulpbronne om saamtekom en as inklusiewe diverse gemeenskap verantwoordelik te groei tot voordeel van mekaar. Deel van die groei proses is om gesamentlik die kosmos te bewaar en te bewerk (*Together Towards Life*, CWME 2013:23;66).

Een van die wyses waarop diversiteit binne die eenheid gekoester word, is deur stories en verhale te vertel en daarna te luister. Die narratiewe oor diversiteit/andersheid skep ruimte vir nuwe begrip en vir hoop in ’n samelewing wat moed verloor het. Verhale van hoop waarin diversiteit verreken is, word bakens van hoop (Alg. Sinode 2013:204).

3.2.3 God bemagtig die Kerk in sending

Indien ons deur die bril van Johannes Calvyn kyk sou ’n mens dalk kon begin deur te vra of ons besef en toelaat dat God ons as kerk bemagtig? Calvyn lê baie klem op die beoefening van geestelike gewoontes en roetines tot die daaglikse uitleef van ’n verstaan van kerk, miskien wat ons vandag sal verwoord as missionale kerk. Calvyn sê in plaas daarvan om ’n aantal take te doen wat ons sal vorm, moet ons eerder die take doen met die uitgangspunt dat dit uitdrukking aan ons geloof en deelname aan ’n Christelike gemeenskap sal gee. Die fokus moet dus skuif van hoe kan ek transformeer na hoe kan daar transformasie deur my geskied. In Boulton se woorde gee hy uitdrukking aan wat Calvyn hiermee bedoel as hy sê: “Ons vat ’n joga mat, raam dit en hang dit teen die muur. Ons wil graag ’n maraton hardloop, maar agv die vrees vir teleurstelling sluit ons eerder by ’n Sondagdrafgroep aan, wat elke tweede week ’n paar kilometers aflê. Ons droom daarvan om meester konsertpianiste te word, maar ons sit skaars agter ’n klavier”.

Hy sê dan dat ons kerkverstaan vergelyk kan word met ’n gimnasium met al die beste toerusting, maar ons gemeente kom net eenmaal ’n week daar en dan is daar ook net sekere persone (dominees, ouderlinge en diakens) wat ’n geleentheid kry om te oefen

© University of Pretoria

omdat die ander te skaam is en op hulle louere rus, want die wat oefen verteenwoordig tog die hele gemeente (Boulton 2011:229).

Hierdie hartseer waarheid wat Calvyn jare gelede alreeds erken het moet in die missionale kerk vervang word deur ’n gesamentlike besef dat God elke lidmaat van Sy kerk op ’n besondere manier bemagtig. Die bemagtiging geskied deur Christus deur die Heilige Gees na die kerk en gaan gepaard met inisiatief en energie. Die kerk meet haarself in die opsig aan die manier wat sy deelneem aan die uitleef van die liefde van Christus. Hierdie deelname is nooit eksklusief nie, maar inklusief en is gefokus op gasvryheid en verwelkoming vir die wat voorheen nie gemaklik of welkom in die kerk gevoel het nie. Die bemagting gaan ook gepaard met ’n sensitiwiteit teenoor die vreemde en fyn aanvoeling om te verseker dat die ruimte wat geskep word altyd ’n ontvanklike en vriendelike ruimte is (*Together Towards Life,* CWME 2013:24). Hierdie gees van ontvanklikheid en vriendelikheid gaan gepaard met onderskeiding en dit word beklemtoon deur die eenheid en rekonsiliasie wat in die hart van sending lê.

Skreslet verwys na die manier wat die kerk baie mense bemagtig deur vertaling van die Bybel. Hy sê dat ons dit vandag dikwels minag en as onbelangrik sien hoewel ’n Bybel in ’n persoon se moedertaal een van die beste maniere is om kultuur deur taal en beelde uit te druk en lewend te maak. Hierdie wyse van bemagtiging is ook ’n manier om grense af te breek en mense van verskillende agtergronde, status, ras kultuur en taal bymekaar uit te bring en ’n geleentheid te skep om iets met mekaar te deel wat as kern (*sola Scriptura)* in ons geloof staan (Skreslet 2012:40-42).

Die ontmoeting tussen teks en konteks speel veral af binne en rondom die plaaslike gemeente. God is altyd teenwoordig en werk in Sy wêreld. God werk ook deur sy Gees in sy gemeentes. Die nadenke oor God se sending, die koninkryk en konteks laat die fokus veral op gemeentes val. Gemeentes is God se instumentele geskenke om die wêreld te help om by God se bestemming uit te kom. Soos die gemeentes ’n belangrike rol speel, speel die dissipels in die gemeente net so ’n belangrike rol. Die missionale verstaan van gemeentes fokus op die belang van dissipelskap. Dissipels is mense wat Christus volg, wat van Hom leer hoe om nuwe mense te wees en wat, soos Christus, die wêreld nuut maak deur nuwe verhoudings te skep (Alg. Sinode 2013:207). In die proses wat ons dissipels gemaak word lê daar ’n baie groot stuk verantwoordelikheid wat met bemagtiging gepaard gaan. Soos Christus die twaalf dissipels en ander bemagtig het, word ons ook bemagtig om in Christus se spore te wandel en om Hom te volg.

© University of Pretoria

3.2.3.1. Refleksie oor: God bemagtig die Kerk in sending

Die bemagtiging van gemeentes lê op ’n baie praktiese vlak en daarom dan ook die vertrekpunt waarin Calvyn ons herinner aan die praktiese oefeninge om ons gereed te maak om die lewenswyse van die kerk te transformeer. In ’n tyd waar migrasie ’n realiteit is word ons as kerke uitgedaag om vreemdelinge te verwelkom en hulle ook inteneem en te vermaak (Heb 13:2). Die geleenthede wat vandag aan die kerk gebied word maak dit vir die kerk maklik om alle grense van verdrukking oor te steek en die geleentheid aan te gryp om inklusief op te tree. In hierdie tyd van geleenthede om grense oor te steek moet ons besef dat God in alle gevalle die gasheer is en dat ons eerder ’n gas is wat by die tafel aansit en deelneem aan die menswaardigheid en eenheid wat deur God se sending aan ons moontlik gemaak word. Ons is nooit die stigters nie, maar slegs deelnemers aan die proses (*Together Towards Life,* CWME 2013:26). Elke gemeente in die Oostelike Sinode staar die uitdaging in die oë of sy getrou aan God sal optree en bereid sal wees om ander te bemagtig soos God haar in die eerste plek bemagtig het.

3.2.4. Plaaslike gemeentes: Nuwe inisiatiewe

Volgens Burger (Burger 1995:102-105) is die kerk dikwels skrikkerig om nuwe inisiatief te neem. Hy verwys na die fase wat die kerk deurgaan om te waag as die liminaliteit fase. Dit verwys na die Latynse term *limen* wat drempel beteken. Dit veronderstel dat ’n mens in so ’n tyd úit die veilige sone van die bekende oor ’n drempel of ’n grens beweeg na ’n situasie wat vir jou heeltemal nuut en onbekend is. Hierdie tipe ervarings word dikwels as liminaliteits- of grenservarings verwoord. Hierdie ervaring word binne getree wanneer die plaaslike gemeente haarself blootstel aan die besondere konteks waarin sy haarself bevind. Die voortdurende veranderende wêreld vra van die kerk om haarself oop te stel vir nuwe inisiatiewe en om deel te neem aan grenservarings (*Together Towards Life,* CWME 2013: 26). Oorganstye daag dikwels die kerk om op nuwe kreatiewe maniere te dink en inisiatief vorendag te lê, dit beteken nie dat die kerk “attractional” raak om mense te lok nie, maar eerder dat die kerk eerlik is teenoor haar posisie en vertolking van die konteks waarin sy haarself bevind (Burger 1995:13). Ons sien in die gesekulariseerde Noorde dat nuwe kontekstuele inisiatiewe soos “Fresh Expression”, “New Monasticism” en die “Emerging Church” baie relevant vir ’n nuwe generasie- en jong Christene is.

Die nuwe globale wêreld vra van Christen leiers om nuut en buite die boks uit te dink, ons kan nie meer ou metodes toepas op nuwe werklikhede nie. Nuwe tendense soos koffie-

© University of Pretoria

kroeg-, web-, facebook-, twitter en selfs fietsry- en branderplankkerke begin om al hoe meer mense te lok en bewys dat daar ’n behoefte is aan geloofsgemeenskap op nuwe alternatiewe maniere. Dit vra van die leierskap van die kerk om ontvanklik te wees en nuut te dink. Dikwels is die kerk besig om stadig, maar seker die kruin van ontwikkeling op te vang, deur nuwe inisiatiewe te neem. Hierdie geleentheid om op enige plek of enige tydstip kerk te wees bied vir die kerk ’n geleentheid om voor die kruin te kom en die voorlopers van ontwikkeling te wees. Daar lê ook in hierdie nuwe reis ’n belangrike stuk bemagtiging en oorgawe van die leiers om almal deel te gee aan die beweging en so nie eksklusief te wees nie, maar dalk eerder “messy” (Hirsch 2006:217; van der Spuy 2010:115-125). Hierdie manier van kerkwees het baie meer te doen met belewenis, gevoel en spiritualiteit as wat dit met organisasie en struktuur te doen het (*Together Towards Life,* CWME 2013:26).

Die nuwe verstaan van kerkwees maak ons bewus daarvan dat kerk, soos voorheen gesien en beleef nie die enigste vorm van kerk is nie. Kerk is nie ’n uur Sondag nie, maar bestaan altyd en op alle plekke uit mense wat in geloofsgemeenskap of *koinonia* met mekaar leef. So min as “twee of drie wat in die naam van Jesus vergader”, reflekteer alreeds die wesensaard van kerkwees (Alg. Sinode 2013:207). Soos die vroeë kerk waarvan ons lees in Handelinge, het elke plaaslike gemeente die voorreg om ’n gemeenskap te vorm wat op sekere maniere gekenmerk word deur die teenwoordigheid van die opgestane Christus. Mense wat ’n eerste ervaring van ’n kerk/gemeente het bepaal dikwels of hulle daar tuis voel deur die positiewe of negatiewe belewenis wat hulle by die gemeente vind. Die belewenis word nie deur een aspek soos die preek, sang, gebed bepaal nie, maar eerder die totale belewenis en verpakking van die elemente. Hierdie belewenis word dus eerder herken deur die manier wat die kerk ruimte skep om die Gees te verwelkom en te laat vloei.

3.2.4.1. Refleksie oor: Plaaslike gemeentes: Nuwe inisiatiewe

Dis ongelukkig die realiteit dat die belewenis eerder ’n struikelblok as ’n positiewe belewenis vir nuwe bywoners is. Daarom is dit van kardinale belang dat plaaslike gemeentes konstant vernuwe en geïnspireer word deur die Gees van sending, elke plaaslike gemeente is in elke aksie ’n primêre agent en pionier van sending ook so deur die erediens (*Together Towards Life,* CWME 2013:27;73).

© University of Pretoria

Die NG Kerk is deel van die Gereformeerde tradisie en daarom word die kerk ook as reformatories beskryf. Die kerk vernuwe dis altyd volgens besinning en onderskeiding en doen dit graag aan die hand van die vier sola's.

- *Sola Scriptura*
- *Solus Christus*
- *Sola Gratia*
- *Sola Fidé*

Hierin word dit duidelik dat elke plaaslike gemeente uitgedaag word om gewillig en oop te wees om telkens nuut te dink. Dit is duidelik deur *die Raamwerk dokument oor die missionale aar en roeping van die NG Kerk* dat die NG Kerk die oproep om plaaslike gemeentes nuut te laat dink oor hulle identiteit, wese en toekoms ernstig opneem. Soveel so dat die woord nuut telkens in die dokument voorkom en ook boekdele spreek oor die nuwe tipe kerk wat die NG Kerk streef om in 'n nuwe konteks te wees (Alg. Sinode 2013:201-202). Die nuwe inisiatewe in die plaaslike kerk skep ook 'n gulde geleenthede om grense(kultuur, taal, ras, status) oor te steek. In plaas daarvan dat gemeentes dit as probleme identifiseer moet dit gesien word as 'n geleentheid wat deur die Gees aan ons geskenk word om opnuut gasvrye en vriendelike gemeentes teenoor die vreemde te wees. Soos die kerk dieper en dieper delf om opnuut haar identiteit te vind as missionale geloofsgemeenskap, sal sy ontdek daar haar uiterlike karakter uitdrukking deur evangelisasie vind (*Together Towards Life,* CWME 2013:27-29).

3.3. GEES VAN PINKSTER: GOEIE NUUS VIR ALMAL

3.3.1. Die roeping om te evangeliseer

Evangelisasie is 'n onderwerp waaroor die kerk vir 'n lang tyd baie min of dikwels geen uitsprake gemaak het nie. Dis ook nie sonder goeie rede nie en die rede word baie goed in die dokument *Together Towards Life* (CWME 2013: 30,82) aangeraak. Die wêreld vandag word gekenmerk aan verskillende geloofsidentiteite en mense met die oortuiging dat hulle mense wat anders glo en lyk op 'n brutale manier van God moet leer in plaas daarvan dat hulle gemeenskappe onderhou en genees. In die multi-kulturele en geloofkonteks waarin ons leef moet ons besef dat bekering nie 'n positiewe manier is om te evangeliseer nie. Deur dit te sê moet ons erken dat evangelisasie deur die eeue dikwels veroorsaak het dat

© University of Pretoria

Christenskap geloofwaardigheid verloor het agv verkeerdelike verstaan en uitvoering van evangelisasie. Evangelisasie wat daarop ingestel is om mense ten alle koste tot bekering te dwing, mag nooit goedgepraat of ondersteun word nie aangesien dit nooit die bedoeling van Christus was nie. Dit is ’n hartseer waarheid dat hierdie verstaan van evangelisasie steeds vandag gebruik en verkondig word.

Indien ons na die Nuwe Testament kyk dan besef ons dat almal nie die gawe het om te evangeliseer nie. Evangelisasie is ’n woord wat afgelei is van die Griekse woord wat verwys na evangelie (euangelion). Die woord word die eerste keer deur Paulus in Efesiërs 4:11 en 2 Tim 4:5 gebruik (sowat 60n.C). Indien ons dus die betekenis van die woord wil verstaan moet ons kyk na die betekenis van die Griekse woord *euangelion,* oftewel “goeie nuus”. Indien die woord *euangelion*, evangelie is en dit verander word in ’n selfstandige naamwoord in dan kan dit in Afrikaans vertaal word na “evangelie-er” of dan soos ons dit vandag vertaal evangelis (draer van die evangelie). Ons moet egter daarop let dat die vroeë draers van die goeie nuus nie na hulself (of deur hulle tydgenote) verwys het as evangeliste nie. Evangeliste is dus persone wat die goeie nuus (evangelie) vir die eerste keer aan iemand wat nie daarmee vertroud is nie oordra. Indien ons bevestig dat die woord en die aksie daaraan verbonde alreeds baie hartseer en selfs dood gebring het, vra dit van ons as hedendaagse Christene om met baie sensitiwiteit oor die betekenis en die uitleef van evangelisasie te praat, maar om nie die verantwoordelikheid daaraan verbonde te ignoreer of daarvan weg te skroom nie (Dickson 2001:143-144).

Hoewel evangelisasie dikwels gesien word as ’n gesprek tussen ’n gelowige en ongelowige is dit veel meer as dit. Evangelisasie gaan oor die verkondiging van die goeie nuus en enige plek waar die goeie nuus verkondig word is dit ten volle evangelisasie. Ons moet baie versigtig wees om evangelisasie op ’n sekere mate van sukses te meet. Dikwels sal ons hoor van dominees, evangeliste, sendelinge en selfs lidmate in die kerk wat met ’n kerfstok effek behep raak en sy/haar posisie in die hemel meet aan die aantal persone wat hy/sy deur evangelisasie tot bekering gebring het. Buiten die feit dat evangelisasie ’n onophoudelike manier van kommunikasie/verkondiging van die goeie nuus is, is evangelisasie nie ’n instrument wat Christene tot hul beskikking het om almal om hulle te bekeer nie. Die kommunikasie vind op verskillende maniere plaas: gesprekke, dialoog en prediking is positiewe maniere waarop evangelisasie kan plaasvind (Kritzinger 1994:129-143). Daar is egter sekere programme wat slegs een doel voor oë het en dit is om mense te bekeer, terwyl daar ander is wat op ’n afdwingende wyse geloof op mense

© University of Pretoria

probeer afvorseer wat ongelukkig deel het aan die feit dat Christenskap in sommige gevalle nie geloofwaardig is nie.

Niemandt (2010:156) help ons deur modernistiese en missionêre evangelisasie teenoor mekaar af te speel. Hy reken dat ons siening oor evangelisasie totaal en al verander wanneer ons deur die missionêre bril daarna kyk en die essensie daarvan verstaan (Niemandt 2010:156). Dit help ons verseker ook om met meer sensitiwiteit en ’n gees van dialoog in plaas van bekering mense van ander gelowe te benader.

Modernistiese evangelisasie	Missionêre evangelisasie
Evangelisasie is ’n gebeurtenis waarheen jy mense nooi.	Evangelisasie is 'n proses wat gebou word op verhoudings, vertroue en voorbeeld
Word gedryf deur die begeerte om mense in die hemel te kry	Word gedryf deur die begeerte om mense te help om hier en nou in die werklikheid van God se heersappy te leef.
word gedoen deur evangeliste	Word gedoen deur dissipels
Evangelisasie is iets wat jy doen in aanvulling van jou dissipelskap	Evangelisasie is deel van dissipelskap
Evangelisasie is 'n boodskap	Evangelisasie is ’n gesprek
Gebruik bewyse en argumente om geloof te staaf	Gebruik die kerk as voorbeeld om geloof te staaf
Sending is ’n klein onderdeel van ’n gemeente se werk	Die gemeente is God se sending

Diagram 1 ’n voorstelling van hoe evangelisasie in ’n modernistiese- teenoor ’n missionêre kerk lyk (Niemandt 2010:156).

Soos in die diagram bevestig neem evangelisasie konkrete vorm aan deur sending van die hele kerk met die volheid van die evangelie na die hele wêreld. Deur die volheid van die evangelie word die ongeregtigheid, lyding, sterwe en die opstanding van Jesus ingesluit, hierdeur kan almal deel hê aan die belewenis en ervaring van ’n lewe in Christus (*Together Towards Life*, CWME 2013:29).

Evangelisasie is die uitvloei van harte van gelowiges wat gevul is met die liefde van God (*Together Towards Life,* CWME 2013:30). By pinkster kon die dissipels nie anders as om die magtige werke van God te verkondig nie (Hand 2:4;4:20). Hoewel evangelisasie nooit losstaan van sending nie, het evangelisasie ’n baie direkte fokus op die artikulasie van die evangelie en gesprekvoering (oor die goeie nuus) met vriende, bure en alle persone wat ons deur ons daaglikse plesier en werk ontmoet (Beaver 1968:13-14). Evangelisasie

© University of Pretoria

indien ons Missionaal verstaan is iets waadeur Christene altyd nuwe moontlikhede soek om aanknopingspunte en gesprekke met ander mense te voer. Hierdie aanknopingspunte vind ons dikwels deur self die inisiatief te neem en om kreatief en nuut oor ons manier van kerkwees en evangelisasie te dink. Hierdie gesprekvoering is nie beperk tot sekere Christene nie en gebeur ook nie net tussen Christene en nie-Christene nie. Evangelisasie gebeur tussen enige persone met die oproep om dissipelskap, hierdie gesprek neem nooit ’n harde of oortuigende wending nie, maar eerder ’n gesprek vanuit belewenis en ervaring van God se liefde. Die kosmos en die manier wat die mens daaroor heers is deel van God se liefdevolle geskenk waarmee God die mens seën en daarom is dit ook deel van die goeie nuus. Die goeie nuus wat ons met mekaar deel is die grootste geskenk wat ons aan mekaar kan gee aangesien ons woorde lewend raak deur dit wat ons getuig en wanneer ons van die goeie nuus getuig vertel ons van God se genade en liefde in Christus (*Together Towards Life,* CWME 2013:31).

3.3.1.1. Refleksie oor: Die roeping om te evangeliseer

Evangelisasie lei tot belydenis, geloof en doop. Om die waarheid in die gesig van sonde en boosheid te hoor vra van ons op ’n antwoord. Dit lei tot gesprek wat ’n positiewe gesindheid, prioriteite en doelwitte propageer. Evangelisasie indien missionaal aangewend lei tot redding vir die verlore, genesing vir die sieke en bevryding vir die onderdruktes en die hele skepping. Hierdie gesprek plaas God nooit op die kantlyn en die persoon in die middel nie, maar is altyd gefokus op die goeie nuus van God deur Christus. Die gesprek word dus altyd in aard en wese deur die werking en ’n Goddelike atmosfeer oorheers. Hierin word die verstaan van die deelwees waar God alreeds werk benadruk en gemanifesteer (*Together Towards Life,* CWME 2013:30; Bosch 1968:27-40).

Hoewel daar talle verskillende maniere en verstaan van evangelisasie deur verskillende denominasies oor die jare ontwikkel het is dit belangrik dat ons in die aspek ook die diversiteit sal respekteer. Hoewel evangelisasie op verskillende maniere deur die wese van denominasies gestalte vind verkondig ons as kerke dieselfde goeie nuus van dieselfde Christus. Dus mag ons manier van evangelisasie nooit afbreek maak aan die boodkskap nie en nooit verhoog bo die boodskap wat ons verkondig wees nie. In diversiteit kan ons bely dat elke plaaslike gemeente op haar manier deur die Gees geroep word tot evangelisasie en dat dit altyd uitdrukking vind wanneer die plaaslike kerk besig is met aanbidding (*leiturgia*), getuienis (*martyria*), diensbaarheid (*diakonie*) en gemeenskap (*koinonia*) (*Together Towards Life,* CWME 2013:30; van Gelder 2008).

© University of Pretoria

3.3.2. Evangelisasie op Christus se manier

Caputo (2007:81-87) beskryf die gedagte van "power of the powerlessness" aan die hand van Jesus se kruisiging. Dalk kan sy beskrywing van Jesus as die een met die mag in die magtelose posisie ons help om iets van evangelisasie op Christus se manier te verstaan. Caputo sê wat Jesus uniek maak is die feit dat Hy nie die tipiese superheld of mitologiese figuur was wat sy vyande met mag verslaan het nie. Wat Jesus bo alle ander geskiedkundige figure uitlig is die feit dat Hy verslaan, vehoor en verlaat is. Jesus is 'n man wie se simbool 'n instrument van publieke vernedering is. Jesus se lewe spreek onophoudelik van radikale vrede en vreeedsaamheid dat Hy selfs wanneer Hy gearesteer word en een van sy dissipels 'n swaard uitruk in Sy verdediging die dissipel berispe deur te sê dat dit nie die manier is hoe mense in die Koninkryk van God optree nie (Matt 26:52). Na dit verlaat die dissipels vir Jesus. Terwyl Jesus aan die kruis hang vra Hy vir God om dié te vergewe wat Hom gekruisig het. Caputo gaan dan verder om die gebeurtenis so duidelik en grafies as moontlik uit te beeld met die bedoeling om so goed as moontlik te verstaan dat hierdie nie 'n feeverhaal is nie, maar 'n werklike grusame kruisdood van 'n onskuldige man.

Jesus hang aan die kruis met spykers deur Sy hande en voete, nie instaat om te beweeg of om te ontsnap nie. Indien ons op die manier na Jesus kyk lyk die beeld van God wat op daardie oomblik deur Jesus aan die kruis vertoon word anders as dit wat ons dikwels het. Dit is soos Caputo dit beskryf 'n toonbeeld van "power of powerlessness". Paulus verwys hierna as die "swakheid van God" (1Kor 1:25), wat moontlik die omvang van die onverstaanbaarheid van die Koninkryk van God vasvang. In Jesus vind ons *kenosis* (Fil 2:5-8), die almag lê in die leegwording van al die mag.

Jesus se dade en woorde het altyd mekaar ondersteun en gekomplimenteer. Die prediking van die evangelie is Bybels, maar ons het nodig om dit wat ons preek deur ons dade te ondersteun. Die manier wat ons praat en doen is dit waarna mense kyk en bydrae tot 'n beter verstaan van die omvang van die evangelie. Evangelisasie word altyd in eenheid verkondig en oneenheid is 'n belediging vir die kerk (*Together Towards Life,* CWME 2013: 31). Indien daar indiwidue is wat hulle eie belange voor die van die goeie nuus plaas moet hulle om vergifnis vra, rou betoon en nie op dieselfde manier aangaan nie, soos daar baie mense is wat die goeie nuus versprei is daar talle wat dit afdwing en nie op die manier doen soos Jesus aan ons bekend gemaak het nie. Daar is gevalle waar evangelisasie as

© University of Pretoria

’n transaksie vertolk kan word en die kerk kan nie anders as om haarself daarteen uit te spreek nie. Evangelisasie geskied nooit van ’n verhewe posisie nie en dit word nie ondersteun nie. Jesus het immers gewys dat ons goeie nuus verkondig wanneer ons diensbaar is en nie wanneer ons gedien word nie.

Soos vroeër genoem moet ons altyd sensitief teenoor mense van ander gemeenskappe, denominasies en gelowe optree. Evangelisasie word altyd aangevoer deur lewegewende waardes vir almal soos dit in die gesamentlike verklaring oor “Christelike getuienis in ’n multi-gelowige wêreld: Aanbevelings vir uitvoering”:

- Verwerp alle vorme van geweld, diskriminasie en verwerping deur geloofs- en sekulêre outoriteit, inkluis die misbruik van mag- sielkundig of sosiaal.

- Erken die vryheid van geloof om te beoefen en om geloof te profeteer sonde enige vrees vir onderdrukking of intimidasie. Wedersydse respek en solidariteit wat geregtigheid, vrede en gemeenskaplike voordeel benadruk.

- Respek vir alle mense en kulture, saam met onderskeiding van die elemente in ons eie kulture soos patriargie, rassisme ens. wat deur die evangelie uitgedaag moet word.

- Herenigging van alle getuienis en vermoë om te luister met die doel om te verstaan in ’n poging tot wedersydse respek.

- Versekering van vryheid in onophoudelike onderskeiding deur persone en gemeenskappe as deel van besluitneming.

- Bou van verhoudings met gelowiges van ander gelowe of mense met geen geloof nie of dieper verstaan te vestig en tot voordeel van rekonsiliasie en gemeenskaplike voordeel (*Together Towards Life,* CWME 2013:33).

Jesus se lewe as getuienis van evangelisasie beklemtoon ten sterkste bogenoemde punte en Bosch (1991:412-413) sluit op ’n besondere manier hierby aan as hy die eenheid en andersheid van sending en evangelisasie verduidelik. Hy sê dat evangelisasie onder andere beteken om te getuig wat God gedoen het, besig is om te doen en nog gaan doen. Bosch verduidelik verder dat dit die manier is wat Jesus sy evangeliese diens volgens die sinoptiese evangelie begin het. “Die tyd is vervul en die Koninkryk van God is

© University of Pretoria

voorhande" (Mark 1:15). Op die manier sien ons dat evangelisasie beteken om aan te kondig dat God die skepper van hemel en aarde self besluit het om met die mens 'n pad te loop in die geskiedenis en het dit op 'n besondere manier met Jesus Christus gedoen. Deur dit is Jesus, ingekarneer, gekruisig en het Hy opgestaan uit die dood en is die heerskappy van God onthul. Op die manier besef ons dat evangelisasie ten diepste nooit 'n aksie is wat deur ons beplan of geskeduleer word nie, dit is 'n aanhoudende proses van deelname aan God se besigwees en die voorbeeld wat ons hiervan navolg is Jesus Christus. Evangelisasie word dan die goeie nuus van God se liefde wat lewend geraak het deur Sy Seun wat lewe transformeer en deur woord en daad uitroep dat Christus ons vrygemaak het (Bosch 1991:412-413).

3.3.2.1. Refleksie oor: Evangelisasie op Christus se manier

Gemeentes in die Oostelike Sinode word opgeroep om te sien dat ons in 'n wêreld leef wat sterk beïnvloed word deur individualisme, sekularisme, materialisme en ander ideologië wat waardes van die Koninkryk van God uitdaag. Al is die evangelie goeie nuus vir almal, is dit slegte nuus vir kragte wat valsheid, ongeregtigheid, onregverdigheid en onderdrukking verkondig. Evangelisasie is 'n roeping vir elke Christen om soos Jesus altyd die sisteme en magte van ons tyd en konteks uit te daag met hoop en liefde. Die uitgangspunt word beïnvloed deur die onophoudende soeke na regverdige en insluitende gemeenskappe. Sigbare evangelisasie vra van elke persoon om sy/haar kruis op te tel en agter dit te verdwyn deur nooit sy/haar eie belange as belangrikste prioriteite te beskou nie, maar om eerder soos Jesus ander bo jouself te ag. Hierdie self-oorgawe word dan 'n lewenstyl van evangelisasie en volg in die voetspore en oortuiging van Jesus Christus (*Together Towards Life,* CWME 2013:34).

So word die gemeentes genooi om deel te neem en draers van die goeie nuus te word. Dit vra dat elke gemeente onderskeiding sal doen oor haar huidige doen en late en hoe sy evangelisasie interpreteer.

3.3.3. Evangelisasie, intergeloof, dialoog en die Christelike teenwoordigheid

Aangesien ons in 'n pluralistiese en komplekse wêreld leef is dialoog verseker een van die beste instrumente wat daar is om mense van veskillende agtergronde, gelowe en sienings bymekaar te kry. Ons bely dat die Gees van God lewegewend is en dus moet ons ook bely

© University of Pretoria

dat die Gees van God in alle kulture wat tot voordeel van volle lewe bestaan te vinde is. Die Heilige Gees werk in misterieuse maniere en ons sukkel dikwels om te verstaan dat die Gees so beweeglik is dat die Gees selfs in en deur ander gelowe kan werk (*Together Towards Life,* CWME 2013:34). Deur erkenning aan die werking en betrokkenheid van die Gees te gee sal die missionale kerk altyd eers na binne (karakter, identiteit en kultuur) reflekteer om sodoende met eerlikheid en opregtheid deur die Gees in dialoog met ander gelowe gelei te word. Aangesien elke geloofsgemeenskap deel vorm van ’n breër kultuur en omgewing is dit belangrik om eers daaroor te besin en diep na binne te kyk. Indien die kerk dit kon doen sal sy besef dat die missionale getuienis nooit ’n eensydige gesprek is nie. Hierdie getuienis is altyd dialogies, wat beide die kerk se dialoog na binne (eie kultuur) en die dialoog na buite wat alle ander identiteite (en hulle kulture) insluit (Newbigin 1998:270-271).

Dialoog tussen mense van verskillende gelowe mag nooit as ’n evangelisasie of sending geleentheid beskou word nie. Dialoog is nie die plek waar mense oortuig of intimideer word deur mense se geloofsoortuigings nie. Hoewel Christene leef met die hoop en bid dat alle mense op een of ander wyse die lewende drie-enige God sal beleef is dialoog nie ’n geleentheid om mense te bekeer nie. Vanuit die staanspoor is dialoog ’n gesprek waar alle deelnemers op gelyke voet met mekaar kan praat oor hulle geloof met die doel om mekaar beter te verstaan en wedersydse verhoudings te bou. Dialoog is afbrekend wanneer ’n party die dialoog met voorafopgestelde gedagtes om ander geloofsgroepe te oorreed dat hulle die ware geloof het ingaan. Hierdie tipe gedrag lei tot groter skeiding en wantroue tussen gelowe. Dialoog kan dus opgesom word as die bewustelike respons op die demografiese feite van godsdienstige pluralisme. Dialoog word dus nooit as ’n tegniek of instrument vir sending beskou nie, maar dit kan steeds gesien word as ’n dimensie of uitdrukking van die kerk se sending impuls (Skreslet 2012:97,150-151).

3.3.3.1. Refleksie oor: Evangelisasie, intergeloof, dialoog en die Christelike teenwoordigheid

Deur te bevestig dat dialoog nie gefokus is op evangelisasie nie, beteken dit nie dat ons ander gelowe minag of as objekte van sending beskou nie. Soveel te meer word almal in die dialoog as gelyke vennote geag. Anders as monoloog, bied dialoog die geleentheid waarin almal gelyke gespreksgenote is en niemand afkyk- of opkyk na die ander gelowe nie (Beaver 1968:114). Daarom is dit belangrik dat dialoog ons ooreenstemmende

© University of Pretoria

lewensverwagtings sal beklemtoon en ons strewe na ’n beter wêreld sal reflekteer. Dialoog bied die ideale geleentheid waar elke party sy/haar sake eerlik na die tafel bring en weet dat dit op ’n oop, respekvolle en geduldige wyse bespreek sal word (*Together Towards Life,* CWME 2013:34-35). Dialoog skep op ’n spesiale manier ruimte vir gelowe wat onderdruk en gemarginaliseer is om ’n gelyke stem saam met ander gelowe te hê.

3.3.4. Evangelisasie en kulture

Die woord kultuur kom van die Latynse woord *colo,* wat beteken om te versorg (omgee vir) of om die aarde te transformeer deur ’n instrument sodat dit leefbaar kan wees. Kultuur verwys na die menslike poging om die aarde (kosmos) te kultiveer na ’n menslike leefbare ruimte gevul met simbole, metafore, taal en instrumente. Dus kan ons kultuur beskryf as die menslike poging om die skepping te herskep deur spirituele en geestelike artikulasie van etniese gedrewe aksies soos: norme, waardes, kuns, tegnologie, dialogiese verbale, sosiale en politiese velde vas te vang en te struktureer in die onmiddelike samelewing. Daarom kan geloof nooit as los van kultuur gesien word nie (Louw 2008:153).

Indien ons erken dat geloof deel van ons is kultuur is en evangelisasie deel van ons geloof, is dit moeilik om te sê dat ons kultuur nie deur evangelisasie beïnvloed word nie. Gibbs sê dat die debat oor evangelie en kultuur die laaste paar dekades bespreek is, hoewel hy reken dat die debat baie eerder oor die kerk en kultuur moet gaan aangesien die evangelie in die kerk se kultuur vasgevang (moet) word. Die kerke in die Noorde staar ’n missionale uitdaging in die oë, een wat toenemend kruis-kultureel van natuur is. Hierdie skeiding vind plaas soos die hoofstroom kultuur stadig maar seker van die geloofsafkoms (was die norm) na ’n toenemende pluralistiese samelewing verander. Die kerk (wêreldwyd) sal ernstige pogings moet aanwend om kultuur in meer diepte te ondersoek en meesters op die terrein word.

Die kerk in die Suide is in baie aspekte in die voordelige posisie om te leer uit die foute van die Noorde en dan vroeg genoeg sisteme in plek te sit om dieselfde foute te voorkom. Die rede hiervoor is omdat die tendense en oorheersende kultuur in die Noorde dikwels na die Suide oorwaai. Ongelukkig is dit nie so eenvoudig nie anders sou die kerk in die Suide geen probleme gehad het nie, maar heel moontlik altyd reaktief (Soos kerk in die Noorde tans) en nooit aktief vernuwend kon optree nie. Bogenoemde standpunt van Gibbs (2005:15-24) is verseker van baie waarde vir die kerk en hy voer dan ook ’n rits redes aan oor hoekom die kerk kultuur moet ondersoek:

© University of Pretoria

- Die inkarnasie van kerk en kultuur
- Omdat kultuur nog altyd essensieël is vir goeie sendingpraktyk
- Omdat Christendom in die moderne tyd spoedig afneem
- Omdat daar in die Noorde (Suide) voordurende kultuurverandering plaasvind
- Omdat die kerk se lidmaattalle afneem
- Omdat die meeste gebruike in die kerk nog ’n vorige era se kultuur akkomodeer (wat nie meer bestaan nie)
- Omdat die primêre kommunikasie metodes verander het
- Omdat ’n nuwe kultuur beteken dat ons nuwe organisasie metodes en strukture benodig
- Omdat ander gelowe voorsiening maak vir die toenemende nood aan spirituele bediening (toenemende behoefte in die spanningsvolle tydperk waarin ons leef).
- Omdat talle Christene nie meer die geloof van hulle ouers volg nie (Gibbs 2005:15-24).

3.3.4. Refleksie oor: Evangelisasie en kulture

Baie van die punte wat Gibbs noem is verseker debateerbaar en mag ver van die NG Kerk voel. Die realiteit is dat dit vroeër of later ’n kwessie in elke plaaslike gemeente in Suid-Afrika gaan word en dat ons nie dan aan die slaap gevang moet word nie. Deur die punte wat gemaak word sien ons dat die uitdaging toenemd deur ons verstaan van evangelisasie beïnvloed word. Die evangelie het in Suid-Afrika vorm gevind deur die magte van kolonialisme en het daarom ook dikwels ’n ander dimensie aangeneem aangesien dit die kultuur is waarin almal in Suid-Afrika die Christen geloof ontvang het. Die goeie nuus was dus somtyds nie vir almal sulke goeie nuus nie aangesien dit oorgedra is met (nie altyd met die intensie) die bedoeling om ’n reeds gevestigde kultuur en geloof op presies dieselfde manier te vorm in plaas daarvan dat die evangelie die bestaande kultuur beïnvloed en opnuut vorm nie (Saayman 2007:15-39). Dit het veroorsaak dat die evangelie die reeds gevestigde gaping(in sommige gevalle) tussen kulture, rasse, tale, status en geslagsgroepe vergroot en selfs skeiding bring in plaas daarvan om lewegewend en bindend te wees (Besluit van die Algemene Sinode in 1857 oor die gebruik van gesamentlike gebruik van Nagmaal wat die norm in plaas van uitsondering geraak het) (Saayman 2007:37). Die uitdaging vir die kerk lê vandag baie duidelik om ’n kultuur te

© University of Pretoria

skep wat opbouend ten opsigte van alles wat voorheen afbrekend in terme van alle vorme van verhoudings mag wees (*Together Towards Life,* CWME 2013: 34-35).

Die taak van die kerk om die goeie nuus te versprei en deur die goeie nuus ’n kultuur te beïnvloed beteken nooit om ’n kultuur te skep wat as norm vir deelname dien nie. Eenvormigheid is nooit tot voordeel van die uniekheid van een persoon nie en dit breek die indiwiduele karakter van ’n persoon af. Ons weet dat in die geskiedenis en huidiglik daar reeds baie voorbeelde (Nazi’s, Apartheid, ISIS) van die gevaar van eenvormigheid is en dit kan nooit deur die kerk goedgepraat of gedryf word nie (Skreslet 2012:82-86). Die kultuur wat deur die goeie nuus gepropageer word is ’n kultuur van andersheid en respekvolle ruimteskepping vir die indiwidu om op sy/haar manier deel te neem aan die wese van die kerk. ’n Kultuur waarin almal die ruimte gebied word om God te beleef en te ervaar skep ’n ruimte waarin ons vir God op nuwe en ander maniere kan leer ken, dit vra ’n openheid en ontvanklikheid, maar verseker ook ’n aanpasbaarheid van ’n kultuur waarin dit nie voorheen altyd so verstaan of vertolk is nie (*Together Towards Life,* CWME 2013:36).

Die kerk is nooit in gevaar of in stryd met pluralistiese kulture nie. Pluralisme is ’n geskenk van die Gees en help ons om ons eie kultuur beter te vertsaan en dit verryk ons verstaan van die evangelie. Om op ’n opregte manier met die evangelie om te gaan beteken dus dat geen kultuur bo ’n ander is nie en dit moet eerlik deur ’n Christelike kultuur geleef en verwoord word. Hierdie is nie ’n enkele aksie nie, maar ons moet toelaat dat die Gees ons in die proses van onderskeiding lei en so ook onsself en ons kultuur vernuwe en verbeter soos die Gees dit aan ons bekend maak. Jesus roep ons tog nie om ons eie Koninkryk te bou of ons eie bevryding in onafhanklikheid te soek nie, Jesus maak aan ons ’n groter visie bekend en bemagtig ons deur die Heilige Gees om na die uithoeke van die aarde te gaan en om sy getuies te wees in elke konteks, van elke tyd en ruimte deur God se regverdigheid, geregtigheid, vryheid en vrede vir elke kultuur te leef en te verkondig (Hand 1:6,8; *Together Towards Life,* CWME 2013:36).

Gemeentes in die Oostelike Sinode is geseën met omstandighede wat hulle blootstel aan pluralisme in terme van mense en daarom is dit belangrik dat hulle die verskeidenheid en geleenthede om deel te neem moet omhels. Hierdie omstandighede dra by tot ’n beter verstaan van gemeentes se rol in die globale kerk en -uitdagings. In Hoofstuk 2 word dit duidelik dat gemeentes gemaklik is om finansiële ondersteuning te gee, hier is die uitdaging egter dat gemeentes bereid sal wees om gasvry, liefdevol en met openheid deel te neem aan probleme en uitdagings in hulle plaaslike gemeenskappe.

© University of Pretoria

AFDELING C

EMPIRIESE NAVORSING

HOOFSTUK 4

Kwantitatiewe empiriese navorsing

EMPIRIESE NAVORSINGS DATA (EVALUASIEVORM) ANALISE

Tydens die studie het dit duidelik geraak dat die data soos in Hoofstuk 2 vertolk van kardinale belang vir elke gemeente in die Oostelike SInode, maar ook vir die breër kerk is. Die navorsing in hoofstuk twee en die teoretiese besinning in hoofstuk drie bring ’n aantal belangrike aspekte van die missionêre en missionale kerk bymekaar uit. Die uitdaging is egter om elke gemeente te help om te verstaan waar hulle tans geposisioneer is en waarheen hulle oppad moet wees. Natuurlik word hierdie posisie geensins deur die navorser gemanupileer nie, maar sal die data en teoretiese besinning gemeentes help om ’n beter verstaan te kry van hulle huidige posisie en waarheen hulle oppad moet wees. Soos duidelik gemaak in die teoretiese besinning is daar nie ’n eindpunt wat die gemeente bereik nie, dit gaan oor ’n saam op reis wees met mekaar, ons omstandighede en natuurlik met God-drie-enig.

> “A church which pitches its tents without constantly looking out for new horizons, which does not continually strike camp, is being untrue to its calling... [We must] play down our longing for certainty, accept what is risky, and live improvisation and experiment” (Hirsch 2009:15).

Die kerk in die 21ste eeu word uitgedaag om oplettend te wees vir uitdagings en skuiwe wat in en om hulle plaasvind en daarom kan gemeentes dit nie bekostig om te stagneer nie. Die gevaar is dikwels dat die kerk nie relevant is in haar tyd en omstandighede nie. Die navorser poog om deur ’n evaluasievorm gemeentes te help om vrae te vra wat hulle kan help om op die tydstip relevant te wees tot haar roeping. Die vrae op die evaluasievorm is vanuit *Together Towards Life* (CWME 2013) en die R*aamwerkdokument vir die Missionale aard en Roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) opgestel en poog om gemeentes te help om hulle posisie in die saam-oppad-wees met God te identifiseer en om seker te maak dat die gemeente nie in die reis stagneer of stilstaan nie.

© University of Pretoria

Die vrae is eietyds en baie relevant en dit fokus op *Together Towards Life* (CWME 2013) en *die Raamwerkdokument* (Alg Sinode 2013, A.12.7). Hierdeer word nie gesê dat die dokumente die alfa en omega is en vir altyd sal wees nie, maar dit is dokumente wat ons vandag op ’n besonderse manier help om ons kerkwees te verstaan. Die evaluasievorm word deur gemeenteleiers bespreek en voltooi. Volgens Cordier (2014:2) is missionale leierskap die belangrikste aspek om missionale gemeentes te vestig en te laat floreer.

> “The key to the formation of missional communities is their leadership… Leadership is a critical gift, provided by the Spirit because, as the Scripture demonstrates, fundemental change in any body of people requires leaders capable of transforming its life and being transformed themselves” (Guder 1998:183).

Die fokus op leiers in die kerk is nie ’n nuwe fokus nie, dit kom al oor baie jare. Daar is tog ’n verskil op missionale leiers aangesien die leiers nie vanuit ’n magsposisie tot voordeel van hulself of die inherente kerk optree nie. Missionale leiers verstaan waaroor dit gaan om te doen wat die beste vir die gemeente, gemeenskap, wêreld en die koninkryk van God is. Dit vra van leiers om bereid te wees om te lees, luister en te leef (Meiring, Niemandt 2013:vii) op ’n manier wat voortdurend tot voordeel van die ander (CWME 2013:7) is. Missionale leierskap gaan oor in ’n lewegewende kultuur tot voordeel van almal.

Hierdie gedeelte van die studie is in drie gemeentes (NG Krugerwildtuin (Mikro), -Witbank Panorama (Familie) en -Lux Mundi (Makro)) in die Oostelike Sinode gedoen. Die gemeentes is uitgekies volgens:

- Aantal lidmate
- Geografiese ligging
- Gemeenskaplike uitdagings

Hier volg ’n kort oorsig (www.sinoos.co.za 01-06-2015) oor elk van die gemeentes wat aan die studie deelgeneem het:

© University of Pretoria

NG gemeente Krugerwildtuin

Stigtingsdatum: 1 April 1986

Ligging: Die gemeente is in die Nasionale Krugerwildtuin Skukuza, op die suidelike bank van die Sabierivier geleë

Doop Lidmate: 34

Belydende Lidmate: 80

Aantal leraars: 1

NG gemeente Witbank-Panorama

Stigtingsdatum: 16 Oktober 1982

Ligging: Die gemeente is sowat 100km van Pretoria op die N4 snelweg na die Ooste geleë. Die dorp se nuwe naam is Emahleni en is aan die Noordekant van die N4 snelweg.

Doop Lidmate: 286

Belydende Lidmate: 1126

Aantal leraars: 2

NG gemeente Lux Mundi

Stigtingsdatum: 1 April 1988

Ligging: Ooste van Pretoria

Doop Lidmate: 1169

Belydende Lidmate: 3272

Aantal leraars: 6

Predikante van die gemeentes het die onderstaande evaluasievorm (uitgestuur soos in addendum B) ingevul en terug aan die navorser gestuur met die nodige vrywaring om die inligting in die studie te gebruik.

Gevolgtrekkings wat op grond van die inligting gemaak word is gefokus om gemeentes te help om hulle eie situasie te evalueer en om dan vrae te vra oor hulle missionale verstaan. Dit help ook gemeentes om gereeld onderskeidingsprosse te ondergaan om te verseker dat hulle in voelling bly met hulle gemeenskap, die wêreld en waar God besig is.

GEES VAN SENDING: ASEM VAN LEWE

© University of Pretoria

Wat verstaan jy onder die term missionaal?

Hoe dikwels onderskei julle gemeente (leiers/kerkraad) oor plekke waar julle besig is om deel te neem aan wat God besig is om in die wêreld?

Is gemeentelede bewus van die gawes van die Gees en maak hulle dit deel van hulle lewensreis met ander?

GEES VAN BEVRYDING: SENDING OOR DIE GRENSE

Op 'n skaal van 1-5 (1beste en 5swakste) hoe lank terug was julle gemeente uitgedaag om gesprekke te voer en bewus te raak van die ekonomiese/politiese/sosiale uitdagings in julle nabye omgewing (dorp,stad,gebied)? motiveer.

Is julle gemeente se missionale wese na binne- of na buite gefokus?

GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG

Is julle gemeente bereid om aan te pas om sodoende die boodskap van nuwe lewe in God meer effektief te bring?

Watter nuwe inisiatiewe het die gemeente se gemeenteleiers van julle laaste byeenkoms (kerkraadsvergadering/beplanningsgeleentheid) tot en met hede aangepak en wat beplan julle volgende?

Is julle gemeente bewus van die raamwerkdokument (Alg Sinode 2013, A.12.7) van die NG Kerk?

Is Julle gemeente bewus van Together towards life (CWME 2013)*?*

Hoe word die dokumente aan die gemeentelede gekommunikeer?

Die navorser gee die terugvoer van die gemeentes onder die drie hooftemas:

4.1. GEES VAN SENDING: ASEM VAN LEWE

4.2. GEES VAN BEVRYDING: SENDING OOR DIE GRENSE

4.3. GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG

Soos genoem is die evaluasievorm opgestel om gemeenteleiers te help om te onderskei. Hier volg gevolgtrekkings vanuit die drie evaluasievorms wat deur gemeenteleiers voltooi

© University of Pretoria

en terug gestuur is. Onder elke vraag sal die navorser die gemeente se terugvoer gee (opgesom) en dan aan die einde van die afdeling kortliks evalueer en bespreek.

4.1. Terugvoer en opmerkings oor GEES VAN SENDING: ASEM VAN LEWE

4.1.1. Terugvoer van NG Krugerwildtuin:

Missionaal beteken vir my om deel te neem aan die *missio Dei*. Ons deelname kry uitdrukking in ons deelname aan God se deelwees in die skepping. Hiervoor is dit nodig dat ons gemeenteleiers dikwels (elke vergadering) onderskei wat God se wil vir ons gemeente en gemeenskap is. Gemeentelede is bewus van gawes van de Gees en deel dit in hulle lewensreis met ander.

4.1.2. Terugvoer van NG Witbank-Panorama:

Missionaal word verstaan as ’n voorturende proses van deelname on God se sending na die wêreld. Hoewel dit duidelik raak aan gemeentelede is dit ’n voortdurende proses. Die gemeenteleiers onderskei oor die gemeente se roeping by elke leierskapsontmoeting en gemeentelede is bewus van die gawes van die Gees en gebruik dit om gesamentlik te groei.

4.1.3. Terugvoer van NG Lux Mundi:

Die gemeente werk van 2004 af hard om missionaliteit as deel van hulle DNA te vestig. Missionaliteit beteken vir hulle om in totaliteit in gemeenskap deel te neem aan wat God reeds doen. Die gemeenteleiers onderskei kwartaaliks formeel oor hulle gemeente se posisie, maar daar word ook dikwels informeel onderskei. Hoewel gemeentelede bewus is van die gawes van die Gees is daar baie ruimte vir groei in terme van die toepassing daarvan.

4.1.4. Opmerkings van die navorser:

Daar het ’n duidelike skuif onder gemeenteleiers gekom om meer bewus te raak en deel te neem aan die *missio Dei*. Soos deur al die gemeenteleiers erken is die term bekend onder gemeentelede en word daar deur die gemeenteleiers baie tyd spandeer aan onderskeiding. Dit is baie positief, maar daar is altyd ruimte vir gemeentelede om deel te neem aan onderskeiding en dit is iets wat gemeenteleiers kan en moet druif.

© University of Pretoria

Gemeentelede is egter die kerk waar hulle elke dag rondbeweeg. Die feit dat gemeentelede bewus is van die gawes van die Gees is belangrik aangesien ons as indiwidue saam die liggaam vorm en elke lid sy/haar spesifieke gawes moet erken en dan moet gebruik tot voordeel van die koninkryk van God.

Dit is positief dat leiers moeite doen om te praat oor missionaliteit en soekend is na die kerk se missionale identiteit of soos deur NG Lux Mundi se leier gestel die DNA van die gemeente vorm. Hierdie vrae sal van baie waarde vir gemeentes wees waar missionale kerkwees nog nie ’n realiteit is nie en kan toonaangewend wees om gemeenteleiers en lede sodoende te bemagtig.

4.2. Terugvoer en opmerkings oor GEES VAN BEVRYDING: SENDING OOR DIE GRENSE

4.2.1. Terugvoer van NG Krugerwildtuin:

Hulle beleef sedert 2000 groot demografiese uitdagings en moes ’n besluit neem om daaraan deel te neem. ’n Sienbare verandering wat hulle gemaak het was om nuwe taal te gebruik om die gemeente ook meer ontvanklik vir mense wat nie voorheen deelgeneem het aan die kerk nie te maak. Hulle het hulle gemeente se naam van NGK na gemeenskapskerk verander.

Hulle gemeente is na buite gefokus:

- Betrokke by ’n gemeente in Mosambiek
- Reik maandelik uit na ander gemeenskappe
- Verlede jaar ’n kleuterskool gebou in ’n naburige gemeenskap waar hulle elke dag vir 45 kinders 3 etes voorsien en hulle betaal die salaris van drie onderwyser/esse
- Betrokke by die Pro-vitaklub met kinderkrans en Sondagskool vir die naby gemeenskap se kinders.

4.2.2. Terugvoer van NG Witbank-Panorama:

Hulle gemeente is geleë in ’n area waar armoede heers en die gemeente word uitgedaag om deel te neem en ’n verskil in die omstandighede te maak. Armoede is aan die hoof van

© University of Pretoria

die gemeente se agenda en word by elke vergadering bespreek. Hulle fokus is na buite en hulle steek kleur, kultuur en fisiese grense oor.

4.2.3. Terugvoer van NG Lux Mundi:

Hulle uitdagings is om 20-40 jariges te bereik, armoede in die omgewing te bekamp. Hulle fokus is na buite deur in die nabye gemeenskap op skole, organisasies, veiligheidsentrums, werkloosheid, haweloosheid en ander nood betrokke te wees. Dan bedien hulle ook op verskeie maniere in Mosambiek en Ohringstad omgewing.

4.2.4. Opmerkings van die navorser:

Dit is duidelik dat die gemeentes welbekend is met hulle omliggende omstandighede en uitdagings. Om grense oor te steek skrik hulle nie af nie en hulle is bereid om moeilike kwessies en uitdagings in hulle omliggende gebiede aan te spreek. Dit is baie positief dat die gemeentes in die eerste plek bereid is om omliggende omstandighede te verbeter, maar ook in die proses grense oor te steek wat dikwels uitdagend kan wees. Dit is ook goed om te sien dat die gemeentes regtig moeite doen om die uitdaging deel van hulle karakter te maak en dit nie te sien as ’n welsynsaak wat hulle probeer oplos nie. Hulle karakter spreek dus van ’n deelname aan God se besig wees in die wêreld.

4.3. Terugvoer en opmerkings oor GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG

4.3.1. Terugvoer van NG Krugerwildtuin:

Hulle is bereid om aan te pas om sodoende die boodskap van nuwe lewe in God meer effektief te bring. Hulle meeste energie word aan die nuwe kleuterskool spandeer en hulle is bewus van die uitdagings wat renosterstropery vir hulle gemeente en die gemeente wat hulle in Mosambiek ondersteun inhou. Hulle probeer om hierin ook so relevant as moontlik te wees. Hulle is nie bewus van die Raamwerkdokument (Alg Sinode 2013, A.12.7) van die NG Kerk of *Together Towards Life* (CWME 2013) nie, maar wil dit graag hê.

4.3.2. Terugvoer van NG Witbank-Panorama:

Dit is vir talle gemeentelede baie moeilik om aan te pas in die nuwe era en die nuwe uitdagings van kerkwees. Hoewel daar baie gemeentelede is wat alreeds skuiwe gemaak het is dit moeilik vir van die gemeentelede om te skuif. Hulle neem die uitdaging om 2015

© University of Pretoria

as jaar van dissipelskap aan te pak en verskillende temas van dissipelskap heers deur alle programme wat deur die gemeente aangepak word. Die eerste kwartaal se fokus is die missionale identiteit van die gemeente. Hoewel die gemeente bewus is van die inhoud van die Raamwerkdokument (Alg Sinode 2013, A.12.7) en *Together Towards Life* (CWME 2013) is die dokumente nie aan die gemeente beskikbaar gestel nie. Die gemeenteleiers voel dat gemeentelede nie graag na sulke lang dokumente kyk nie.

4.3.3. Terugvoer van NG Lux Mundi:

Hulle verstaan van aanpassing kry uitdrukking deur spesiale fokus op die verwelkoming van vreemdelinge. Hulle het ook ’n nuwe slagspreek: “Waar geloof lewe word”. Hulle werk ook tans daaraan om strukture te skep wat kan help met die bediening van 20-40 jariges. Die inhoud van die Raamwerkdokument (Alg Sinode 2013, A.12.7) en *Together Towards Life* (CWME 2013) word bespreek, maar is nog nie formeel aan gemeentelede gekommunikeer nie.

4.3.4. Opmerkings van die navorser:

Hoewel gemeentes bereid is om hulle vrese en uitdagings rondom áánpassing uit te spreek is dit duidelik dat daar ’n positiwiteit oor aanpassing by die gemeentes heers. Aanpassing in die tyd waarin ons leef is kernbelangrik en dit is goed om te sien dat gemeentes bereid is om ten opsigte van die omstandighede aan te pas, maar steeds getrou aan die skrif en God bly. Dit is goed om te sien dat daar beweging in die gemeentes is rakende uitdagings, die feit dat al drie gemeentes iets kon noem waaroor hulle opnuut dink dui aan dat hulle nie stagneer nie en dat hulle bereid is om kerk aan die beweeg te wees. Gemeentes, ringe, sinodes en selfs die Algemene Sinode sal kreatiewe maniere moet vind om *die Raamwerkdokument* (Alg Sinode 2013, A.12.7) en *Together Towards Life (CWME 2013)* aan gemeentelede te kommunikeer. Hierdie dokumente is baie ryk en help die kerk om haar posisie in die 21ste eeu as missionale kerk te verstaan.

4.4. Gevolgtrekking

Die navorser is beïndruk met die positiewe terugvoer wat in die empiriese navorsing tentoongestel word. Die drie gemeentes bevind hulself in uiteenlopende omstandighede. Die bewustheid van die omstandighede en uitdagings is wel bekend aan die gemeenteleiers en daarom word dit gesien as deel van die gemeente se lewe om ’n verskil op die gebiede te maak. Die positiwiteit en entoesiasme van die gemeenteleiers om deel

© University of Pretoria

te neem aan ’n missionale gemeente wat anders, nuut en eerlik oor die samelewing besin is aansteeklik. Die feit dat die gemeentegroottes verskil en hulle uit verskillende kontekste kom is ’n goeie aanduiding dat die NG Gemeentes in die Oostelike Sinode belangstel om deel te neem aan die missionale beweging.

Die fokus is dus baie sterk op vernuwing en aanpassing ten opsigte van relevansie en deelname aan ’n groter familie van Christene wat nie anders kan as om in hulle eie plaaslike omstandighede Christus sigbaar vir almal te maak nie. Die gevolgtrekking in al drie afdelings wat in die evaluasievorm bespreek word:

GEES VAN SENDING: ASEM VAN LEWE

GEES VAN BEVRYDING: SENDING OOR DIE GRENSE

GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG

is uiters positief. In bogenoemde analise word dit duidelik dat die tipe beweging wat huidiglik in gemeentes plaasvind in die toekoms vir ander gemeentes en denominasies sal dien as inspirasie om deel te raak van die missionale identiteit en wese.

Dit is belangrik dat gemeentes die energie sal gebruik en daarop bou om te verseker dat haar missionaliteit nie op ’n punt stilstaan en stagneer nie. Missionale leierskap is dus baie belangrik en die leiers help met die nodige inligting en ongemaklike vrae. Dit dien aan die einde as bron van relevansie en onderskeiding.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING

5.1. Inleiding

Die vermoede van die navorser was dat die wisselwerking tussen sendelinge en die gemeentes op ’n beter manier bestuur kan word. Die vermoede is ook dat daar deur beter kommunikasie en dialoog tussen gemeentes en tussen gemeentes en sendelinge wat deur hulle ondersteun word, beter maniere gevind kan word vir volhoubare ondersteuning deur gemeentes aan die sendelinge. Hoewel daar ’n groot te kort aan finansiële ondersteuning vir die sendelinge is, is die vraag nie net daarna nie, maar ook na persoonlike bystand, emosionele verryking en menswaardigheid van die gemeente se kant.

Die vraagstelling kan dus as volg verwoord word:

Hoe kan gemeentes in die Oostelike Sinode meer volhoubare ondersteuning vir sendelinge wat huidiglik deur hulle ondersteun word bied?

Die navorser het deur middel van Empiriese navorsing en ’n teoretiese besinning die navorsingsvraag aan die hand van die volgende aspekte bestudeer.

- In die Empiriese navorsing het die navorser gevolgtrekkings gemaak oor die vraelyste wat van die gemeentes terug ontvang is. Die data en die gevolgtrekkings kan in hoofstuk 2 gevind word, hoewel dit verder in hoofstuk 3 bespreek word.
- In die teoretiese besinning het die navorser die Raamwerkdokument (Alg Sinode 2013, A.12.7) in dialoog met *Together Towards Life* (CWME 2013) geplaas en besin oor die roeping en die wese van die missionale gemeente om sodoende te sien wat die agenda van die plaaslike gemeente op die oomblik is en wat dit veronderstel is om te wees.
- Laastens het die navorser ’n empiriese navorsing en ’n evaluasievorm vanuit die teoretiese besinning opgestel en aan drie gemeentes se gemeenteleiers voorgehou om te sien waar die gemeente haarself in terme van haar missionale identiteit posisioneer.

Wat die studie nuut, vars en relevant maak is die feit dat die inligting wat deur die navorser tentoongestel word vir die eerste keer beskikbaar is. Die navorsing maak interessante

© University of Pretoria

bewegings aangesien daar verskillende invalshoeke in die studie gebruik word. Die gebruik van verskillende invalshoeke verseker dat daar vanuit verskillende rigtings na ’n saak gekyk word en dit komplimenteer ook die gevolge wat getrek word. Die navorser bevind dus dat gevolge meer seggenskap het wanneer die verskillende invalshoeke met mekaar vergelyk en in dialoog met mekaar geplaas word. Die wyse van navorsing help om ’n geheelbeeld van die huidige situasie aangaande volhoubare ondersteuning van sendelinge deur NG Gemeentes in die Oostelike Sinode te skep.

> ***Hand 1:8*** *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld (ANV 1983).*

Die teks gedeelte is baie relevant ten opsigte van die studie aangesien daar in die studie dikwels verwys word na die oorsteek van grense. Hierdie grense wat die kerk uitgedaag word om oor te steek sluit in geografiese-, taal-. ras-, status-, mags-, kultuur-, geloof en talle ander grense. Net soos dit vir die dissipels seer sekerlik ook makliker was om sekere mense, rasse en tale te bedien is dit vandag steeds die geval in die Oostelike Sinode. Sekere grense is baie uitdagend om oor te steek, terwyl ander natuurlik oor gesteek word.



Skets 4 Gemeentes ervaar grense op verskillende vlakke in verskillende tye.

Vanuit hoofstuk 2 kan daar afgelei word dat sekere metodes van sending en ondersteuning van sendelinge beter in gemeentes se raamwerk inpas as ander. Grense is dikwels iets wat ’n gemeente kan inperk of na buite laat beweeg. Sommige gemeentes

© University of Pretoria

verkies dit om slegs sendelinge in die buiteland te ondersteun, terwyl ander dit verkies om slegs plaaslik ondersteuning te bied. Aan die hand van Handelinge 1:8 is dit belangrik vir gemeentes om te besef dat daar sekere grense is wat op spesifieke tye oorgesteek moet word en indien die gemeente dit nie regkry nie is sy ontrou aan haar roeping en uitleef van God se doel met haar.

In die teoretiese besinning het die navorser duidelik gevind dat gemeentes hulleself noukeurig aan *die Raamwerkdokument* (Alg Sinode 2013, A.12.7) en *Together Towards Life* (CWME 2013) moet meet om haar missionaliteit te bepaal. Hoewel die studie sterk klem lê op volhoubare ondersteuning van sendeling word die belangrikheid van gesonde gemeentes wat bewus is van plaaslike en globale uitdagings in die hoofstuk belangrik. Hierdie hoofstuk help gemeentes om ’n bepaling te maak van haar vermoë om volhoubare ondersteuning aan sendelinge ongeag hulle posisie te bied.

In skets 4 dui die navorser aan hoe grense voortdurend oorgesteek moet word. Hierdie grense se vlakke van oorsteek lê altyd vir verskillende gemeentes op verskillende plekke. Soos in hoofstuk 4 gesien is die uitdagings in gemeente grense verskillend en die uitdagings waarmee gemeentes uitgedaag word help hulle om ’n beter verstaan te kry oor die gevare, sensitiwiteit en positiwiteit wat dit vir hulle gemeente sal inhou om die grense oor te steek of nie. Hierdie uitdagings moet gemeentes inspireer om hulle eie grense oor te steek en so ook te help om ander gemeentes wat met dieselfde uitdagings wat hulle reeds oorkom het by te staan en te help.

Hierdie skets kan ook baie handig gebruik word om gemeentes en gemeenteleiers te help om hulle huidige posisie te bepaal en sodoende ook nuwe uitdagings in die gesig te staar rakende grense wat oorgesteek moet word. Die navorser wil gemeentes ten sterkste aanmoedig om deur die navorsing hulle huidige situasie te ondersoek en om so goed moontlik die konteks te ontleed en dan aan die hand van die *Raamwerkdokument* (Alg Sinode 2013, A.12.7) en *Together Towards Life* (CWME 2013) en die evaluasievorm te bepaal waarheen hulle gemeente oppad moet wees. Hierdie proses gaan gepaard met leiding van die Helige Gees, gebed en onderskeiding.

Die bevindinge van die studie word gemaak deur ondersoek in te stel op vorige litteratuurstudies en twee kwantitatiewe navorsings wat deur die navorser aangepak is.

In die doelstelling is beloof om aan die volgende kriteria te voldoen deur die loop van die studie:

© University of Pretoria

- Deur kwantitatiewe empiriese navorsing die huidige situasie van die Oostelike Sinode aangaande ondersteuning van sendelinge so duidelik en eenvoudig moontlik te verwoord.
- Metodes van kreatiewe kommunikasie te ondersoek en dit te gebruik om die inligting wat in die studie vervat word aan gemeentes oor te dra.
- Om moontlikhede te ondersoek vir beter, volhoubare netwerke tussen gemeentes van die Oostelike Sinode om op die wyse te verseker dat daar nie paralelle ondersteuning aan sendelinge gebied word nie, maar dat dit eerder dan gesamentlik bestuur kan word.
- Om gemeentes te inspireer om hulle prioriteite te hersien en te evalueer om beter ondersteuning aan sendelinge te bied.
- Daar word ook gepoog om deur ’n noukeurige dialogies teoretiese studie met *Together towards life* (CWME 2013) en *Die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) as riglyn te kyk na die belangrikheid van die sendingverstaan van die Oostelike Sinode as deel van die Algemene Sinode en die globale kerk.
- Laastens poog die navorser om deur verdere kwantitatiewe navorsing, vrae (in die vorm van ’n evaluasievorm) wat vanuit die teoretiese besinning ontstaan het aan gemeenteleiers in gemeentes van die Oostelike Sinode te stel en sodoende ’n gevolgtrekking te maak oor die missionaliteit van die gemeente en die meetbaarheid daarvan.

Positiewe en negatiewe bevindings word nou aan die hand van bogenoemde punte gemaak.

5.2. Positiewe bevindings

88% van al die vraelyste wat uitgestuur is, is voltooi en terug ontvang. Hierdie is ’n besonderse statistiek en spreek boekdele oor die sinode se bereidwilligheid om verdere studies oor hulle deelname aan sending te ondersteun. Die statistiek spreek ook ’n baie positiewe beeld van die gesindheid van die sinode.

Nog ’n baie positiewe bevinding is die feit dat uit die 75 gemeentes wat vraelyste voltooi en teruggestuur het is daar 512 (soos gesien op tabel ondersteuningspunte. Dit is ’n

© University of Pretoria

aanduiding dat gemeentes in die Oostelike sinode hulle roeping om sendelinge te ondersteun baie ernstig opneem.

Plek	**Aantal ondersteuningspunte**	**Persentasie van die aantal ondersteuning gebied**
Oostelike Sinode	150	29%
Buite OS	168	33%
Afrika	71	14%
Res van die wêreld	123	24%

Tabel 2 Ondersteuning deur die Oostelike Sinode

Die fokus van die gemeentes se ondersteuning is hoofsaaklik op finansiële ondersteuning (36%), Persoonlike bystand (31%) en fisiese ondersteuning (22%) dit staan goed in verband met die behoeftes van die sendelinge. Die sendelinge se behoeftes daarteenoor is finansiële ondersteuning (31%), Persoonlike bystand (40%) en fisiese ondersteuning (20%). Dit dui daarop dat gemeentes in die Oostelike Sinode luister en bewus is van die behoeftes van die sendelinge en hulle daarvolgens ondersteun. Dit is positief om te bevind dat gemeentes met sendelinge kommunikeer. Indien 'n mens krities is sou die gevolgtrekking gemaak kan word dat daar meer aandag aan fisiese ondersteuning gegee moet word.



Grafiek 5 Samevattende beeld van die behoeftes waarin gemeentes van die Oostelike Sinode voorsien.

In hoofstuk 3 word daar gefokus op die gemeente se reis en roeping om missionale gemeentes te wees wat meesters van hul omstandighede is en wat in nabye verhouding saam met God opweg is. Hierdie hoofstuk breek die teorie van missionale kerkverstaan oop deur die *Raamwerkdokument van die NG Kerk* (Alg Sinode 2013, A.12.7) in dialoog te plaas met *Together Towards Life* (CWME 2013). Die hoof temas van *Together Towards Life* (CWME 2013) word gebruik om 'n gemaklike en eenvoudige ruggraat te vorm wat gemeentes sal help om soekend te wees na God in elke omstandigheid en geleentheid.

© University of Pretoria

Daar word pogings deur gemeenteleiers en gemeentelede aanvaar om nuwe kreatiewe taal in die kerk te gebruik. Dit is baie positief aangesien dit die kerk help om haarself beter uit te druk in ’n wêreld waar ’n ou taal as onvertsaanbaar en negatief beleef word.

Die terugvoer op die evaluasievorm wat ontvang en bespreek is in hoofstuk 4 is baie positief. Hoewel hier baie positiewe gevolge gemaak kan word rakende die terugvoer was dit positief om te sien dat gemeeteleiers bereid is om tekortkominge en foute te erken. Dit dui daarop dat evaluasievorm gemeenteleiers kan help om terug te kyk en die pad vorentoe te soek. Die terugvoer dui ook daarop dat gemeenteleiers bewus is van hulle onmiddelike uitdagings en bereid is om deel te neem aan soeke vir antwoorde wat tot voordeel van almal is.

5.3. Negatiewe bevindings

Vanuit die navorsing kan daar baie kritiese bevindinge gemaak word waaraan daar verseker aandag gegee moet word. Dit is problematies dat daar so ’n groot aantal sendelinge in die buiteland ondersteun word terwyl ons met groot uitdagings en probleme in Afrika worstel. Die vraag kan gevra word of ons nie bewus is van die probleme nie en of dit dalk gemakliker is om oor ons eie probleme te kyk. Die navorser nuig na die opinie dat dit dikwels meer romanties is om sendelinge in ver eksotiese lande te ondersteun waarheen dit maklik is om ’n bedrag te stuur en dalk eenmaal per jaar te reis as wat dit is om in ons eie plaaslike omstandighede in informele nedersettings in die arm en besoedelde plekke ’n verskil te maak. Hierdie is ’n hartseer waarheid en moet verseker deur die sinode ontgin en bevraagteken word.

Plek	**Aantal ondersteuningspunte**	**Persentasie van die aantal ondersteuning gebied**
Oostelike Sinode	150	29%
Buite OS	168	33%
Afrika	71	14%
Res van die wêreld	123	24%

Tabel 2 Ondersteuning deur die Oostelike Sinode

Dit is ook duidelik dat daar paralelle ondersteuning aan sendelinge gegee word. Dit kan gesien word in tabel 3 en 4. Hierdie paralelle ondersteuning veroorsaak dat sommige sendelinge voldoende (sommige gevalle meer as voldoende) ondersteuning kry terwyl ander baie swaarkry (sluit alle vorme van ondersteuning in). Hierdie punt dui dat daar nie

© University of Pretoria

genoegsame netwerke tussen gemeentes bestaan nie. Die lys soos in tabel 3 gevind is reeds voldoende om gemeentes te help om te sien waar hulle tans parallel sendelinge ondersteun.

Vanuit hoofstuk 4 word dit duidelik dat gemeentes skrikkerig en onseker is oor die betekenis van missionale kerkwees. Uitdagings om nuut en kreatief te dink word eerder gesien as ’n skok as iets wat gemeentes opgewonde maak. Hoewel die tyd waarin ons leef ons uitdaag om hierdie grense en uitdagings met entoesiasme aan te gryp is dit te verstaande dat dit tyd sal neem en baie studie voorda gemeentes gemaklik gaan wees met dit.

In die inleidende paragraaf van die hoofstuk dui die navorser dat hy die vermoede het dat die wisselwerking tussen sendelinge en die gemeentes op ’n beter manier bestuur kan word. Die vermoede is ook dat daar deur beter kommunikasie en dialoog tussen gemeentes en tussen gemeentes en sendelinge wat deur hulle ondersteun word, beter maniere gevind kan word vir volhoubare ondersteuning deur gemeentes aan die sendelinge.

Ongelukkig dui die empiriese navorsing dat die vermoede van die navorser reg is. Gemeentes en sendelinge sal beter pogings aan moet wend om wedersydse kommunikasie te verbeter. Gemeentes sal dus by mekaar moet leer oor metodes wat goed werk en wat glad nie werk nie en sodoende ook met sendelinge moet kommunikeer. Hierdie is ’n ingewikkelde, maar ’n krities belangrike aspek van ondersteuning. Die ekonomiese uitdagings van ons tyd vra van elke gemeente om baie seker te maak dat ons nie onnodig ons God gegewe kapitaal sal mors of op plekke sal spandeer waar dit nie die nodigste is nie. Op grond hiervan is daar nog baie werk wat in gemeentes gedoen moet word. Hoewel hierdie punt negatief is moet dit as uitdaging gesien word wat met kreatiwiteit en opgewondenheid aangepak kan en moet word aangesien daar talle maniere is om met tegnologie ens. te verseker dat die ondersteuning en kommunikasie suiwer en tot voordeel van beide partye is.

’n Laaste negatiewe opmerking is dat gemeentes nie metodes het om die *Raamwerk dokument* (2013, Handleiding vir die Algemene Sinode A.12.7) en *Together Towards Life* (CWME 2013) aan gemeentelede te kommunikeer nie. Dit dui op ’n te gebrek aan kreatiwiteit. Hierdie dokumente is kern belangrik en indien dit reg gekommunikeer word sal gemeentes baie daarby baat.

© University of Pretoria

5.4. Aanbevelings vir verdere studie

Aangesien die studie baie belangrik vir gemeentes en vir die sendelinge is, is dit baie belangrik dat die studie voortgesit sal word en nie hier sal stop nie. Vir verdere studie kan daar op die volgende punte gefokus word:

- Daar kan meer uitgebreide gevolgtrekkings op die resultate en die praktiese gevolge van dit gemaak word.
- Die studie kan uitgebrei word na al tien die sinodes en selfs fokus op ander denominasies.
- Daar kan meer fokus gelê word op die stem van die sendelinge.
- Daar kan gekyk word na die missionale teenoor die missionêre verstaan van kerkwees.
- Die studie kan voortgesit word om kreatiewe idees te vind om sendelinge volhoubaar te ondersteun.

5.5. Samevatting

Uit die voorafgaande studie blyk dit dat deeglike beplanning, goeie kommunikasie en netwerke tussen die plaaslike gemeentes en sendelinge kan lei tot beter volhoubare ondersteuning van sendelinge en sending organisasies. Die NG Gemeentes in die Oostelike Sinode staar dus die uitdaging in die oë om deeglike self ondersoek in te stel en te bepaal hoe elke gemeente haar huidige agenda moet verander. Hierdie verandering moet gepaard gaan met voortdurende onderskeiding en die voordeel van almal (ander en self) tot gevolg hê. Dit vra nuwe innoverende, kreatiewe en vars denke, nuwe taalgebruik en oop en ontvanklike ore en harte. Dit is nie die vereiste vir predikante of gemeenteleiers nie, maar dit vra dat ’n totale nuwe kultuur oor die gemeente sal heers. Hierdie nuwe kultuur moet oorgaan in dade wat mense buite die gemeente aanroer om anders na die gemeente te kyk en te luister, gemeentes wat dit kan regkry is relevant en neem die studie ter harte. Dit vrywaar nie gemeentes om foute te maak nie, maar lei hulle om foute te vier en daaruit te leer. Die navorsing word afgesluit met ’n gedeelte uit die Raamwerkdokument oor die missionale aard en die roeping van die NG Kerk (Alg Sinode 2013, A.12.7).

> *Gemeentes is vanuit hul aard en wese missionaal. ’n Missionale gemeente is ’n gemeente wat op die wêreld gerig is en wat deur haar deelname aan God se sending gevorm word. ’n Missionale gemeente word geroep om verhoudings in ’n*

© University of Pretoria

gebroke wêreld te herstel en volgens God se plan vir sy skepping leef. 'n Missionale gemeente is deurdenk met God se sending. Dit bepaal alles wat die gemeente doen - van eredienste tot opleiding, van uitreike tot gemeentelewe, van geestelike dissiplines tot praktiese dienslewering - want die gestuurdheid is sigbaar en groei in 'n verkeidenheid van gebeure en prosesse: waar verhoudings gebou word, waar grense oorgesteek word om lewe te bring, waar die integriteit van God se skepping beskerm word, en waar die Bybel gelees en gebid word (Alg Sinode 2013, A. 12.7*:207).*

© University of Pretoria

ADDENDUM A

Oostelike Sinode

KORT VRAELYS

PROJEK : KOM ONS ONDERSTEUN ONS SENDELINGE

Tema: "Impakteer jou wêreld"

Hoe lyk die wêreld waarin ons leef? Hoe kan ons gemeentes en ons sendelinge

'n wesenlike impak op die wêreld waarheen Christus ons gestuur het maak?

GEMEENTE: ……..

Kontakpersoon:

Naam: ……..

Tel No: ……

E-pos: ……

1. ***Waar is julle gemeente oral betrokke?***
2. ***Wie is die sendeling(e)?***
3. ***Met watter werk is hulle hoofsaaklik besig (evangelisasie, onderwys, medies, ens)?***
4. ***Wat is die sendeling(e) se vernaamste behoeftes?***
5. ***Op watter maniere ondersteun julle die sendelinge se projekte?***

Baie dankie!

Projekspan: Prof Piet Meiring, di Johan Koen, Willem Badenhorst en dr Arno Meiring

Stuur voltooide vorm voor **8 Augustus** 2012 aan Corrie getuie@sinoos.co.za of faks 012 804 9462.

© University of Pretoria

ADDENDUM B

Oostelike Sinode

KORT EVALUASIEVORM

PROJEK : MISSIONALE OF MISSIONÊRE GEMEENTES?

Tema: "Impakteer jou wêreld"

Hoe help die Raamwerkdokument van die Algemene Sinode (Alg Sinode 2013, A.12.7) en Together Towards Life (CWME 2013) ons gemeentes om 'n paradigmaskuif in terme van ons missionaliteit te ondergaan en sodoende 'n wesenlike impak op die wêreld waarheen Christus ons gestuur het te maak?

GEMEENTE: ……..

Kontakpersoon:

Naam: ……..

Tel No: ……

E-pos: ……

GEES VAN SENDING: ASEM VAN LEWE

Wat verstaan jy onder die term missionaal?

Hoe dikwels onderskei julle gemeente (leiers/kerkraad) oor plekke waar julle besig is om deel te neem aan wat God besig is om in die wêreld?

Is gemeentelede bewus van die gawes van die Gees en maak hulle dit deel van hulle lewensreis met ander?

GEES VAN BEVRYDING: SENDING OOR DIE GRENSE

© University of Pretoria

Op 'n skaal van 1-5 (1beste en 5swakste) hoe lank terug was julle gemeente uitgedaag om gesprekke te voer en bewus te raak van die ekonomiese/politiese/sosiale uitdagings in julle nabye omgewing (dorp,stad,gebied)? motiveer.

Is julle gemeente se missionale wese na binne- of na buite gefokus?

GEES VAN DIE GEMEENSKAP: KERK AAN DIE BEWEEG

I*s julle gemeente bereid om aan te pas om sodoende die boodskap van nuwe lewe in God meer effektief te bring?*

Watter nuwe inisiatiewe het die gemeente se gemeenteleiers van julle laaste byeenkoms (kerkraadsvergadering/beplanningsgeleentheid) tot en met hede aangepak en wat beplan julle volgende?

Is julle gemeente bewus van die raamwerkdokument van die NG Kerk (Alg Sinode 2013, A.12.7)?

Is Julle gemeente bewus van Together towards life (CWME 2013)?

Hoe word die dokumente aan die gemeentelede gekommunikeer?

Baie dankie!

Projekspan: Prof Piet Meiring, di Johan Koen, Willem Badenhorst en dr Arno Meiring

Stuur voltooide vorm voor 8 Augustus 2012 aan Corrie getuie@sinoos.co.za of faks 012 804 9462.

© University of Pretoria

ADDENDUM C

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Inwilliging om deel te neem

Fakulteit Teologie
Departement Godsdiens- en sendingwetenskap
Universiteit van Pretoria
Privaatsak X20
Hatfield
0028

INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN VOORGESTELDE NAVORSING (MTh):

Titel: 'N MISSIOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE ONDERSTEUNING VAN SENDELINGE DEUR DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTES IN DIE OOSTELIKE SINODE.

Doel: Die doel van hierdie studie is om te kyk na die ondersteuning van sendelinge deur die Ned. Geref. Kerk. In die Oostelike sinode. Hierdie empiriese komponent van die studie poog om verband/e (indien enige) tussen die literatuur en die praktyk aan te dui deur die moontlike kontraste, oorvleueling en verskille in denkraamwerk uit te lig.

Prosedures: Indien u inwillig om aan die studie deel te neem vra ek u om asb die volgende te doen:

- Al die vrae in die evaluasievorm so eerlik moontlik na u kennis te voltooi.

Risiko's: Geen risiko's vir vrywillge deelnemers word voorsien nie.

Voordele: Geen persoonlike voordele vir vrywillige deelnemers word voorsien nie. Navorsingsresultate sal vir die deelnemers van belang wees ten opsigte van hulle eie vorming as missionale leiers.

Regte: Deelname aan die ondersoek is vrywillig. Deelnemers mag te enige tyd sonder benadeling uit die studie onttrek. Reg van toegang tot die navorser word verseker.

Vertroulikheid: Alle inligting word as vertroulik beskou en anonimiteit word deur die navorser verseker. Die navorser onderneem om data te vernietig indien 'n deelnemer hom/haar aan die studie onttrek. Data sal deur die navorser verwerk en beveilig word.

Ek, _____, verklaar dat ek ten volle deur die navorser ingelig is en stem toe tot vrywillige deelname aan bogenoemde navorsing sonder benadeling van regte.

_____ _____

DEELNEMER NAVORSER

Geteken te _____ op hierdie _____de dag van _____2014/15

© University of Pretoria

ADDENDUM D

Vraelyste en evaluasievorms soos deur gemeentes voltooi.

© University of Pretoria

BIBLIOGRAFIE

Aagaard, A & Bouteneff 2001. *Beyond the East-West divide.* Geneva: CWME Publications

Alexander, J A 1963. *A Commentary on the Acts of the Apostles.* London: The Banner of Truth Trust

Barth, K 1962. *Evangelical Theology, An Introduction.* Edinburgh: T&T Clark LTD

Bavinck, J H 1960. *An Introduction to the Science of Missions.* USA: The Presbyterian and Reformed Publishing House

Beaudoin, T M 2001. *After Purity: Contesting Theocapitalism:* Princeton Theological Seminary

Beaver, R P 1961. *Eschatology in American Missions, in Basileia (Walter Freitag zum 60. Geburtstag).* Stuttgart: Evang. Misisonsverlag, pp60-75

Beaver, R P 1968. *The Missionary Between The Times.* New York: Doubleday & Company, INC

Bell, R 2005. *Velvet Elvis.* Grand Rapids Michigan: Zondervan

Bevans, S B & Schroeder R P 2004. *Constants in Context, A Theology of Mission for Today.* New York, USA: Orbis Books, Maryknoll

Blauw, J 1974. *The Missionary Nature of the Church.* Guildford, England: Lutterworth Press

Blackaby, Henry & Melvin 2009. *Experiencing the spirit, The power of pentecost every day.* USA: Multnomah Books

Bosch, D J & Jansen G 1968. *Sending in meervoud.* Transvaal: NG kerkboekhandel

Bosch, D J *1979. Heil vir die Wêreld,* Transvaal: NG kerkboekhandel

Bosch, D J 1991. *Transforming Missions, Paradigm shifts in Theology of Mission.* Maryknoll, New York: Orbis Books

Botha, E M 1971. *Sosio-Kulturele metavrae,* Amsterdam: Buijten en Schipperheijn

© University of Pretoria

Boulton, M M 2011. *Life in God, John Calvin, Practical Formation, and the Future of the Protestant Theology.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans Publishing Company

Burger, C 1995. *Gemeentes in Transito, Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd,* Wellington: Lux Verbi. BM

Bush, L & Pegues, B 1999. *The move of the Holy Spirit in the 10/40 Window.* Seatle: Ywam Publishing

Bridston, K 1965. *Mission, Myth and reality.* New York: Friendship Press

Caputo, J D 2007. *What would Jesus deconstruct?* Grand Rapids Michigan: Baker Academic

Carvalhaes, C 2007. *Speak louder please, I can't hear you: Voices, spiritualities and minorities.* Geneva: Reformed World Volume 57 (1)

Conradie, E 2009. *Uitverkoop? In Gesprek oor die verbruikerskultuur.* Wellington: Lux Verbi. BM

Cordier, G S & Niemandt, C J P 2014. *Journey towards Missional Leadership,* Journal for Missional practice, Issue 5 Fall 2014

Christian World Mission and Evangelism, 2013. *Together Towards Life*, WCC publications, Geneva

Creswell, J W 2008. *Research Designs, Qualitative, Quantitative and Mixed Methods Approaches,* Third edition. USA: SAGE Publication Inc.

Davies, W D 1966. *Worship and Mission.* London: SCM Press

De Gruchy, J W 2004. *The Church Struggle in South Africa, 25th Anniversary Edition.* London: SCM Press

De Gruchy, J W 1995. *Christianity and Democracy.* Cape Town: David Phillips

De Villiers, J L 1977. *Die Handelinge van die Apostels.* Kaapstad: NG Kerkboekhandel

Dickson, J 2010. *The Best Kept Secret of Christian Mission, Promoting the Gospel with More than Our Lips.* USA: Zondervan

© University of Pretoria

Duberley, J & Johnson, P 2000. *Understanding Management Research, an Introduction to Epistemology.* USA: Sage Publications Inc.

Frazier, W M M 1987. *Where Mission Begins: A Foundational Probe.* Maryknoll Formation Journal (Summer)

Gassmann, G 1986. *The Church as Sacrament, Sign and instrument: The reception of this Ecclesiological Understanding in Ecumenical Debate, in Limouris, pp 1-17.*

Gerdener, G B A 1958. *Recent Developments in the South African Mission Field.* Kaapstad: NG Kerkboekhandel

Gibbs, E & Bolger, R K 2005. *Emerging Churches, Creating christian community in the postmodern cultures.* Grand Rapids Michigan: Baker Academic

Gibbs, E 2005. *Leadership next, Changing leaders in a changing culture.* Downers Grove Illnois: InterVarsity Press

Global Theological Consultation on Communion and Justice 4-9 March 2010 Cartigny, Switserland, A message to the members of the World Communion of Reformed Churches http://www.wcrc.ch/sites/default/files/Cartigny%20Global%20Theological%20Statement.pdf

Guder, D L 1998. *Missional Church: A vision for the Sending of the Church in North America.* Graand Rapids, Michigan: Eerdmans

Hancke, F 2006. *Ons is die Plan,* die gemeente met ’n verskil maak ’n verskil… Kimberley: Swift Print

Hancke, F 2007. *We are the Plan, church making a difference.* Kimberley: Swift Print

Heitink, G 2007. *Een kerk met karakter, Tijd voor heroriëntasie.* Kampen: uitgeverij Kok

Hirsch, A 2006. *The forgotten ways, Reactivating the missional church.* Grand Rapids Michigan: Brazos Press

Hoekendijk, J C 1967. *Kirche und volk in der deutschen Missionwissenschaft.* Munich: Chr. Kaiser Verlag

Huber, W 1998. *Kirche in der Zeitenwende, Gesellschaftlicher Wandel und Erneuerung der Kirche.* Güttersloher Verlagshaus

© University of Pretoria

Immink, F G 2009. *God in 'n kantelende wêreld.* Pretoria: Protea Boekhuis

Jonker, W., 2008, *Die Relevansie van die Kerk,* Bybel-Media

Johnson, P & Duberly J 2000. *Understanding Management Research, an Introduction to Epistemology.* India: Sage Publication

Kane, J H 1979. *A Global view on Christian Mission, from Pentecost to Present.* Grand Rapids Michigan: Baker Book House

Kähler, M 1971. *Schriften zur Christologie und Mission.* Munich: Chr. Kaiser Verlag.

Kairos theologians, 1986. *The Kairos Document.* Grand Rapids Michigan

Kärkkäinen, V M 2002. *An Introduction to Ecclesiology.* Downers Grové: IVP

Kim, K 2009. *Joining in with te Spirit.* London: SCM Press

Kinghorn, J 1986. *Die NG Kerk en Apartheid.* Suid-Afrika: Macmillan Uitgewers

Köstenberger, A J & O'Brien, PT 2001. *Salvation to the Ends of the Earth, a biblical theology of mission,* Apollos. Downers Grove Illinois: Inter Varsity Press

Kotze, J C G 1951. *The Divine Charge to the Christian in the Church.* Cape Town: Citadel Press

Kritzinger, J J 1979. *'n Missionêre Bediening, op weg na strukture vir 'n jong kerk:* Transvaal, Pretoria: NG Kerkboekhandel

Kritzinger, J J, Meiring, P G J & Saayman, W A 1994. *On Being Witnesses.* Johannesburg: Orion

Kritzinger, J J, Meiring, & P G J & Saayman, W A 1984. *You will be my Witnesses.* Transvaal, Pretoria: NG Kerkboekhandel

Limouris, G 1986. *Church-Kingdom-World: The church as mystery and prophetic sign.* Geneva: World council of Churches (Faith and Order Paper No. 130).

Louw, D J 2008. *Cura Vitae. Illness and the healing of life in Pastoral Care and Counselling. A Guide for Caregivers.* Wellington: Lux Verbi. BM

McBurney, D H & White, T L 2010. *Research Methods, eight edition.* USA: Wadsworth

© University of Pretoria

McLaren, B 2010. *A New Kind of Christianity, The questions that are transforming a faith.* USA: Harper One

McLaren, B 2007. *Everything must change, Jesus, Global crises, and a Revolution of Hope.* USA: Thomas Nelson Books

McLaren, B 2000. *The Church on the other side, Doing ministry in the Post Modern Matrix.* Grand Rapids Michigan: Zondervan

McLaren, B 2006. *The Secret Message of Jesus, Uncovering The Truth That Could Change Everything.* Nashville Tennessee: Thomas Nelson

Meiring, P G J & Niemandt, C J P 2013. *Gestuur, Kerk-wees tussen gister en môre.* Wellington: Bybelkor

Meiring, P G J 1977. *Kronieke van 'n Kerk.* Pretoria: PMP

Meiring, P G J 1996. *Suid-Afrika, land van baie Godsdienste.* Pretoria: Kagiso Uitgewers

Meiring, P G J 1995. *Word Christus uitverkoop, Christendom en ander godsdienste.* Wellington: Bybelkor

Moltmann, J 1975. *The Experiment Hope.* Londen: SCM Press

Mouton, J 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers

Nederduitse Gereformeerde Kerk. Algemene Sinode 2011. Boksburg

Nederduitese Gereformeerde Kerk. Algemene Sinode 2013. Port Elizabeth

Nederduitse Gereformeerde Kerk. Oos-Transvaal 2007 Bediening vir Getuienis. *Gesig na die Wêreld.* Pretoria

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. 1986 *Belhar Belydenis*

Newbigin, L. & Hunsberger, 1998. *Bearing the Witness of the spirit.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans Publishing Company

Newbigin, L 1982. *Cross currents in Ecumenical and Evangelical Understandings of Mission, International Bulletin of Missionary Research vol 6,* pp146-151.

© University of Pretoria

Newbigin, L 1987. *Foolishness of the Greeks, The Gospel and Western Culture.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans Publishing Company

Niemandt, C J P 2014. *Artisanal cheeses or artisanal Jesus – loving your postal code enough to reflect it in the life and theology of the church.* Missionalia 42:1-2 http://dx.doi.org/10.7832/42-1-2-45

Niemandt, C J P 2012. *Missionale leierskap- in trialoog*, Intreerede van Professor CJP (Nelus) Niemandt as hoof van die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap. Pretoria

Niemandt, C J P 2007. *Nuwe drome, vir nuwe werklikhede,* Wellington: Lux Verbi. BM

Niemandt, C J P 2013. *Nuwe leiers, vir nuwe werklihede.* Wellington: Christelike uitgewers

Oh, K H 2008. *Korean missionaries in Southern Africa: a discussion and evaluation of Korean missionary activity in Southern Africa*, 1980-2006.PhD thesis, University of Pretoria in South Africa

Paggit, D & Jones, T 2007. *An Emergent Manifesto of Hope,* Grand Rapids Michigan: Baker Books

Pelham, P D & Widmer, E 2004. *Crossing Frontiers, Culture, Language & Bilingualism.* Deerfield Academy Press

Pretorius, H L & Robinson, P J 1987. *Reflecting on Mission in the African Context.* Bloemfontein: Pro Christo Publications

Russel, W B 1988. *An alternative suggestion for the Purpose of Romans,* Bibliotheca Sacra vol 145, pp174-184

Schütz, P 1930. *Zwischen Nil und Kaukasus*. Munich: Chr. Kaiser Verlag

Smit, D *What it means to live in South Africa and to be Reformed,* Geneva: Reformed World

http://www.globalinstituteoftheology.org/files/Reading-DV2.pdf

© University of Pretoria

Stackhouse, M 1988. *Apologia: Contextualization, Globalization and Mission in Theological Education.* Grand Rapids: Eerdmans

Street, T W 1965. *On the growing edge of the church.* Richmond, Virginia: John Knox Press

Sweet, L 2010. *Nudge, Awakening each other to the God who's already there.* USA: David Cook

Sweet, L 2009. *So beautiful, Divine Design for Life and the Church.* USA: David Cook

Sweet, L 2012. *Viral.* USA: Waterbrook Press

Tennent, T C 2007. *Theology in the Context of World Christianity.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan

Van der Spuy, D 2010. *Leierskap sonder Grense.* Pretoria: Struik Christelike Boeke

Van der Watt, P B 1977. *Gemeentes en nogmaals gemeentes,* Transvaal, Pretoria: NG Kerkboekhandel

Van Gelder, C 2008. *The Missional Church & Denominations, Helping Congregations Develop a Missional Identity.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans Publishing Company

Van Niekerk, A 2014. *The Missional congregation in the South African context.* Pretoria: University of Pretoria

Vischer, L 1963. *A Documentary History of the Faith and Order Movement.* St Louis: Bethany

Visser, D 2012. *We must obey God rather than any human authority (Acts 5.29)*

http://www.globalinstituteoftheology.org/files/Reading-DV4.pdf

World Council of Churches, 2013. *The "Other" is My Neighbour, Developing an Ecumenical Response to Migration.* Geneva: WCC publications

Webster, D 1962. *The local church and world mission.* London: SCM Press

Weinrich, M 2012. *Reformed Identity: Some Approaches*, Reformed World, http://www.globalinstituteoftheology.org/files/Reading-DV5.pdf

Wêreld Aliansie vir Gereformeerde Kerke. 2004. *Accra Belydenis*: Accra.

© University of Pretoria

Wilson, D., 2010, *Furious Love*, Wanderlust Productions

Wickeri, P L 2004. *Mission from the Margins.* USA: Presbyterian Church

Wielenga, G 1899. *De Handelingen der Apostelen uitgelegd door Johannes Calvijn.* Kampen

Willig C 2013. *Introducing qualitative research in psychology,* Third edition. England: Open University Press

Yancey, P 1995. *Finding God in unexpected places.* London: Hodder & Stoughton

Internet bronne:

http://discipleallnations.wordpress.com/2013/08/25/the-top-20-countries-where-christianity-is-growing-the-fastest/

http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/NAVORSINGSVERSLAG-ARMOEDE.pdf

https://www.pcusa.org/site_media/media/uploads/theologyandworship/pdfs/18missionfromthemargins.pdf

www.sinoos.co.za

© University of Pretoria